

D I E „A R M - B L A N K E" V E R S K Y N S E L  
I N D I E S U I D - A F R I K A A N S E -  
R E P U B L I E K  
T U S S E N D I E J A R E 1 8 8 2 E N 1 8 9 9.

-----oOo-----

'N SOSIAAL-HISTORIESE STUDIE.

-----oOo-----

deur

Adriaan Nicolaas Petrus Pelzer,

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die  
vereistes vir die graad van

Magister Artium in Geskiedenis  
in die Fakulteit van Lettere  
Universiteit van Pretoria  
PRETORIA  
1937.

Hiermee verklaar ek dat hierdie verhandeling  
my eie werk is

*A. N. Pelzer.*

# I N H O U D S O P G A W E

-----oOoee---

	<u>BLS.</u>
BRONNE EN BRONNE VERKLARING	... 1
HOOFSTUK I : Inleiding	... 2
HOOFSTUK II : Die Omvang van Armoede in die Suid-Afrikaanse- Republiek	... 19
HOOFSTUK III : Die Oorsake van die Armoede	... 59
HOOFSTUK IV : Die Bestryding van die Armoede	... 72
HOOFSTUK V : Samevatting	... 110
BYLAES : Indeling	... 121
Lys van Geraadpleegde Werk	... 132

-----oOo-----

## BRONNE EN BRONNEVERKLARING

In die ondersoek na die studie is hoofsaaklik van twee soorte bronne gebruik gemaak:

(a) Gepubliseerde bronne. (i) Verskillende werke wat handel oor die periode en waarin terloops melding gemaak word van sake wat in verband gebring kan word met die onderwerp, kon geraadpleeg word. Dit is hoofsaaklik opinies van tydgenote en hulle werke was dan ook feitlik sonder uitsondering in die 19<sup>e</sup> eeu publiseer. Hierdie werke word as 'n aanhangsel agter in die verhandeling ingevoeg.

(ii) Bronne wat vir algemene doeleindes publiseer was en wat meer as versamelwerke beskou kan word. Dit kom tot ons as die gesamentlike handeling van meer auteurs. Die werk is uitgegee deur die regering, 'n private of kerklike genootskap. Na die werke word in die voetnote, onderaan elke bladsy, verwys, en die verkortings wat gebruik word staan vir die volgende:

1. D.V.S. - „De Volkstem“ met die datum van die betrokke publikasie onmiddellik daarna.
2. L.W. - De Locale Wetten der Z.A.R.
3. V.R.B. - Die notule van die Volksraad met die nommer van die betrokke artikel waarna verwys word en die laaste twee syfers van die jaartal van die sitting van die Volksraad.
4. E.V.R. - Notule van die Eerste Volksraad.
5. T.V.R. - Notule van die Tweede Volksraad.
6. S.K. - „Staatscourant der Z.A.R.“ met die datum daarvan.
7. N.H. of G.K.A. - „Almanak van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.

(b) Ongepubliseerde Bronne: Dit is onuitgegeewe dokumente wat in die Staatsargief, Pretoria, berus. Al die geraadpleegde dokumente behoort tot die departement van die Staats Sekretaris waaronder ons drie verskillende soorte onderskei, wat as volg verkort word:

1. R. - Inkomende stukke by die Staats Sekretaris.
2. M.C. - Myn Kommissaris.
3. R.M.D. - Registrateur Departement van Mynwese.

Na die dokumente word ook in die voetnote, onderaan elke bladsy verwys. Die nommer van die betrokke dokument, met die datum van inhandiging en registrasie daarvan, word in elke geval bygevoeg.

I N D E L I N G   V A N   H O O F S T U K   I.

---

I N L E I D I N G .

---

	<u>Bls.</u>
(a) Doelstelling	... 3
(b) Die Toestande voor 1881	... 4
(c) Die Toestande buite Transvaal	... 9
(d) Die Ekonomiese stand van die Republikeinse Boer	... 14

## H O O F S T U K I.

### INLEIDING.

#### (a) DOELSTELLING

Geen vooropgesette doelstelling het die keuse van hierdie onderwerp beïnvloed nie. Alleen die begeerte om te weet wat was, hoe dit was, en hoe dit tot stand gekom het, het die omvang en vorm daarvan bepaal. Voortdurend was daarna gestreef om die hoogste eis van die wetenskap nl. die soeke na waarheid te bevredig.

Op 'n paar uitsonderings na berus elke feit op oorspronklike bronnestudie, bronne wat vantevore nog nie die lig gesien het nie. Altyd is getrag om die bronne so helder en duidelik daar te stel dat geen verklaring weer sou nodig wees nie, en waar dit wel gedoen was, is altyd probeer om die verklaring te gee in die lig van die versamelde feite self.

Voortdurend is probeer om so objektief as moontlik te staan teenoor persone, gebeurtenisse en verskynsels - in kort teenoor die hele veld van die historiese gebeure. Dat die objektiviteit nie absoluut sal wees nie, spreek vanself. Subjektiewe elemente sal noodwendig te voorskyn tree. Dit kan egter geen kwaad nie - daaronder sal enige werk waardeloos wees. Alleen maar is probeer om die subjektiewe soveel as moontlik uit te skakel.

Om die geskiedenis weer te gee van die ontwikkeling van Blanke armes, veral as hulle tot jou eie ras behoort, is geen aangename taak nie. Waar die opvatting gehuldig word dat die verskynsel vreemd staan teenoor die behandelde tydperk kan die beskuldiging van verraad gemaak word met die byvoeging van 'n opsetlike

strewe om die minderaantreklike van die verlede openbaar te maak. Die teendeel bly in elk geval egter die waarheid. Met liefde en simpatie is probeer om die slagoffers van die verlede te begryp en te verstaan, en met lydsame onderwerping is probeer om by die onvermydelike te berus.

'n Titaniese naarstige naspeuring van feite om die begin van die ekonomiese agteruitgang van die Afrikaner te beklemtoon was absoluut afwesig. Alleen maar is probeer om die Afrikaner Boer van die 19<sup>e</sup> eeu as 'n eenheid daar te stel onafhanklik na gees en liggaam, en daarnaas die langsaam inwerkende invloede, wat geknaag en gevreet het aan sy onafhanklike status, invloede waarteen hy hom verset het, maar wat met die loop van tyd oorweldigend geword het en waarteen 'n deel altans nie bestand was nie.

(b) DIE TOESTANDE VOOR 1881.

Die mate van verarming soos ons dit in die Suid-Afrikaanse-Republiek aantref gedurende die jare van 1881-1899 het nie in hierdie selfde tydperk vir die eerste maal te voorskyn getree nie. Toestande en strominge wat veel vroeër plaasgevind het, het alles kullinerend meegewerk om ons die uiteindelijke toedrag van sake te gee.

Die Republikeinse Burger was die direkte afstammeling van die Voortrekkers wat in 1836 die Kaap-Kolonie begin verlaat het. Grond, vee en slawe was die enigste besittings van hierdie mense gewees, terwyl vee die enigste middel was wat aan die mense 'n vaste inkomste verskaf het. Met die uittog uit die Kolonie moes die Trekkers hulle grond net so laat agterstaan en onbewerkte grond daarvoor in ruil gaan neem. Baie van

die vee moes ook van die hand gesit word om daardeur die trek te vergemaklik. Weliswaar het die mense vir hulle grond en vee geld in ruil gekry, maar toe so baie plase meteens in die mark gekom het, het pryse geweldig gedaal sodat in baie gevalle die grond feitlik verniet weg gegee was. Ons weet ook van ander gevalle waar plase gladnie eens verkoop is nie. In die voorbereiding vir die Trek moes daar egter gesorg word dat die noodsaaklikste lewensbehoefes wat in die vreemde nie gekry sou kan word nie reeds in die Kolonie aangekoop word. Kossoorte soos meel, suiker en koffie; klerasie soos sis, molvel en linne moes in groot hoeveelhede gekoop word om nie eens melding te maak van geweeers, kruit en lood nie.<sup>(1)</sup> Die inkomste van hulle plase en vee dus moes net so gebruik word hiervoor, en is nie as 'n kontante bate met hulle meegeneem nie.

Die vrymaking van die slawe het 'n ekonomiese ineenstorting oor die hele Kolonie bewerkstellig en noodwendig sou baie van die Trekkers wat ook slawe besit het, hierdeur getref word. Die waarde van slawe in die Kaap Kolonie was deur amptenare van die Britse regering geskat op £3,041,290. Nogtans egter sou net £1,247,401 aan die Kaap vir skadevergoeding uitbetaal word. Toe hierdie tyding Suid-Afrika bereik,

„deed zy een paniek ontstaan erger dan men (daar) ooit had beleefd. Latere berichte werden ontvangen, dat de ryksregering het geld niet naar Zuid-Afrika zou zenden, maar dat elke vordering zou moeten bewezen worden voor Commissarissen in Londen, en dat voor het toegekende bedrag betaald zou worden in drie-en-een-half percents schuldbrieven.

---

(1) J.D. Kestell - Die Voortrekkers - 'n Kort Geskiedverhaal p.p. 27-28.

Het gewicht hiervan is moeilik te beseffen. Doch in 1835 was de Kaap eene kleine en arme samenleving, en de plotselinge confiscatie van een eigendoms waarde van twee millioen pond veroorzaakte werkelyke ellende. Een groot deel dezer waarde was met verbanden belast, die in den regel tevens alle andere eigendommen dekten. De opheffing dezer verbanden maakte het noodig, andere zaken te verkoopen tot elken prys. Vele welgestelde familiën, weduwen, minderjarigen of ouden, van dagen werden daardoor tot den bedelstaf gebracht." (1)

In Natal aangekom het die Trekkers hulle nog altyd uitsluitelik op veeboerdery toegelê, waarvan skaapboerdery 'n belangrike deel uitgemaak het, so nie die belangrikste. Natal is egter klimatologies heeltemaal ongeskik vir hierdie soort van Boerdery en noodwendig sou die mense baie skade ondervind het. Die voortdurende stryd teen die Kaffers en hulle rowery moes ook baie skade veroorsaak het.

In Transvaal vestig die mense hulle aanvanklik ook in die bosstreke - die Oostelike dele van Transvaal en Soutpansberg. Hierdie streke, veral in die somermaande was ongesond vir skaapboerdery en gevolglik sou baie vee verlore gegaan het. Die Boerdery metodes moes dus verander word om by die omstandighede aan te pas. In 1860 weet ons van die eerste wol wat uit die Republiek uitgevoer was en dit was maar baie min. Hierdie eerste Koloniste wat in die Suid-Afrikaanse-Republiek gekom het was nog heeltemaal 'n Trekkersgemeenskap. Hulle kon hulle nie rustig gaan vestig nie want die Engelse gevaar het voortdurend gedreig. Die politieke onrus is met die Sandrivier Konvensie opgelos en daarna eers kon hulle rustig voortgaan.

In hierdie tyd vind ons die Burgers ywerig besig om 'n Buitelandse handel op te bou. Op die 15<sup>e</sup> Mei 1851 het die Trekkersgemeenskap Noord van die Vaal Rivier gehoor dat Smellekamp die hawe van Delagoa Baai 'n besoek sal bring. Onmiddelik het die Volksraad 'n ekspediesie uitgestuur wat sou trag om met Smellekamp in verbinding te kom. Dit het hulle egter nie geluk nie want 'n onbekende veesiekte

---

(1) Dr. W.J. Leyds - De Eerste Annexatie van de Transvaal  
p.p. 43-44.



veesiekte het hulle osse in groot getalle afgemaai sodat hulle onverrigter sake moes terug keer. Dit is klaarblyklik dat die doel van hierdie sending was om handelsbetrekkinge met die Buiteland aan te knoop en die motief wat dit weer bepaal het was die bittere toestand van armoede waaronder die mense verkeer het.

Aan die begin van Augustus het die berig die Volksraad bereik dat Smellekamp met 'n handelsskip aan die hawe aangekom het, waarop onmiddelik 'n tweede kommissie van 5 lede deur die Volksraad afgevaardig is om met Smellekamp in aanraking te kom. Ook hierdie kommissie was onsuksesvol. Met hulle aankoms in Delagoa Baai was Smellekamp alreeds vertrek. Hierop het die kommissie op die 1ste Oktober 1851 'n brief aan die „Heeren Gebr. Heemskerk, Knecht en Weimar ten kate te Amsterdam" gestuur. Uit die inhoud hiervan leer ons duidelik die toestand van die mense in hierdie tyd ken:

„Smartelyk viel het ons echter by onzen aankomst alhier op den 27ste September te vernemen dat den Ed. Heer Smellekamp alweêr van hier vertrokken was, en boven al dat den Handel met ons op zoodanigen voet was ingericht dat dezelve onmooglyk eenen goeden uitkomst kan opleveren - en wanneer U Ed. onzes droevigen toestand nadenkt kan u zulks geensinds bevreemden; de meesten onzer Zwervend van het jaar 1835 tot 37 in Afrika om; al onzen bezittingen door het moorden en plunderen der kaffer natiën byna geheel of gedeeltelyk verlooren hebbende, en door de Godloozen Handelwyzen van het Engelschen Gouvernement gedurig verjaagd; en in den bittersten onzekerheid gehouden wordende, hebben wy alles verteerd, de Geld middelen zyn uitgeput, en het eenigste waarvan wy leven is het hoornvee en eenigen Landbouw om in den levensbehoefte van onzen Huisgesinnen te voorzien. Den Handel word byna uitsluitend gevoerd met den Kolonie Kaap de Goeden Hoop, de gewoone betaling geschied met slagvee, 't welk den plaats van het geld vervangen heeft, ook wel met ivoor, maar door den bitteren armoede onder ons, is het zelfs den welgesteldsten onder ons onmoogelyk om zulks afteleggen en zoo te bewaren.

Wanneer de zaak des Handels zoodanig was aangelegd dat de alhier aanwezig zynde goederen allen naar het Binnenland vervoerd en aldaar verkocht geworden waren, en dat alsdan den goederen en gelden hier uit voortkomende met den 1st volgende terugkeer van het schip ontvangen waren, dan! ja dan! was het vast en zeker dat den zaak goeden uitkomst zouden opgeleverd hebben; maar hoe het nu gaan zal is den Allerhoogsten alleen bekend, wy zyn

ontmoedigd, treurig en verdrietig. Mocht den Allerhoogsten toch geven dat Uw Eds. moet niet verflauwen, maar dat gy door goeden voortzetting der zaaken, ons arm ongelukkig volk ter hulpe komt."

'n Laaste smeekbede aan hierdie brief is:

"doet toch in den Naam des Heeren wat Uw Ed. kan, en laat ons niet aan ons lot over; laat de Engelschen toch niet juichen over onzen Ellenden." (1)

Uit hierdie brief kry ons dus 'n baie goeie insig in die ekonomiese toestand van die mense, maar meer nog, ons word in aanraking gebring met sommige oorsake wat aanleiding kan gee het tot die toestande, asook word ons bekendgestel met die gemoedstoestand waaronder die mense verkeer het. Die voortdurende teenslae moes noodwendig 'n nadelige uitwerking op die mense gehad het.

Ook aan die Transvaalse goudvelde wat as 'n reel beskou word as 'n bron van rykdom vir die Republiek het sake aanfanklik nie so goed gegaan nie. Beide voedsel en transport was duur en baie moeilik om te verkry. Die delwers was teen al die toestande nie opgewasse nie en het gou in 'n armoedige toestand geraak. (2) In 1875 het dit aan die Kaapse goudvelde niks beter gegaan nie. Ook daar was die lewensstandaard hoog en omdat die mense onbekend was met die nuwe soort van werk het die produksiekoste per ons goud baie hoër gestyg as wat daarvoor gekry is. Selfs in 1877 was dit nog die toestand ook aan die Lydenburg goudvelde. Onervare soos die mense was is baie van hulle gou ontmoedig en het hulle heeltemaal verarm. (3) Van sy begin stadium af was die goudmyne 'n kweekplek van armoede.

Ofskoon dit dus nie moontlik is om in elke opsig die omvang en uitwerking van die verarming aan te toon nie is dit tog klaarblyklik dat die verskynsel in

---

(1) R 323c-51

(2) Rowland J. Atcherley - A trip to Boerland p.98.

(3) W. Henry Penning - A Guide to Gold Fields of South Africa p.p. 12, 41.

hierdie vroeë jare reeds sy verskyning gemaak het. Die moontlikhede vir 'n proses van verarming was geskep en die ontwikkeling daarvan sou ook nie uitgebly het nie.

(c) DIE TOESTANDE BUIE TRANSVAAL.

Die politieke en ekonomiese toestande was in die verskillende provinsies voor die oorlog heeltemaal verskillend sodat dit nie beteken dat as daar moeilikheid en selfs armoede in een provinsie was dit ook die geval in die ander sou gewees het nie.

So vroeg as 1884 reeds is in Kaapstad Kerk-skole opgerig en wat die opvoeding van kinders uit die armer klasse, wat tot die Nederduits Gereformeerde Kerk behoort het, beoog het. Deur die regering word hierdie skole onder „sendingskole” geklasifiseer en as sodanig van geldelike hulp voorsien. In hierdie vroeë jare reeds is aan bykans 1,000 kinders deur die skole onderwys gegee.<sup>(1)</sup> Afgesien van hierdie skole het die Kerk in die Kolonie ook skole onder haar beheer gehad wat sy heeltemaal alleen finansieer het en waar uitsluitelik net kinders van arm ouers in opgeneem is. In 1883 was daar op vyf van hierdie skole 881 leerlinge.<sup>(2)</sup>

Dat veral vir die kinders goed gesorg is blyk duidelik. In 1882 is in Kaapstad 'n „Kinder Zending Huis” opgerig - die doel waarmee was om veral arm blanke verwaarloosde kinders te huisves en van 'n deeglike opvoeding te voorsien. Afgesien van die gewone skoolwerk het die groter meisies ook hand en ander huiswerk geleer. Die kinders wat in die skool opgeneem was het almal in 'n baie behoeftige toestand verkeer. Sommige het geen ouers of familiebetrekkinge gehad nie terwyl ander weer van ouers

---

(1) De Kerkbode 4 Januarie 1884 p.3

(2) De Kerkbode 8 Februarie 1884 p.68

was wat hulle geheel en al nie aan die kinders gesteur het nie. Die inrigting was deur vrywillige bydraes in stand gehou en het in 1882 'n inkomste van £391.11.8 gehad, terwyl die uitgawe £401.1.1 bedra het.<sup>(1)</sup> Dit toon aan ons dat die vereniging nog nie baie uitgebreide aktiwiteite gehad het nie, ofskoon die gegewens alleen vir die aller eerste jaar was.

In 1898 is in Graaff-Reinet 'n tehuis vir arm seuns opgerig. Alleen seuns wat nog nie 15 jaar oud was nie en wie se ouers in uiters behoeftige omstandighede verkeer het is hierin toegelaat. Nadat die kind vir drie jaar lank hier gehou was is hy by 'n persoon ingeboek tot sy eenentwintigste jaar. Gedurende die tyd wat hy in die tehuis bly ontvang hy gratis onderwys.<sup>(2)</sup>

In dieselfde jaar word 'n inrigting te Stellenbosch deur prof. de Vos opgerig met die naam „Industria“, waarin die kinders van hulpbehoewende blankes gehuisves was. Die nuusbladkommentaar op die onderneming is uitstekend omdat - in hulle opinie - dit die regte metode is om by die kinders te begin in die „oplossing van die probleem.“ Hierdie behoeftige kinders word in die boerdery opgelei en sal ook bekend gestel word met hout, yster en leerwerk. Met die opening het die inrigting ruimte gebied vir slegs 40 seuns wat heeltemaal ontoereikend was soos blyk uit die skrywe van 'n predikant uit die onderveld wat sê dat sy gemeente alleen so'n inrigting nodig het.<sup>(3)</sup>

Verskeie ander inrigtings met soortgelyke doeleindes is gedurende die verskillende jare in die Kolonie opgerig, almal waarvan gestaan het onder klerklike sorg. In 1882 word die „Dorcas Armenhuis“ in Kaapstad opgerig waar ou en siek dames verpleeg kan word. Die

---

(1) De Kerkbode 9 Mei 1884      (2) De Kerkbode 8 September

(3) (D.V.S.2.10.98                      1898 p.573

(D.V.S.25.10.98.

koste verbonde aan hulle verpleging word gereël namate hulle finansiële omstandighede. „Het Huis voor oude en Hulpbehoewende Mannen" was 'n inrigting wat in 1896 in Kaapstad geopen is. Ou Here wat nie in staat was om vir hulle self te sorg nie was hier herberg gebied. Die „Te Huis" in Durbanville vir herstellendes is opgerig in 1892. Jong mense wat van 'n swaar siekte herstel en wiese ouers nie in staat is om die onkoste te betaal nie kon hier tydelik tuisgaan teen verminderde koste al na gelang van omstandighede. (1)

Alleen op een aspek van hulpverlening is gewys wat egter die duidelike vermoede wek dat die armoede ook in wyere omvang moes bestaan het. Dit weer bring ons tot die vraag waaraan dat die verskynsel toegeskryf moet word. In 'n koerantberig van 1892 oor die Kolonie word daar gemeld dat in die distrikte 'n steeds toenemende aantal bywoners aangetref word, en die oorsaak hiervoor word gestel as - gebrek aan kennis en deursig, traagheid en onverskilligheid. Hierteenoor vind ons die onderkruipery en onderdrukking van ryk Boere wat baie minder welgestelde persone uit hulle plase boer. (2)

In 1859 het 'n ongekende groot droogte die grootste deel van die Kolonie geteister. In die geteisterde streke het die landbou feitlik heeltemaal opgehou om te bestaan. Op die 5e Oktober was 'n biddag vir reent gehou. In die Oostelike distrikte het 'n nuwe plaag in dieselfde jaar sy verskyning gemaak nl. die xanthium spinosum of boetebossie, wat die skaapboere met groot verliese bedreig het. In 1859 het die filoksera ook baie skade aan die wingerde veroorsaak. 'n Ekonomiese drukte is veroorsaak wat sy uitwerking op die wetgewing van die land laat sien het. Die toekenning van

---

(1) N.H. of G. Kerkalmanak 1899 p.28 (2) D.V.S.20.12.92

verantwoordelike bestuur aan die Kaap Kolonie is hierdeur definitief verdraag.<sup>(1)</sup> Aan die begin van 1862 was die Kaap Kolonie nogmaals voor 'n groot droogte gestel. Die landbouwyerheid oor vrywel die hele van die land het in duie geval, die vee was in groot getalle afgemaai en weer het 'n ekonomiese depressie gevolg.<sup>(2)</sup>

Ook die provinsie Natal het met besondere moeilikhede te kampe gehad. Die enigste getuie wat ons omtrent die provinsie het is van 'n persoon wat 'n geskiedenis oor die hele Suid-Afrika geskryf het. Aan sy opinie kan ons as 'n reel nie veel waarde heg nie omdat hy geneig is om baie te oordryf en ook vyandig gesind is teenoor alles en almal. Sy opinie omtrent hierdie saak vat hy saam in die volgende woorde:

„Notwithstanding the fact that all Nature was in bloom, and decked out in her best green robes, making the valleys and hills resound with the hallelujah chorus of the cattle, for all things good for them and men, the want of money had made the hearts of all quite sad.

„Never since the time before had the oldest inhabitant known things so bad. Quantities of goods and quantities of produce, but no market could be found in which they could sell for money. Starvation, bankruptcy and ruin were staring them in the face .... Maritzburg like all other towns, is eaten up with debt; and again, like all other towns, is eating herself up in the mode of constructing her public work.”<sup>(3)</sup>

Van belang is dit om daarop te let dat die opinie uitgespreek was voor 1885.

Ook in hierdie geval was die natuur tot 'n groot mate verantwoordelik vir die ekonomiese drukte. In 1855 het longsiekte onder die groot vee uitgebreek en baie skade veroorsaak. Veral die Hollandsprekende Boere het groot skade gely omdat hulle hoofsaaklik op veeboerdery aangewys was. As 'n gevolg van hierdie siekte het die teling van wolskape al meer en meer op die voorgrond getree. Nou eers het die ondervinding geleer dat skaap-

---

(1) George M. Theal - A History of South Africa Vol.VII  
p.p.176-7

(2) George M. Theal - A History of South Africa Vol.VIII  
p.p.21-2.

(3) M.J. Boon: „The Immortal History of South Africa Vol.  
II p.p. 486-7.

boerdery baie beter resultate lewer as hulle slegs gedurende die wintermaande in Natal gehou word terwyl in die reënseisoen oor die Drakensberg na die binneland getrek word.<sup>(1)</sup> In 1871 weer het rooiwater sy verskyning onder die grootvee gemaak en net soos die longsiekte baie groot skade veroorsaak.<sup>(2)</sup>

As 'n gevolg van 'n ontsettende droogte in 1895 was sekere dele van Namakwaland baie geteister. Die staat het reeds op 'n ruime wyse hulp verleen maar tog bly die nood nog so hoog dat die Kerk ook die saak onder die aandag van die mense bring en hulle vra om by te dra om die leed te versag.<sup>(3)</sup> Ook in Oos-Kaapland was in 1896 moeilikhede van besonder ernstige aard. Uit hierdie streek het die Moderator van die Kerk 'n brief ontvang waarin gemeld word dat die toestand van sake uiters ellendig is en na aanleiding waarvan dan 'n oproep op die hele Kerk gemaak word om hulp en ondersteuning vir hierdie behoeftiges.<sup>(4)</sup> Ook in die Brits-Protectoraat het armoede geheers. 'n Sekere F.J. Bosman doen namens die Boere families in die streek aansoek vir ondersteuning van die Republikeinse regering vir die oprigting van 'n Kerk vir die Boeregemeenskap daar, want:

„De menschen zyn over het algemeen behoeftig“<sup>(5)</sup>

Die doel met hierdie hoofstuk is nie om die verarming buite die Republiek in sy fynste besonderhede na te gaan nie maar slegs om aan te toon dat daar ook behoefte bestaan het. Deur dan te wys op die verskillende aspekte meen ek daaraan te voldoen het.

---

(1) George M. Theal: „A History of South Africa“ - Deel VII p.261.

(2) George M. Theal: „A History of South Africa“ - Deel VIII p.164.

(3) De Kerkbode 14<sup>e</sup> November 1895 p.718.

(4) De Kerkbode 23 Julie 1896

(5) S.S.843 R. 4732-93

(a) DIE EKONOMIESE STAND VAN DIE  
REPUBLIKEINSE BOER.

In verband met die ondersoek na die hele saak betreffende verarming in die Republikeinse tydperk moet ons nie uit die oog verloor nie dat die Boer se grootste bate sy grond en sy vee was. Grond was volop en maklik om te verkry. Die totale oppervlakte van die Republiek was ongeveer 150,000 vierkante Engelse myle,<sup>(1)</sup> en op hierdie groot oppervlakte was in 1890 17,340 Boere aangetref.<sup>(2)</sup> Veeboerdery is oor die algemeen geneem 'n gunstige soort van boerdery in vergelyking met landbou en veral in daardie dae van die absolute gemis aan spesialisasie was daar 'n sekere mate van rustigheid in die lewe van die Boerende bevolking, wat 'n baie skerp teenstelling vorm met toestande in later tydperke. Die hele ekonomiese struktuur het verarming teengewerk.

Die offisiële grote van Boereplase was  $\frac{1}{2}$  3,000 morges. Deur die wet op plaasbakens van 1866 is vasgestel dat die grote van plase nie meer as 3000 morges sal wees nie.<sup>(3)</sup> Vanaf 1869 tot en met 1876 was die bepaling op die grote van plase as volg:

"Elk plaats zal groot zyn een uur gaans over kruis, doch indien enige plaats niet vierkant zal zyn dan zal aan twee of drie kanten zooveel grond worden bygenomen, totdat dezelve overkruis gerekend een uur gaans uitmaakt."<sup>(4)</sup>

In Julie 1822<sup>8</sup> is daar nog die definitiewe bepaling bygevoeg dat:

"de uitgestrektheid der plaatsen zal niet grooter zyn dan 3750 morgen"<sup>(5)</sup>

---

(1) Ook oor die saak bestaan daar verskil van opinie. Dr. H. Blink in sy: „Transvaal en omliggende Landen” stel die oppervlakte van die Republiek op 308,200 K.M<sup>2</sup>, terwyl John de Villiers in sy: „The Transvaal” die opinie huldig dat die totale oppervlakte nie meer as 120,000 vierkante Engelse myl was nie.

(2) Sien Bylae VI p.p. 127 (3) L.W.1849-85 p.245

(4) (V.R.B.240-76 (5) V.R.B.755-82.  
(S.S.222 R.259-82



Die regering wou verhoed dat plase groter as die vasgestelde oppervlakte sou beslaan deur 'n belasting van 2/6 vir elke 100 morges bokant 3750, wat 'n baie hoë som was in vergelyking met die ander grondbelasting. (1)

Die offisiële grote van 'n plaas waarop die regering verbande uitgegee het was 6000 akkers. (2) Ook was die grote van grond wat die regering as sekuriteit gebruik het by die uitreiking van papiergeld 3000 morges. (3)

Wat die pryse van grond betref was daar geen standaard van algemene toepassing nie en pryse het baie afgewissel al na gelang van die ligging en geaardheid van die grond. In die Noordelike en noordwestelike distrikte was grond gekoop vir pryse so laag as 6 tot 9 pennies per akker. (4) Ofskoon pryse in baie gevalle baie laag was word geen bewys gevind vir bewerings dat 'n hele plaas vir 'n ryperd of 'n os verruil is nie. In Damaraland word in 1891 plase te koop aangebied waarvan die grote wissel van 1000-3000 morges en die pryse vir die respektiewelike grote word gestel op £150 tot £450 - (5) dus 3/- per morges. In 'n later advertensie word die volgende plase te koop aangebied: (6)

In Lydenburg distrik	3000	morges	vir	£450	of	3/-	per	morges
do	2792	"	"	"	"	"	"	"
do	1795	"	"	£440	of	4/6	per	morges.
In Waterberg distrik	2500	"	"	£150	of	1 1/2	per	morges.
In Soutpansberg	"	3200	"	£60	of	1/4	d.	" "
In Middelburg	"	2021	"	£3500	of	£1.14.3	"	"
In Potchefstroom	"	2050	"	£240	of	1/2	2/6	" "
In Pretoria	"	3811	"	£1750	of	1/2	10/-	" "

Die rede waarom dat die plaas in Middelburg distrik so duur was in vergelyking met die ander is omdat dit naby die treinspoor geleë was. In 1898 was die pryse van grond baie duurder, waaraan dit toegeskryf kan word vel moeilik om te sê. In hierdie jaar word plase onderandere

---

(1) L.W.1849-85 p.1129 (4) Silver & Co's. Handbook to  
 (2) Silver & Co's. Handbook South Africa p.464  
 to South Africa p.464 (5) D.V.S. 23.2.91.  
 (3) E.H.D. Arndt - Banking (6) D.V.S. 14.11.94.  
 and Currency Development  
 in South Africa p.105.

teen die volgende pryse adverteer: <sup>(1)</sup>

Klipriviersval	1335	morge	vir	£9000.
Blesboklaagte	2200	"	"	£10000.
Langkuil	1000	"	"	£4500.
Klipfontein	1500	"	"	£5200.
Slangfontein	1300	"	"	£5800.
Uitgevallen	1540	"	"	£6000.

Die algemene lewensstandaard was in die dae baie hoog, soos dit sal blyk uit die opinies van verskillende persone. Veral word die hoë pryse van kos en klere by die goudvelde aangetref. In die kleiner dorpe was die pryse weer middelmatig. <sup>(2)</sup> Die pryse van kruideniersware in 1897 toon vrywel geen verskil met die pryse van vandag nie. <sup>(3)</sup> Vir die stedeling en dorpsbewoner het hierdie toestand van sake miskien swaar kon tref want 'n flink ambagsman het in die Republiek 'n salaris gekry van ruim £20 per maand, <sup>(4)</sup> maar vir die Boere het dit nie so 'n verskil kon maak nie want ons vind dat die produkte mark tussen die jare 1889 en 1898, ofskoon nooit konstant nie tog altyd van redelik goeie gehalte was en in elke opsig beter was as wat vandag die geval is. <sup>(5)</sup> Die pryse het ook vir die verskillende marke - Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en Barberton - afgewissel wat slegs daaraan toegeskryf kan word dat produkte in sommige gevalle oor 'n lang afstand vervoer moes word. Die enigste plaasprodukt, so wil dit uit die markrapporte voorkom wat gedurende die hele Republikeinse tydperk swak op prys was is wol. In 1885 is tussen 80-90,000 bal wol van 400 lbs. elk uitgevoer. Die gemiddelde prys wat behaal is was 2½d. per lbs. in die voorjaar en 4d. per lbs. in die najaar. <sup>(6)</sup>

Volgens David M. Wilson was hierdie voordeelige markrapporte alleen voorhande in die laaste jare van die Republiek. Hy beskryf die ekonomiese posisie van 1881 as volg:

---

(1) S.S.1635 R.8051-98. (2) Dr. H. Blink - Transvaal en  
 (3) Vgl. Bylae VII omliggende Landen p.101.  
 p.p. 128. (4) Dr. H. Blink T.a.p.  
 (5) Vgl. Bylae VII (6) Dr. H. Blink p.93  
 p.p. 128.

"Barter was the only form of trade at the period, and most commodities had a fixed price or value. Coffee was 5/- per lb., sugar 1/-, rice 1/-, butter 6d, eggs 6d. a dozen and the standard price of a hen was 6d. (1)

Dat die skrywer tot 'n groot mate mistas ly geen twyfel nie want ons weet dat in 1883 osse op die Pretoria mark verkoop is vir £8 per stuk, (2) en uit Silver en Co's. se „Handbook to South Africa" sien ons dat Potchefstroomse markpryse in Februarie 1876 o.a. as volg was: Aartappels . 15/- per sak, mielies 15/- per sak, botter 1/7 per lbs. en eiers 1/6 per dosyn. (3)

Ook die ekonomiese lewe van die staat toon 'n baie gesonde ontwikkeling aan gedurende die negentiger jare. (4) Dat die staatsfinansies gesond was en met die loop van tyd verbeter het ly geen twyfel nie. Alleen die jaar 1896 toon 'n laagtepunt aan vir sowel die uitvoer syfer van die Republiek as die staatsinkomste. Die oorsaak hiervan moet toegeskryf word aan die Jameson inval.

Uit die voorgaande merk ons op dat indien daar gepraat kan word van die verskyning van landelike verarming die oorsake daarvoor nie in heersende ekonomiese omstandighede gesoek moet word nie. Die ekonomiese lewe van die Republikeinse Boer was gesond en die mate van agteruitgang wat daar met die loop van jare wel te bespeur was was die direkte gevolg van omstandighede en faktore waaroor hy geen beheer gehad het nie.

---

(1) David M. Wilson - Behind the scenes in Transvaal p.18

(2) D.V.S. 14.3.83

(3) T.A.P. p.464

(4) A. Seidell 4 Die Súd Afrikanische-Republiek.

## I N D E L I N G   V A N   H O O F S T U K   I I .

---

 DIE OMVANG VAN ARMOEDE IN DIE  
 SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK.
 

---

	Bls.	<u>Bls.</u>
(a) Aanduidings van Armoede	...	19
(i) Opinies van Tydgenote	...	19
(ii) Indiwiduele Gevalle van Armoede ..		23
(b) Plattelandse Verarming	...	27
(i) Noordelike Transvaal	...	27
(ii) Westelike Transvaal	...	30
(iii) Oostelike Transvaal	...	35
(iv) In die Okkupasiegronde	...	35
(v) In die Mapochsgronde	...	37
(c) Stedelike Verarming	...	39
(i) In Pretoria	...	40
(ii) Grond aan armes in Pretoria	...	42
(iii) In Johannesburg	...	45
(iv) By die goudmyne	...	48
(v) By die sg. „Standplaatsen“.	...	50
(vi) In die voorstede van Johannes- burg	...	53

H O O F S T U K    I I .

DIE OMVANG VAN ARMOEDE IN DIE SUID-  
AFRIKAANSE-REPUBLIEK.

(a) AANDUIDINGS VAN ARMOEDE.

'n Baie goeie getuienis oor die bestaan, ontstaan en ontwikkeling van armoede kry ons uit die opinies van mense wat die tye en tydsomstandighede self beleef en deurgemaak het. Absolute geloof kan aan hierdie getuies natuurlik nie geheg word nie, omdat dit alleen die mening behels van 'n enkele persoon. Aan die ander kant is dit egter weer in sover van belang dat dit gesien is uit die raamwerk van die tydsomstandighede self. Die opinies van die verskillende persone is baie uiteenlopend wat daaraan toegeskryf kan word dat een persoon 'n beter ondersoek na die saak ingestel het as die ander. Wat ook tref is dat al die opinies op 'n paar na uitgespreek is na 1890, waardeur 'n mens tot die gevolgtrekking kan kom dat die probleem, as daar van 'n probleem enige sprake is, eers na hierdie datum ernstige aandag begin trek het.

'n Persoon wat in 1880 deur die Republiek gereis het, het maar 'n swak indruk gekry van die land se ekonomiese krag. Sy indrukke vat hy as volg saam:

"The country was in a State of squalid poverty, and even the prosperous farmers led lives of hardship that were utterly unknown in the land I had left behind. Money was very scarce, so rare in fact that for several years afterwards it was no unusual thing to meet people who never had seen it."<sup>(1)</sup>

Dit sal nie raadsaam wees om hierdie mening dadelik te gaan aksepteer as absolute waarheid nie omdat buitelandse reisigers daar 'n soort behae in geskep het om die oningeligde Europa te gaan verbaas met gegewens omtrent Suid-Afrika en insonderheid van die twee Boere Republieke. Nogtans kan ons dit ook nie

---

(1) David M. Wilson - Behind the Scenes in Transvaal p.18.

heeltemaal gaan verwerp nie want al het die persoon oordryf dat nog moes tenminste die simptome van die verskynsel waarneembaar gewees het. Ook kan hierdie opinie nie heeltemaal verwerp word nie, in aanmerking nemende dat die skrywer daarvan 'n „Empireman" was en hy Engeland dus nie juis op hierdie vooranneksasie periode onnodig teësinnig in die Boere Republiek sou wou maak nie.

Van 1893 het die gevoel bewus posgevat by die algemene publiek ook, dat daar 'n deel van die bevolking is wat onder minder gunstige omstandighede leef. Tydgenote skryf veral in die Transvaalse dagblad „De Volkstem" en daarin vind ons die term „arme Blanken" voortdurende gebruik. Onder artikel met hierdie opskrif word deur 'n onbekende persoon 'n beroep gedoen op die hele bevolking om 'n tydige helpende hand uit te ryk aan hierdie klas persone:

„De enkele honderde verarmde blanken huisgesinnen, en voornamelyk de kinderen uit de gezinnen kunnen nu noch geholpen worden, maar het zou voor altyd te laat zyn als hun aantal ging aangroeien tot duizenden." (1)

„Ons Land" 'n Kaapse orgaan stel die volgende vraag: „Is onze ARME BLANKE KWESTIE te wyten aan eigenaardige Zuid-Afrikaansche omstandigheden, of aan oorzaken die Zuid-Afrika met andere landen gemeen heeft? Hoe kan 't evenwel verholpen worden?" Die antwoord wat die blad self daarop gee is dat die klimaat in die eerste plek daarvoor verantwoordelik gehou moet word, wat luiheid in die hand werk. 'n Gebrek aan 'n deeglike opvoeding sien hy as 'n ander oorsaak terwyl die Afrikaner se hoogheidswaansin as 'n laaste oorsaak vermeld word. Die Afrikaner verkies liever om arm te bly as om vir 'n ander te werk. (2) Hier word die verskynsel reeds as 'n probleem gestel en die probleem as 'n verskynsel wat oor die hele land voorkom. Hy soek na oorsake en dit toon dat die vraagstuk nie in sy beginstadium was nie. Volgens 'n ander persoon is die oorsake van armoede in sommige gevalle aan die mense self toe

---

(1) D.V.S. 27.9.93

(2) D.V.S. 24.10.96.

te skryf. Deur hierdie indeling word die probleem welseker ook 'n maatskaplike want sê hy daar bestaan twee klasse armes nl. een seksie:

"die al kwam men ze iederen dag tegemoet, toch gebrek zouden blyven lyden en uit eene andere klasse, die zoolang men haar met werk tegemoet kwam, genegen zyn te werken."(1)

Die Volkstemredakteur besef ook die belangrikheid van die saak en wy sy inleidingsartikel hieraan. Vir hom is dit egter maar net 'n verskynsel wat gevaarlik kan word in die verre toekoms en daarom behandel hy dit op 'n heeltemaal gerusstellende wyse. Hy sê:

"Dank zy de betreklike gunstige toestanden onzer sameleving is de openbare en partikuliere weldaigheid nog maar een erg radumetaire funksie in het Transvaalse sosiale raderwerk. Armoede is eigentlich alleen by naam bekend, er doet zich voortdurend gevallen van akute hulpbehoevendheid voor, veroorzaakt door ongevallen of fortuinwisseling. Ook luiheid en onmatigheid baren gebrek en verval ... onze sameleving mist gelukkig de kwalen van ander landen waar armoede een maatschapyke instituut is geworden."(2)

Die Heer J.X. Merriman skryf 'n lang artikel oor die toestand van "een grote klas van onze Europese bevolking, bekend als de arme blanken." Sy artikel is in die eerste plek van toepassing op die Kolonie, maar het ook betrekking op die hele van Zuid-Afrika. Die verswakingsbeweging sê hy is nie beperk tot een seksie van die volk alleen nie want in sekere dele word die armes aangetref eweredig verdeel onder Hollands en Engelsprekendes. Hy wil dat die aanpakking van die probleem deur die Hollandse Gereformeerde Kerk geneem sal word en dat dit uit drieerly standpunt benader sal word:

- (a) Opvoedkundig.
- (b) Maatskaplik en
- (c) Stoflik - drie uiters belangrike aspekte

dus. As 'n moontlike werkverskaffingsmiddel beveel hy aan dat die Kaap Kolonie in plaas van haar rekrute uit Engeland te kry, vir haar verdedigingsmag, liever werklose

en net so bekwame jongmanne van die Kolonie self sal in diens neem.<sup>(1)</sup> - 'n wenk dus wat 35 jaar later deur die hele van Suid-Afrika toegepas was.

Na aanleiding van die brief van J.X. Merri-  
man skryf 'n korrespondent 'n lang artikel waarin hy die vraagstuk van die „Arme Blanken“ behandel en tot 'n sekere mate die metode van die regering in verband met die hele vraagstuk aanval. Die vraagstuk sê hy verdien 'n mens se ernstige aandag. Die regering se metode meen hy is net genoeg om die mense verder te demoraliseer - die politiek nl. van hulle klein aalmoese en lenings te gee. Die enigste oplossing is om aan die mense werk te gee en dit kan gedoen word deur hulle as bywoners by ryk mense op plase te vestig. Die korrespondent meld daarby dat in die distrikte Vryheid, Utrecht, Wakkerstroom, Ermelo, Standerton, Middelburg, Lydenburg en Carolina vrywel geen armes aangetref word nie.<sup>(2)</sup> Armes moet dus soveel as moontlik op die plase gehou word.

'n Volgende korrespondent, Andreas Coetzer, druk hom meer definitief uit teen die rigting wat ingeslaan was op 'n sekere tyd, die rigting nl. van armes in stede en dorpe bymekaar te trek. Hy begin deur die vraag te stel: „Heeft de Transvaal Arme Blanken“ en sy antwoord is dat in die Republiek so baie plaes is dat dit hom verbaas dat in Transvaal nog een persoon te kry is wat „vermogen“ is. Ook hy veroordeel die geldleenstelsel wat in toepassing was na die Runderpes, want daardeur kom die man wat nie grond het nie en wat dus ook nie 'n persoon kan kry wat gewillig is om borg te staan nie in ongenoë, en juis hulle is die persone wat die meeste hulp nodig het. Maar om die saak nog baie erger te maak sê hy dat „(er) zyn noch duizende armen die geen beest badden

---

(1) D.V.S. 29.1.98

(2) D.V.S. 1.2.98



te verliesen aan de pest." Die metode van grondverskaffing aan armes op dorpe keur hy ook af want dit juis lok die mense na die dorpe toe en ten koste van alles moet daarteen gewaak word. <sup>(1)</sup>

'n Laaste persoon, B.C. Lottering, wiese opinie aangehaal kan word, is ook teen die trek van armes na dorpe en stede. Hy doen 'n vriendelike beroep op die hele volk om memories te onderteken wat aan die Volksraad voorgelê sal word met die versoek om die arm Burgers te help. - „Het is betreurenswaardig om te zien hoeveel arme Burgers hier rondlopen zonder werk." Die armes kom na die dorpe om hulle nood te verlig, sommige in die hoop om werk op die myne te kry, maar helaas. Die armes, sê hy, word deur die mynbestuurders verstoot - „De Jingo's .. willen niet een enkele Boer werk geven." As 'n moontlike hulp stel hy die moontlikheid van 'n ryskultuur in Transvaal voor. <sup>(2)</sup>

Waar ons egter die duidelikste aanduiding van verarming kry is in die groot aantal aansoeke vir hulp van individue by die regering. In hierdie verband moet ons let op die ekonomiese-geestelike mentaliteit van die Republikeinse Boer. In alles wat hy doen wou hy selfstandig wees. Sy finansiële sake is sy privaat aangeleenthede en dit raak niemand anders nie. As hierdie mense dan so ver sou gaan om hulle finansiële toestand blood te lê aan die regering en om hulp vra kan ons begryp dat hulle toestand ernstig moes gewees het.

Onder die individuele aansoeke vind ons twee soorte van gevalle - (a) Persone wat persoonlik met hulle moeilikhede na die regering gaan en (b) Groepe van persone wat namens 'n enkele individu by die regering aanklop om hulp.

---

(1) D.V.S. 9.2.98

(2) D.V.S. 10.4.98

Veral ou mense wat weens siekte of ouderdom in 'n behoefte-  
 ge staat verkeer het is deur groepe van persone in be-  
 skerming geneem. In hierdie gevalle het die Volksraad die  
 behoeftiges ook nooit onversorg gelaat nie.<sup>(1)</sup> Baie van  
 die persone wat self aansoek gedoen het om hulp by die  
 regering was oud en afgeleef en dientengevolge nie in  
 staat om self in hulle behoeftes te voorsien nie. In  
 hierdie gevalle het die regering as 'n reel 'n helpende  
 hand uitgestrek by wyse van 'n maandelikse toelae of 'n  
 groot skenking ineens.<sup>(2)</sup> Baie ander gevalle kom voor  
 waar persone vra om kos en klere, om 'n stukkie uitval  
 grond of om 'n finansiële bydrae wat hom uit sy onmidde-  
 like nood sal red. In al hierdie gevalle gee die appli-  
 kant as rede vir sy behoeftige staat aan die heersende  
 landsprobleme soos dit op die verskillende tye voorgeval  
 het en soos dit behandel word in Hoofstuk III.<sup>(3)</sup>

As 'n reel was die staat teen die onder-  
 steuning van indiwiduele gevalle van armoede, omdat hulle  
 van mening was dat indien hulle eenkeer help daardeur 'n  
 ongesonde beginsel neergelê sou word wat dadelik navolging  
 sou vind, en bowedien was hulle van mening:

"dat in gevalle van armoede particuliere Liefdadigheid  
 voorsiening moeten maken."<sup>(4)</sup>

Seidell, 'n skrywer oor die tydperk, huldig dieselfde  
 opinie:

„Für die Armen, für Witwen und Waisen wird ohne Ver-  
 mittlung des Staates gesorgt."<sup>(5)</sup>

Enkele persone wat tengevolge van fisiese gebreke in 'n

---

(1) (E.V.R. 543-87 (2) (E.V.R.182-84 (4) E.V.R.1130-94  
 o.a. (E.V.R. 796-92 (E.V.R.191-88  
 (E.V.R.1027-92 o.a. (E.V.R.948-89  
 (E.V.R. 754-95 (E.V.R.457-90

(3) (S.S.1228 (R.11331-95 (5) A. Seidell - Transvaal,  
 (M.C.453-95 die Süd-Afrikanisches  
 (S.S.196-R.405-81 Republik p.171.  
 (E.V.R.392-88  
 (E.V.R.622-91  
 (S.S.1228 (M.C.453-95  
 (M.C.1631-97

armoedige staat verkeer het is ook altyd deur die staat te hulp gekom deur hulle voorkeur te gee in regeringswerk waarvoor hulle geskik is, soos bv. as oppasser van een of ander goewernementsgebou. (1)

Ook wil dit voorkom of die mate van hulpverlening nie soseer basseer was op behoefte nie maar wel op verdienste. D.w.s. dat persone wat hulle self reeds diensbaar gemaak het aan die staat se versoeke altyd in baie gunstiger oorweging geneem was as die van ander persone. Die weduwees van amptenare is vrywel nooit oor die hoof gesien nie terwyl daar gevalle voorkom van weduwees van landsburgers wat in moeiliker omstandighede verkeer het en aan wie geen hulp gebied is nie. (2) Die hoogste diens wat 'n Republikeinse Burger teenoor sy staat kon verrig was getroue en heelhartige ondersteuning op die slagveld, en daarom kom die defenetiewe rigting van die regering se beleid in hierdie opsig die beste uit. Dit was net nodig dat 'n Burger in een of ander veldtog swaar verwond moes gewees het om sy kanse vir 'n regeringspensioen baie goed te maak. Voeg hierby dat hy ten gevolge van daardie verwonding materiële skade gely het of nie meer in staat was om sy werk na behore te verrig nie, dan was hy absoluut seker om vergoeding in die een of ander vorm van die regering te kry. (3)

Ook het herhaalde gevalle van arm weeskinders wat in 'n onversorgde staat nagelaat was, voorgekom. So vroeg as 1880 reeds is 'n wet gemaak wat die versorging van kinders wat deur die dood of verlating van hulle ouers in 'n behoeftige toestand nagelaat was, beoog het. Kom so'n geval voor moet die persoon onder wiese sorg die kind verkeer, dadelik die saak by die naaste landdros

---

(1) (E.V.R.120997      (2) (V.R.B.1206-85  
      (E.V.R.1033-97      (E.V.R. 209-95

(3) (V.R.B.1299-87  
      (E.V.R. 304-95  
o.a. (E.V.R. 930-97  
      (E.V.R. 793-98

aanmeld sodat:

"middelen beraamd kunnen worden tot de onderhoud en opvoeding van zoodanig kind." (1)

Die betrokke landdros moet dan die kind in beskerming neem en teen publieke koste onderhou tot tyd en wyl iemand gevind is wat gewillig sal wees om as voog oor die kind op te tree. (2)

Aan hierdie gegewens as sodanig kan ons nie te veel aandag heg nie. Al het daar baie gevalle van individuele moeilikhede voorgekom is dit nog geen waarborg dat die gemeenskap as sulks verarmd was of 'n verarmingsproses deurgemaak het nie. In die geheel is 560 gevalle (3) van individuele moeilikheid gekry, maar onthou moet word dat hierdie getal die totaal is van 'n verskynsel wat oor 20 jaar saamgereken is. Interessant is dit egter om te sien hoedat die aantal aansoeke toegeneem het gedurende die laaste jare van die 19<sup>e</sup> eeu. Tussen die jare 1881-90 is 66 gevalle van individuele aansoeke teengekom, tussen die jare 1891-95 - 40 aansoeke terwyl die gevalle daarna ontsettend gestyg het en van 1896-1900 nie minder as 454 bedra het nie.

In Nederland waar altyd 'n warm gevoel vir die Republiek bestaan het, het die gedagte ontstaan om 'n maatskappy op te rig om mense wat na die Republiek wou verhuis finansiëel te steun. Reeds met die stigting van hierdie maatskappy is ernstige moeilikhede ondervind as 'n gevolg van die slegte ekonomiese toestand waarin die Republiek verkeer het, soos duidelik blyk uit die eerste verslag van die komissie:

---

(1) Wet No.13 van 1880 (3) Bylae X.

(2) { R.658, 660, 6225, 6378, 6565, 10106, 11217, 13016,  
    { 1528-97.  
    { R.1595, 1597, 2867, 2931, 9275, 12205, 17021, R.A.  
    { 10011-98.  
    { E.V.R.1069-90      D.V.S. 23.11.98.

"De minder gunstige berichten aangaande de economische toestanden in de Zuid-Afrikaansche-Republiek maakten het voor onze Commissie ter voorbereiding der stichting van een emigratiefonds niet raadzaam in dit jaar voor hare plannen een beroep op den steun van het publiek. (1)

Nogtans is die maatskappy kort na die verslag tog opgerig, maar die rapport vir 1891-92 is niks beter nie:

"De bezuiniging die door de landsomstandigheden ernstig werd aanbevolen, is door het gouvernement in practyk gebragt, ... hetgeen de kans om in's lands dienst geplaatst te worden voor nieuwe aankomelingen zeer deed inkrimpen en byna onmogelyk heeft gemaakt ... Voor ambachtslieden was het in het afgelopen jaar, met uitzondering van enkelen, ook niet gunstig zoodat zelfs eenigen naar Nederland teruggingen .... Emigratie van landbouwers, hetzy op groot schaal, hetzy van enkele persoonen, gaat noch steeds gepaard met groot bezwaren."

(b) PLATTELANDSE VERARMING.

Die mate van verarming wat ons in die Republiek aantref kan duidelik verdeel word in sy verskyning op die platteland en in die stede - die laaste waar dit die onmiddelijke en noodwendige gevolg is van die eerste. Die toestand van verarming was nie in al die dele van die Republiek tot dieselfde mate aanwesig nie. Die oostelike dele was klaarblyklik minder swaar getref as die ander.

In vrywel elke deel van Noord-Transvaal is die moeilike omstandighede op een of ander tyd gevoel. Deurlopende informasie oor die hele Vooroorlogse tydperk het ons nie. In die meeste gevalle word die toestande alleen op 'n enkele tydstip aangegee sonder dat ons meer gegewens kon kry of hierdie toestande verder ontwikkel het en nadelige uitwerkinge gehad het.

Toe die „Wet op Generale Opmetinge" deur die Volksraad behandel is het die lid van Waterberg beswaar teen sy inwerkingtreding gemaak omdat

"de Burgers in Waterberg die vele betalings niet zullen kunnen volbrengen." (2)

Dit was reeds in 1891 die geval maar met die loop van tyd het die toestande altyd erger geword, want ons vind dat dit die eerste distrik was waar aan blankes werk op paaie gegee is. Dit was gedoen tengevolge van 'n versoek van die Landdros van Waterberg teneinde die mense daardeur 'n middel van bestaan te verseker. Toestemming hiertoe was aan hom verleen en gedurende een jaar (1895-96) is £2836.9.11 uitbetaal aan lone in verband met die werk op paaie. (1)

Ook uit Nylstroom vra die Landdros autorisasie om blanke Burgers paaie te laat maak en herstel teen 5/- per dag. Die saak moes baie dringend gewees het want toe hy nie dadelik antwoord kry nie, het hy onmiddellik vir 'n tweede maal geskryf omdat

"de Burgers verkere in groot nood en het is hoog tyd hen te hulp te koomen door werk in de verschillende wyken te verschaffen." (2)

Die ekonomiese drukte was dus oor die hele gebied gevoel.

In Potgietersrust is nie alleen net in die distrik nie maar ook in die dorp aan die mense werk gegee. Hulle het aan strate en watervore gewerk vir 5/- per dag. Hulle was egter net tydelik hier employeer omdat hulle daarna deur die regering gebruik was as polisie en wagte in verband met die bestryding van die runderpes. Nogtans het die toestande baie kritiek gebly - alleen 'n klein klompie kon op die manier gehelp word - die ander het hulpeloos en onversorg gebly. Hulle toestand was so sorgwekkend dat uit Potgietersrus 'n dringende telegram met die volgende inhoud aan die Staatsekretaris gestuur word:

"wat moet ik doen met de inwoners die nu reeds een week en meer zonder voetzels zyn. Hier is niets te krygen en ook is de menschen te arm voor zich iets te koopnen."

Die regeringsantwoord was dat die mense regeringswerk gegee moes word teen 5/- per dag maar

---

(1) R.8406-96

(2) R.7960-97.

"alleen menschen die in de uiterste nood verkeeren en die gered moeten worden om niet van honger om te komen - Twee wagens met voedsel worden zoodra mogelyk van hier verzonden." (1)

Werk op paaie en ander goewernementswerk was nie in voldoende mate beskikbaar nie en daarom vra die Landdros dat teneinde aan hierdie mense 'n broodverdiening te verskaf hulle werk gegee sal word op die Pretoria-Pietersburg spoorlyn (2) - die eerste maal wat van soiets sprake was.

Uit Pietersburg het die regering 'n brief ontvang dat in die onderveldse wyk groot behoefte bestaan. Die veldkornette probeer om

"voor de vele arme en hongerige familien" eetware en mielies te kry. In die brief word gemeld dat verskillende blanke families op die rand van hongersnood verkeer, en dat onder die inboorlinge sommige reeds van gebrek omgekome het. (3) 'n Volgende berig is meer defensief en meld dat die nood hoog is op die volgende plekke in die Republiek: Madje, Blauwberg en die „Lage Velden." Daar word aangeraai dat dadelik minstens drie vragte graan na die geteisterde streke gestuur moet word wat in elk geval tydelike en voorlopige redding sal bring. Hiermee sal die saak nog nie opgelos wees nie, vir meer hulpmiddels sal nog voorsiening gemaak moet word en daarom word in die berig die wenk aan die hand gegee dat 'n goeie voorraad graan in Pietersburg gehou moet word. (4)

Om ook te help om die lot van die mense te versag het die landdros van Johannesburg 'n komitee saamgestel wat kollekte ingesamel het vir die noodlydendes in die Noorde van die Republiek. 'n Algemene oproep is tot dien effekte deur die onder sekretaris van Staat gedoen en wat hom daartoe gedryf het was dat

"de menschen in groote ellende verkeeren" (5)

---

(1) R.9232-96  
(2) R.15333-97  
(3) D.V.S.21.10.96

(4) D.V.S.20.12.96  
(5) R.9232-96

Die toestand van die arm mense het deurgedring tot die hele volk en van orals af is hulpmiddele aan die mense gestuur. Uit Ventersburg ontvang die staatssekretaris twee tjeks van £33.6.0 wat gekollekteer is vir die „mees" behoeftige Burgers in Pietersburg.

Treurmares het vanuit feitlik elke deel van die Republiek die regering bereik waarin die smart en ellende van noodlydendes beskryf word, en waarin om hulp gevra word. Die westelike dele van die Republiek was niks beter daaraan toe as die noordelike distrikte nie. In 1897 rig die Tweede Volksraadslid van Christiana die volgende dringende brief aan die Uitvoerende Raad:

„Met enige bedruktheid des gemoeds gevoel ik my gedrongen uw edele achtbare Heeren de treurige toestand en diepe armoede en hongerlydende en als het ware in naaktheid verkeerende toestand onder veele en veelen onzer Burgers alhier .... als ik onder het publiek moest rondga is het my hartverscheurend den diepe weklagen en groote armoede onder zo menige onzer Burgers te aanschouwen." (1)

Aan arm blankes was daar dan as 'n gevolg van die dringende versoek werk gegee deur die regering. Aan hoeveel Burgers werk gegee was en watter soort werk dit was word nie vermeld nie, maar die bedrag wat uitbetaal was aan werkloon het £680 bedra. (2)

In Bloemhof was die toestande reeds 'n stappie verder gevorder. Die mense was nie alleen sonder werk nie maar ook sonder kos. 'n Versoekskrif is oor die hele distrik saamgestel en aan die regering voorgelê

„verzoekende aan de Veldcometten autorisatie te verleen tot gratis voorziening van voedsel aan behoeftigen."

Die regering het toe alreeds maatreëls in die verband geneem en besluit om voort te gaan daarmee. Elke landdros het opdrag gekry om voedsel te koop en onder die behoeftiges te versprei. Hierdie besluit het nie alleen

---

(1) R.15674-97

(2) R.11258-97



net op Bloemhof betrekking gehad nie maar op die hele Republiek, orals waar armoede en honger voorgekom het. Teen die helfte van 1897 was nog net die rekening van die landdros van Soutpansberg gekry wat vir £1253 voedsel gekoop het. (1)

Ook in Bloemhof is aan die armes regeringswerk gegee. Weer word nie vermeld watter soort werk dit was en aan hoeveel mense werk gegee is nie maar in hierdie geval is £300 aan werkloon betaal. Die betrokke amptenaar wat die lone uitbetaal het meld in sy verslag dat hy nie van die mense 'n seël op die kwitansies verwag het nie omdat

„ze allen van armoede klaagden" (2)

Die veldkornette in Wolmaranstad kla ook oor die buitengewone ekonomiese drukte en vra dan tege-lykertyd dat die regering die arm mense moet help. Het die regering nie meel of mielies beskikbaar nie kan aan hulle geld gestuur word om <sup>vir</sup> die armes kos mee te koop, want „komt er geen plan dan vrees ik voor hongersnoot in zommige huisgezinnen." (3)

Dit is wonderlik hoe dikwels dat die vrees vir hongersnood uitgespreek is. Dit was die toestand in die distrik in 1898.

In 1897 het 'n baie strawwe koorssiekte oor die grootste deel van die Republiek geheers, en veral in verband hiermee kom die drukkende armoede duidelik te voorskyn. In 'n telegram uit Zeerust vra die landdros die regering om arm en koorslydende mense te help aan dinge soos meel, rys, tee, gort en - planke om doodskiste van te maak. In die Wyk Boschveld was die toestande veral baie erg. Hele huisgesinne is in die bed sonder voedsel.

„velen zelfs zonder iets als mielies en lyders die beterschap toonden na ontvangen medicynen hebben geen kost of versterkingsmiddelen."

---

(1) E.V.R.120-97

(3) R.12413-98

(2) R.11258-97

Die regering het £200 afgestaan vir die doel.<sup>(1)</sup> In verband met die strawwe koorssiëkte wat geheers het in Soutpansberg, Waterberg, Rustenburg en Marico het die regering die landdroste die vorige jaar reeds gemagtig tot die aankoop van koffie, tee, suiker en blikkiesmelk, gort, medisyne en alle ander benodighede vir die behoeftige siekes.<sup>(2)</sup>

In Marico was die toestande niks beter as op enige ander plek nie. 'n Gesamentlike versoek van die landdroste van Marico word aan die regering gestuur waarin hulle vra dat so gou as moontlik 'n begin gemaak moet word om aan die mense werk op paaie te gee want anders sal die regering hulle van kos moet voorsien. 'n Memorie van 230 persone uit die distrik het hulle saak as volg uiteengesit:

"dat de toestand onder de bevolking in deze wyk thans ZEEER TREURIG is, daar door de vele plagen in de laatste tyd byna de geheele wyk zoo verarmd is dat vele persoonen, WAARLYK hongersnood lyden."

Op grond van E.V.R.537-97 waarin die Volksraad besluit het dat ondersoek ingestel sal word waar orals aan mense werk gegee kan word, en aan welke besluit nog nooit enige uitvoering gegee is nie eis hierdie mense nou dat die regering hulle werk moet gee.<sup>(3)</sup> 'n Ander versoekskrif uit dieselfde distrik word aan die regering voorgelê waarin gevra word om

"arme weduwe en wezen die zonder versorging en in hoogst behoeftigen omstandigheden zyn achtergebleven van Regeeringswege van voedsel te voorsien."

Ook in Potchefstroom wat andersins 'n welvarende distrik was, was arm mense aangetref. Uit 'n omskrywe van die landdros blyk dit dat naby die dorp in Fredericksstad klein stukkies grond uitgegee is wat aan arm persone verhuur kan word.<sup>(4)</sup>

---

(1) R.3374-98

(3) R.10033-97

(2) R.7960-97

(4) R.5921-96.

In Rustenburg was die armoede en ellende seker op sy hoogtepunt en swaarder as in enige ander distrik. Maar ook hier net soos in die ander distrikte merk ons die eerste vermelding van moeilikhede in 1896 of 1897 op. Ten einde aan die baie behoeftiges van die distrik 'n mate van hulp te verleen is 'n kommissie van onderstand gevorm. Die kommissie vra die regering om vrystelling van spoorvrag vir die vervoer van vee en lewensmiddele uit ander distrikte, waar dit gekollekteer word. Die distrikte waar die vee gekollekteer is is Standerton, Heidelberg, Piet Retief en Utrecht. In Standerton is £70, 30 skape en bokke en 917 sakke mielies kollekteer, terwyl in Vryheid geld ingesamel is. Van 'n ander plek - dit word nie gemeld van waar af nie - word die ontvangs erken van 290 gekollekteerde skape vir die armes in Rustenburg. (1)

By hierdie feitlik algemeen heersende moeilikhede het daar nog in dieselfde jaar die reeds vermelde koors uitgebreek. Algemene ellende soos dit te weeg gebring het was dit egter op sy hewigste onder die arm mense. In hierdie verband kan ons die volgende vergelyk:

„Is dit reeds zwaar voor de gegoeden, erger noch is het voor de armen die door de runderpest al hun beesten verlooren hebben. Er is geen vleesch, geen melk, soms geen brood. In een huis, vind men niets dan een stuk pampoens als eten en geen kombaars of bed om op te slapen.”

Weekliks hierna sien ons van bydraes wat van orals af gestuur word aan die noodlydendes in Rustenburg. (2) Die toestande moes baie sorgwekkend gewees het as 'n gevolg van die talryke onheile wat die omgewing agtereenvolgens swaar getref het. Die runderpes het sy verwoestende werk gedoen sprinkane het die mense se vroeë gesaaides opgevreet en by dit alles was daar nog 'n groot droogte ook.

---

(1) R.5719-97

(2) D.V.S. 19.5.97

Algemene verarming was die gevolg hiervan.

"De menschen zyn te arm om elkaar te helpen ... Aan de Pilaansberg liggen zy op zakken en bedekt door een paar zakken."

Iemand het 'n bepaalde streek waar die koors heers besoek en gevind dat in 27 van die besoekte huisgewinne daar 'n absolute gebrek aan alles was. Die Heer van Belkum wat op daardie tyd pas uit Nederland gekom het en wat die ellende ook van naby gesien het skryf:

"Ik het in Nederland groote ellende gezien doch wat ik deze week ondervonde evenaart de ellende daar." (1)

Van orals af is die mense hulp verleen maar dit moes alles nog ontoereikend gebly het want 99 persone het 'n memorie met die volgende inhoud opgestel en aan die regering gestuur:

"De ondergetekende allen Burgers van het district Rustenburg in aanmerking nemende de groote armoede en ellende thans heersende in dit district onder de grootste gedeelte der Burgers .... in aanmerking nemende dat indien de arme Burgers niet in staat gesteld word om door handewerk in hun onderhoud en dat hunner huizegezinnen te voorzien aan den uitersten ellende en hongersnood zullen ten prooi vallen, dankbaar erkennende dat reeds veel van alle zyde voor de armeren klassen is gedaan doch tevens inziende, dat het voor blanke krachtige personen meer dan vernederend is altyd afhankelyk te zyn van de publieke liefdadigheid overtuigd dat ook onze arme Burgers niettegenstaande beweringe van het tegendeel ten alle tyde bereid zyn en het volstrekt niet beneden sich achten door handenarbeid in hun onderhoud en dat hunner familiën te voorzien, komen tot u met de dringende bede aan de H. ED. Regeering de noodige machtiging te verleenen om de in dit district zoo zeer noodige publieke werken als verbeteringe en aanleg der voornaamste verkeerswegen te laten verrigten op gouvernementskosten en dese werken door de arme Burgers onder behoorlyke opzicht en tegen billyken vergoeding te doen uitvoeren zullende zy daardoor niet alleen in staat gesteld worden in hun onderhoud te voorzien maar tevens zullen dezen werken strekken tot nut en voordeel van het algemeen." (2)

Uit hierdie memorie merk ons die ekonomiese moeilikheid van die arm mense maar tegelykertyd nog hulle eergevoel wat gekrenk geraak het by die gedagte van absolute afhanklikheid aan ander mense. Die mense wou nog, as hulle

---

(1) D.V.S. 29.5.97

(2) R.10033-97.

maar net die kans daartoe gehad het.

Die Oostelike dele van die Republiek het ongetwyfeld tot die ekonomies sterkste van die Republiek behoort. In 1898 skryf 'n persoon in „De Volkstem“ dat die grootste gedeelte van die Republiek met armoede bedreig word, dat alleen in die distrikte Vryheid, Utrecht, Wakkerstroom, Ermelo, Standerton, Middelburg, Lydenburg en Carolina vrywel geen arm mense aangetref word nie.<sup>(1)</sup> Ons het dan ook net 'n paar gevalle kon teenkom waar melding gemaak word van besondere drukkende omstandighede, en self hierdie paar gevalle weeg nie op teen die armoede wat in ander plekke aangetref was nie.

Uit Utrecht is 'n versoek gestuur dat mielies beskikbaar gestel moet word deur die regering wat teen 'n lae prys aan die arm mense verkoop kan word.<sup>(2)</sup> Twee jaar later in 1898 het 26 persone uit Roos Senekal die regering gevra om arm en siek mense van hulle omgewing te help omdat

„het de bedoelde arme kranken menschen ten eenen male ontbreekt aan het allernodigste. Legesteden zonder het daarby behorende dek dient hun tot ligging terwyl de schamelyke voedsel, om hunne zieke lichamen te versterken niet voorradig is.“<sup>(3)</sup>

Die regering het besluit om £100 te gee waarmee die allernodigste vir die mense gekoop kan word.

Ofskoon die okkupasie gronde uitgegee was met die doel om verarming teen te gaan, wil dit tog voorkom of die plan nie aan sy doel beantwoord het nie. Die hoofdoel met die uitgee van die okkupasie grond was om die groot gebiedens wat nog oopgelê het in die Republiek woonbaar te maak en om tegelykertyd ook arm mense te help. In Junie 1870 reeds het die Volksraad besluit om die grond tussen die Harts en Vaalriviere in Bloemhof distrik uit te

---

(1) D.V.S. 1.2.98  
(2) E.V.R.833-96

(3) R.3226-98.

gee vir okkupasie doeleindes. Die redes waarvoor en die voorwaardes waaronder word egter nie aangetoon nie. (1)

Die volgende streek wat in aanmerking gekom het vir okkupasiedoeleindes was Soutpansberg en indien dit nodig mag blyk ook 'n deel van Waterberg. (2) Hierdie plase

„worden om niet uitgegeven”

na behoorlike kennisgewing daarvan in die staatskoerant en in die toekenning waarvan voorkeur gegee sal word aan Burgers van die Republiek.

Dat hierdie wet in sy beginstadium nie in elke opsig bevredig het nie blyk duidelik uit die besware wat opgekom het teen die strekking daarvan. Die grond verval te maklik in die hande van spekulante tengevolge van 'n absolute gebrek aan geld by arm okkupante. Die verlokking wat buitelandse spekulante aan die arm mense stel het dikwels onweerstaanbaar geword. Om die moeilikhede uit die weg te ruim het die regering besluit tot die oprigting van 'n komitee

„voor de uitgifte van openbare goewernementsgronden”

Hierdie oop goewernementsgrond het gelê tussen Marico, Krokodilrivier en Magalaquin langs die Krokodilrivier af en die grond tussen Ohrigstad en die Olifantsrivier. Die Volksraad stel die oorsake van die verval van die okkupante tot absolute armoede as die gevolg te wees van die gebrek aan vervoermiddels, gereedskap, marke en

„dikwyls zelfs aan de noodige levensbehoefte.”

Om dan

„de noodige steun en hulp te verleenen aan menschen die wel willen, maar die door gebrek aan middelen niet kunnen”

is die beoogde doel van die opgerigte komitee. (3)

Ook onder die publiek het die okkupasie wet nie algemene tevredenheid gegee nie want in 1891 is

---

(1) L.W.1849-85 p.385

(3) E.V.R.1151-90

(2) Wet No.8 van 1886

'n versoekskrif na die Volksraad gestuur waarin gevra word dat die wet moet verander word. Toe die wet gemaak is was daar nog baie op grond in Soutpansberg, met die loop van tyd egter het die bevolking groot geword sodat arm mense daardeur baie moeilikhede opgelê is.<sup>(1)</sup>

Met die loop van tyd moes dit met die okkupante in Soutpansberg bepaald sleg gegaan het want in 1892 word 4 versoekskrifte onderteken deur 490 persone uit Soutpansberg by die Volksraad ingehandig en waarin hulle om vergunning vra om die grond weer te verlaat. Die Volksraad het die vergunning toegestaan sodat die mense vir hulle 'n verdienste kan gaan soek want anders „zou zy van ellende sterven“<sup>(2)</sup>

Die Mapochsgronde was 'n ander oord waarin, in die negentiger jare nedersetters aangetref was. Die Mapochsgronde is na die oorwinning op die hoofman as regeringsgrond proklameer, in klein plasies van 8 morges opgedeel en aan die Burgers verkoop teneinde 'n bufferstaat te vorm tussen blankes en naturelle. Die logiese gevolgtrekking waartoe 'n mens nou reeds kom is dat die meeste van die mense wat van hierdie voorregte gebruik gemaak het behoefdig moes gewees het. Geen grondeienaar of persoon wat enige vooruitsigte gehad het sou hom aan die lotgevalle van hierdie skrale vooruitsigte onderwerp het nie. Afgesien hiervan egter beskik ons ook oor die nodige dokumentêre verwysings om aan te toon dat die mense in 'n baie armoedige toestand geleef het.

In die heel eerste versoek wat hulle tot die regering rig, wat maar 'n klein rukkie nadat hulle daar gekom het was meld hulle dat

„(het) meest alle arme menschen zynde wien zich hier ter woon gevestigd heeft.“

'n Volkstemkorrespondent meld dat

---

(1) E.V.R. 589-91

(2) E.V.R.505-92.

„wy moeten in acht nemen dat de armste des lands daarheen getrokken zyn.“

President Kruger praat van hierdie mense in 'n toespraak wat hy voor hulle gehou het as

„Het armste ... gedeelte van ons land.“

'n Persoonlike opinie van een van die teenswoordige bewoners van die grond is dat net arm mense die Mapochsgronde okkupeer het en dat hulle ook meestal bywoners was waar hulle vandaan gekom het. In 1884 was dit ook alreeds vasgestel dat niemand in die Mapochsgronde enige vaste eiendom op sy naam gehad het nie. Baie van die okkupante was te arm om hulle jaarlikse belasting van 16/- te betaal.

Die armoede het so toegeneem dat die regering moes ingryp en hulp verskaf deur aan die mense werk te gee. In 1896 al was daar van sommige van die mense gepraat wat

„Reets op den Rant van hongersnood ben.“

Aanvanklik was die maak van paaie in die gebied 'n gemeenskaplike en vrywillige werk. Baie persone het naderhand egter nooit opgedaag om te help nie. Die klein klompie gewilliges het hierop van die regering 'n vergoeding gevra waarop £300 aan hulle toegeken was. Toe eers eenmaal deur die regering hulp verleen was is daar 'n prinsiepe neergelê waarvan nie meer afgesien kon word nie. Vergoeding moes voortaan gereeld gegee word. Die loon-skaal is vasgestel op 5/- per dag vir mans bokant 21 jaar en 3/6 per dag vir seuns tussen 16 en 21 jaar. Dit bring ons tot die gevolgtrekking dat anders as in die gewone gevalle van blanke arbeid op paaie, dit hier in sy beginstadium nie 'n noodgedwonge verpiste was nie. In 'n later stadium egter was dit bepaald die geval gewees. Om die mense in staat te stel om hulle uitgenome grond-briewe te kan betaal het die regering die mense laat



werk

„aan zekere paden en een dam.”

Die toestand van die mense het gedurende die hele regime van die Republikeinse regering nie verbeter nie, want latere dokumentêre getuienis staaf die armoedige staat waarin die mense in die vroë stadium verkeer het.<sup>(1)</sup>

Ons beskik oor nog ander gegewens ook wat die bestaan van armoede aantoon, sonder egter dat daar enige spesiale verwysing gemaak word na 'n bepaalde distrik of 'n bepaalde omgewing. In Januarie 1882 reeds is daar van verskillende kante klagtes by die regering ingedien oor die roekelose wyse waarop die verskillende banke wat geld aan die Burgers geleen het dit nou weer opeis. Soiets kan alleen die ondermyning van die krediet van die hele land tot 'n gevolg hê, omdat dit noodwendig die Burgers in armoede moet dompel.<sup>(2)</sup>

(c) STEDELIKE VERARMING.

In die teenstelling van landelike tot stedelike armoede vind ons dat die verskynsel van stedelike armoede nie algemeen was nie maar hoofsaaklik beperk was tot die groter stede van die Republiek naamlik Pretoria en die Rand. Dit weer kan daaraan toegeskryf word dat die dorpe soveel groter was as die ander dat dit 'n verleiding was vir die mense om daarheen te trek met die hoop dat hulle daar 'n wyer werkkring sou vind. In baie gevalle was die mense teleurgestel, die wye arbeidsveld wat hulle hulle self gewaan het was nie daar

---

(1) Gedagtes na aanleiding van 'n verhandeling van F.S. Cillie oor „The Mapoch's Gronden - an aspect of the poor white Question” waar hierdie saak baie breedvoerig bespreek word.

(2) R.776-82.

gewees nie of die toestroming was so groot dat dit die aanvraag oortref het.

In Pretoria moes toestandemet die loop van tyd baie ernstig geword het sodat die Kerk, die regering, die stadsraad en die publiek, almal opgetree het in belang van die verarmde mense. Die eerste gegewens wat ons in die verband het is toe die landdros in 1894 aansoek gedoen het by die regering vir die oprigting van:

„eene lokatie voor arme menschen.”

Hy gee aan die hand dat vir die doel 'n stuk grond aan die Westekant van Pretoria afgestaan sal word.<sup>(1)</sup> Aan die versoek is in dieselfde jaar nog uitvoering gegee en die grond wat afgestaan was is die volgende:

„Een open stuk grond liggende aan de Westsyde van het dorp tusschen de spruyt by het Kerkhof en de Potgieterstraat tot waar de Vermeulen en Struben straten met de Potgieterstraat kruisen.”

Op die tydstip moes baie arm mense reeds hier gewoon het want die landmeter aan wie opdrag gegee was om die omgewing van die armes op te meet, kla dat dit onmoontlik is omdat die terrein reeds te dig bewoon was. Groot behoefte moes hiervoor bestaan het want op die 1<sup>e</sup> Februarie 1897 rig die landdros 'n tweede versoek tot die Uitvoerende Raad waarin hy vra dat teneinde aan die aanvraag te voldoen nog 'n stuk grond by die wat reeds opgemeet was moet gevoeg word. Die omgewing was reeds as die agterbuurtes van Pretoria beskou en het die vaste naam van „Velschoen Dorp” gedra. Uit offisiële opgawes van April 1897 tot September 1901 blyk dit dat 215 verskillende families vir wisselende termeine in hierdie buurte gewoon het.<sup>(2)</sup>

In 1897 rig die landdros van Pretoria weer 'n versoek tot die Uitvoerende Raad waarin hy vra of daar,

---

(1) S.S.1204 R.8008-94.

(2) S.S.1204 R.8008-94.

ondanks die feit dat die Arm Burgerfonds uitgeput is nie nog aan werklike arm Burgers kos gegee kan word nie. (1) Hierdie toestand van sake kon alleen aan 'n groot mate van werkloosheid wat in Pretoria moes bestaan het toegeskryf word want in dieselfde jaar rig 25 persone die volgende versoekskrif tot die regering:

„Wy de ondergetekende Burgers zyn alle behoefstig en arm dat ons geen verdienste kan krygen en wy hebben vrouw en kinderen die moeten eten en daar is niets van te leven wy moeten allen van honger vergaan wy verwachten niet de werken van kantoren maar enige werken buiten kantoren het zyn met graven pikken op den lyn en in den straten of buiten wegen en waar gy kaffers huuren kunnen wy in plaats genomen worden Uw. H. eegeb. Heeren wy geeft niet om want anders moeten wy vergaan van honger. (2)

Kort hierna is weer 'n versoek van 48 Burgers, ook uit Pretoria, aan die Volksraad voorgelê waarin hulle verklaar dat hulle absoluut niks besit nie, dat hulle van handearbeid moet leef maar geen werk kan kry nie. Hulle vra die regering om raad en voorligting -

„waardoor wy ons en ons familie van honger en zeer groote gebrek zou kunnen redden.“

In hierdie verband versoek die Heer A.D.W. Wolmarans, die Eerste Volksraadslid van Pretoria die Uitvoerende Raad, om die stadsraad van Pretoria opdrag te gee om die arm Burgers van Pretoria van werk te voorsien. (3)

Die werkloosheid van die mans moes 'n aller bejammerenswaardige toestand in baie huise geskep het. Gevalle van absolute broodsgebrek is aangetref. Die veldkornet skryf aan die Staatssekretaris dat in Pretoria baie arm mense is wat absoluut sonder kos is en ander weer wat onvoldoende voedsel het. (4) 'n Groep vrouens wat ook die nooddruf van die armoede moes getmaak het rig die volgende jammerlike brief tot die lede van die Uitvoerende Raad:

---

(1) S.S.1514 R.14834-97  
(2) S.S.1458 R.10033-97

(3) S.S.1583 R.2909-98  
(4) S.S.1880.R.136-99.

"Het is uit naam van velen dames dat wy ons tot den Uitvoerende Raad richten om ondersteuning te vragen in de behoeften van velen onzer noodlydende dorpsgenooten en wel in het vorm van het uitreiking van kleederen en beddegoed, voor vrouwen en kinderen .... (wy) hoop dat waar zooveel gedaan wordt door de regering voor voeding der armen, u ook ons zult helpen en deze zaak zult willen steunen." (1)

Dit is klaarblyklik dat die werkloosheid en armoede wat algemeen heersende was in Pretoria die regering forseer het om 'n metode van hulpverlening toe te pas wat in sy wese weer die kieme van verdere degenerasie gedra het, - 'n metode waarvan die gevare ingesien is en wat ondanks versoeke van die Platteland tot Pretoria beperk is. Teneinde aan die werkloos 'n mate van tegemoetkoming te bied skryf die landdros van Pretoria in 1895 'n brief aan die regering waarin hy

"de wenschlykheid aantoonende om arme Blanken, die zonder thuis rondzwerwen in Pretoria een stuk grond te geven waar zy rustig kunnen woonen."

Die Volksraad het met die versoek saamgestem en besluit om die saak in behandeling te neem. (2)

'n Komitee is hierna aangestel om verder op die saak in te gaan. Nadat hulle die saak deeglik ondersoek het is die volgende konsepregulasie opgestel en wat deur die Tweede Volksraad ook goedgekeur is: Indien die regering dit wenslik ag kan 'n gedeelte van die dorpsgronde van Pretoria beskikbaar gestel word om te verhuur aan "Arme Blanken". Die erwe sal 50 x 100 vt. groot wees en waarvoor 'n jaarlikse huur van 12/- moet betaal word. (3) Die bespreking van die saak gee ons interessante informasie. Die kommissie wat oor die saak gehandel het is die beskeie mening toegedaan dat

"het niet wenschelyk is, en strekken zal tot de bevordering van het welzyn en voortbestaan der "arme blanken" wanneer zy hier ter stede verzamelen en dan weinig of niets te doen krygen; maar denkt dat het veel beter

---

(1) S.S.1880 R. 136-99

(2) E.V.R. 58-95.

(3) (E.V.R.143-96  
(T.V.R.959-96.

zyn zal, zoowel voor de ouders als voor hunne kinderen, wanneer zy uitgaan naar de Boeren plaatsen om aldaar een beter bestaan te krygen, daar toch zyn de kinderen niet zoo blood gesteld aan de vele verleidingen als in de stad."

Die opeenhoping in die dorpe is

"niet alleen ongezond maar ook verderfelijk voor de goeden zeden."

As teenwig hierteen het 'n paar van die Volksraadslede die argument gebruik dat in die dorpe meer kanse op verdienste is soos bv. deur te was en stryk en dat die mense dan ook die kans sal hê om hulle kinders na 'n skool te stuur wat op die platteland nie altyd die geval is nie. 'n Ander persoon deel egter mee dat dit in Pretoria voorkom dat ouers in plaas van hulle kinders skool toe te stuur

"werden zy rondgestuurd om couranten te verkopen en by het spoorwegstation pakjes te dragen."

Lede van die Raad het gemeen dat die arm mense na die platteland moes gaan om, waar daar 'n gebrek aan arbeidskragte was in die landbou en ander boerderyaangeleenthede, behulpsaam te wees. Die mense moes as bywoners die land ingaan liewers as om op die dorpe te vergaan. Die huisvesting van armlankes het, in hulle opinie, hier net soos in die hele wêreld reeds 'n lewenskwestie geword. Die Heer Vermaas mœen dat daar 'n streep getrek moes word, welke arm mense deur die staat versorg moes word want anders:

"zou een dorp als Pretoria overstroomd worden van zoodanige arme personen." (1)

Die algemene beginsel wat deur die meerderheid van lede voorgestaan word is dat sover as moontlik gevaak moet word teen die ophoping van armes in dorpe en dat hulle soveel as moontlik op die platteland gehou moet word. Inderdaad 'n wyse beleid maar ongelukkig het hulle deur die vergunning te verleen van grond in Pretoria aan

---

(1) T.V.R. 944a-96

armes te gee 'n verkeerde prosedure geskep. Weldra sou ook ander arm mense dieselfde vergunning vra vir ander dorpe. Die trek van die platteland na die dorpe wat reeds geruime tyd aan die gang was het nou in 1896 defenetiewe vorm aangeneem.

Kort na bogenoemde besluit het daar 'n versoek van die platteland gekom dat orals waar nodig klein stukkie dorpsgrond aan arm Burgers verhuur sal word. 'n Soortgelyke verscek kom uit Johannesburg waarin die mense vra vir

"stukjes grond teneinde die te kunnen bewerken en zoodoende in hunne ellende tegemoet te komen."<sup>(1)</sup>

In ongeveer dieselfde tyd kom daar van Burgers uit die Distrik Middelburg, ondersteun deur hulle landdros, twee aansoeke by die Uitvoerende Raad waarin hulle vra dat aan arm Burgers klein stukkie grond in die dorpe gegee sal word om op te woon.<sup>(2)</sup> Die Uitvoerende Raad het besluit om ten opsigte van die versoeke by die regering aan te beveel om waar dit wenslik voorkom, sulke grond aan arm mense te verhuur, maar onderhewig aan dieselfde voorwaardes as die wat reeds in Pretoria uitgegee is.<sup>(3)</sup>

Die Eerste Volksraad het egter die gevaar besef van die trek na dorpe en het dit afgekeur, maar terselfdertyd toegestem om die armes met grond in die distrikte te help.<sup>(4)</sup> Om die mense dan uit die dorpe weg te hou besluit die Volksraad om die regering op te dra om regulasies op te trek waardeur arm mense in staat gestel sal word om persele goewernementsgrond in die verskillende distrikte onder leen te kry. Die Heer A. Wolmarans het teen die maatreël gestem omdat hy bevrees was dat dit nog 'n geruime tyd sal duur eerdat die regering

---

(1) S.S.1228 R.8453-96

(3) S.S.1204 R.5921-96

(2) (S.S.1204 R.5921-96  
(S.S.1204 R.11782-97

(4) S.S.1204 R.14053-97.

die regulasies opgetrek het en „de armen intusschen te veel armoed en gebrek zullen lyden.”<sup>(1)</sup>

Nadat hierdie besluit deur die Volksraad geneem is het daar nog verskillende memories o.a. uit Middelburg en Potchefstroom gekom waarin die mense vra om in dorpe klein stukkie grond te kry.<sup>(2)</sup> Die Volksraad het egter haar besluit gehandhaaf en in geen geval weer aan mense in dorpe grond gegee nie. Tenspyte van hierdie maatreeël egter het die trek na die dorpe voortgeduur.

Die ekonomiese toestande in Johannesburg het niks verskil van die in Pretoria nie. Armoede en ellende was allerweë te bespeur. Een duidelike onderskeid bestaan daar egter in die verwordingsproses tussen die twee sentras. Waar in Pretoria die saak nog beperk was tot die ekonomiese lewe van die Afrikaner was die sedelike en morele agteruitgang in Johannesburg reeds duidelik waarneembaar. Dit kon ook nie anders nie. Pretoria was hoofsaaklik 'n Boeredorp waar vreemde elemente 'n seldsaamheid was. In Johannesburg was die Afrikaner omring deur uitlanders uit alle moontlike lande en wat ook nie altyd behoort het tot die keur van die nasie van wie hulle afstam nie.<sup>(3)</sup> Pretoria was nog 'n simpatieke omgewing waar die gevallene 'n helpende hand sou vind - Johannesburg deurspek van vreemde fortuinsoekers, wat vreemd en onverskillig gestaan het teenoor Suid-Afrikaanse omstandighede en wat bepaald vyandig was teenoor die Afrikaner sedes en gewoontes, was 'n ruïnerende omgewing waarby die Republiek hom nooit sou aanpas nie. Noodwendig sou 'n botsing van belange ontstaan en 'n botsing waarin die Afrikaner sou ondergaan want die Burgers wat na Johannesburg gevlug het het nie uit weelde daarheen gegaan nie, maar het reeds

---

(1) E.V.R.1370-97  
(E.V.R.1740-98  
(2) (E.V.R.1742-98  
(E.V.R.1762-98

(3) W. Henry Penning - A Guide  
to the Gold Fields of South  
Africa - p.24.

met hulle aankoms in Johannesburg behoort tot die armstes van die volk. Ekonomies swak onderleg soos die mense was was hulle onbedagsaam teen die doelbewuste parasitiese bloedsuiery. Die mynindustrie was heeltemaal in die hande van die uitlanders en opsetlik is die Afrikaner daar uitgehou. So duidelik was die boikot dat 'n korrespondent in „De Volkstem” onomwonde verklaar het

„De Jingo's .... willen niet een Boer werk gefen.”<sup>(1)</sup>

Die beweging vir hulp verskaffing aan noodlydendes in Johannesburg gaan uit van die mynkommissaris wat 'n versoek tot die regering rig waarin hy vra dat 'n stuk grond iewers in Johannesburg beskikbaar gestel sal word waarop die armes kon gaan woon.

Dit is, sê hy

„hartverscheurend om te zien dat de kaffers en koelies voorzien is van woningen terwyl oude arme Burgers die gewoonlyck de spit voor het land moeten afbyten nu rond gejaagd worden. Ik heb hier eenige families onder bokzeilen wachtende naar een woonplekje.”<sup>(2)</sup>

Die kwessie van werkloosheid in Johannesburg het herhaaldelik voor die Volksraad gekom en uit die besprekings van die saak sien ons dat toestande van dag tot dag erger word. 'n Kommissie was reeds aangestel om te help sover as wat in hulle vermoë was, deur geld en lewensbehoefte te kollekteer maar die algemene gevoel was dat dit slegs tydelike maatreëls was - die enigste blywende oplossing sal wees om die mense van permanente werk te voorsien. Die Heer Dieperink sê dat sonder dat hy daarmee te koop wil loop hy tog die aandag daarop wil vestig dat die toestande in Johannesburg ernstig is. Hy het persoonlik sy kantoor beskikbaar gestel waar persone hulle kan registreer vir werk. In die laaste vyf weke sê hy (d.w.s. die vyf weke voorafgaande aan die 9<sup>e</sup> September 1897) is aan 570 mense werk verskaf terwyl daar nog

---

(1) Vgl. Bls. 23.

(2) S.S.1204 R.5921-96.



600 ander hulle kom aanmeld het. Aan hom was ook vir sekerheid meegedeel dat daar 4000 werkloos in Johannesburg was - dit uit 'n totaal van 51,225 blankes wat in Julie 1896 in Johannesburg was<sup>(1)</sup> - Hy het self onder die mense rondgegaan en vind dat baie families uit ander distrikte, veral uit Marico, na Johannesburg kom met die hoop om werk te kry. Die opinie van 'n ander lid was dat aangesien

„de arme menschen reeds van kommer en ellende omkwamen, moest so spoedig mogelyk geholpen worden.”<sup>(2)</sup>

In sy rondreis deur die land het die Staatspresident op Johannesburg beloof dat hy alles in sy vermoë sal doen „om de arm Burgers en werkelozen tegemoet te komen en om de nood te lenigen.”<sup>(3)</sup>

Staatshulp is dan ook inderdaad ingeroep toe die landdros van Johannesburg aan die Staatssekretaris telegrafeer en vra om

„schoenen voor vrouwen en kinderen die geheel behoeftig zyn en bloodsvoets loopen.”<sup>(4)</sup>

Die toestand het altyd meer sorgwekkend geword. In die begin van 1898 ontvang die Uitvoerende Raad die volgende brief onderteken deur 415 persone:

„Wy de ondergetekende Burgers en inwoners van Johannesburg geven met verschuldigde eerbied te kennen dat wy door wanhoop en armoede zoover gedrongen zyn, dat wy verplicht zyn tot U E.H. te komen met de bede om ons in onze ellende te willen helpen ... Er zyn ongeveer een duizend families hier, die zoo arm zyn dat zy geheel en al van handwerk moeten afhangen ... Wat moet van onze kinderen worden? Wy zyn verplicht het zonder school te laten blyven.”

Ons sien dus dat as 'n onmiddelijke gevolg van die ekonomiese agteruitgang die volkslewe ook aangetas gaan raak. Hierdie mense besef self die noodlottigheid van hulle

---

(1) Op die 15<sup>e</sup> Julie 1896 was 'n sensus net vir Johannesburg alleen gehou. Die uitslag het bogenoemde syfer aangetoon. Van hierdie mense was 32,741 mans en 18,484 vrouens. Die oneweredige verhouding tussen die geslagte kan aan die bestaan van die goudmyne toegeskryf word. In die sensus opname is alle parke en moontlike plekke waar mense kan slaap, in die nag deurgesoek en op die wyse is 400 swerweling gevind wat nie 'n ouderdak gehad het nie. D.V.S.31.7.96.

(2) E.V.R.1087-97

(4) S.S.1888 R.1588-99.

(3) D.V.S.10.9.97.

verblyf in Johannesburg en daarom vra hulle die regering dat klein stukkie grond op die platteland aan hulle gegee sal word van  $\frac{1}{6}$  morg groot, dat die regering hulle ook aan vee en gereedskap sal help sodat hulle weer 'n begin kan maak. Hiervoor bied hulle dan aan om 'n jaarlikse huur van £3 te betaal. (1)

Insake die hele vraagstuk van verarming in Johannesburg is 'n komitee deur die regering aangestel om die saak te ondersoek. Die bevindinge van die kommissie toon aan ons tot welke mate die proses van verarming reeds ontwikkel het. Hulle vind dat daar 'n onophoudelike toestroming van arm Burgers uit alle dele van die Republiek na Johannesburg is en dat die mense deur honger daartoe gedryf word om naderhand enige soort van werk te doen. Hulle spreek dit as hulle mening uit dat die regering die mense permanent moet help anders sal

"ons volk door de armoede langzamerhand zedelyk zoowel als finansiëel tot de laagste trap vervallen."

Die Afrikaner is die beste geskik om sy bestaan uit die grond te maak en daarom moet sorg gedra word om hom weer op die platteland te kry. (2)

Die Volkstem behandel die kwessie van die ontsettende armoede wat in Johannesburg heers en nou daarmee saamgaande die kwessie van werkloosheid in 'n inleidingsartikel. Die blaam hiervoor word op die goudvelde gelê, wat altyd maar weer probeer om die getal werkers te verminder en die wat hulle reeds amptenaar se salarisse te verminder. (3)

Ofskoon die goudmyne in hierdie vroeë jare reeds 'n ontsaglike kapitaal verteenwoordig het - in 1885 is goud ter waarde van £140,086 uitgevoer, in 1886 £274,155 in 1887 £472,974 en in 1888 ter waarde van

---

(1) S.S.1635 R.8051-98.

(3) D.V.S. 30.6.98.

(2) S.S.1635 R.8051-98

£906,594<sup>(1)</sup>, het dit ook van die begin af ellende en verdriet met sig meegesleep. In 1874 beskryf 'n toeris, toe die kleiner myne maar nog in hulle beginstadia was, die toestand as volg:

"Dear provisions, expensive transport, and war, have been to many for the diggers; poverty has set in."<sup>(2)</sup>

In 1875 was die toestande aan die Kaapse goudveld nie veel beter nie. Met die aankondiging van die velde is groot opspraak verwek. Alleen enkele persone het 'n klein winsie gemaak maar die oorgrote meerderheid het tyd sowel as geld gemors. Die produksie koste per ons goud was tenminste £10 terwyl hulle maar £3.10.0 per ons gekry het.<sup>(3)</sup> Selfs op die Lydenburg goudveld was toestande nie so gunstig nie. Dieselfde skrywer se opinie oor die velde in 1877 was dat:

"Of those diggers who preserved through discouragements of every kind, the majority met with a faint measure of success<sup>(4)</sup> Parties of Australian and Californian diggers of long experience had come to these fields and had worked long with varying fortune ... Men, too have come ... of every rank in life and "loafers" ... and who had come a great distance with little money to fall back upon. These latter were the most to be pitied, for the country was heavy, the roads, difficult and provisions became both scarce and dear, and to make a living was almost impossible ... Need it be a matter for surprise that not only the faint hearted but the strong became disheartened and left the fields... Some found lucrative employment at the Diamond Fields while others dispersed as only such a population can."<sup>(5)</sup>

In later tye toe die goudbedryf reeds gevestig was was die toestande by die myne nog in baie opsigte sorgwekkend. Op aanbeveling van die Industriële Komissie besluit die Volksraad dat woonplek vir blanke arbeiders by myne beskikbaar gestel sal word sodat hulle nie meer so afhanklik van die mynmaatskappye sal wees nie.<sup>(6)</sup>

In 1897 was 18905 blankes werksaam op die myne. Aan hulle was 'n totale salaris van £2,118,754

- 
- (1) Dr. H. Blink - Transvaal en omliggende lande p.87.  
 (2) R.J. Atcherley - A Trip to Boerland p.98.  
 (3) W. Henry Penning - A Guide to the Gold Fields of S.A.  
 (4) do p.12 (p.41)  
 (5) do p.24  
 (6) E.V.R.1572-97.

betaal wat 'n gemiddelde van  $\frac{1}{2}$  £111.11.0 per man gee. <sup>(1)</sup>

Hieronder word ook die salarisse van hooggeplaadsde amptenare ingesluit en as ons daarop let kan ons goed begryp dat die gewone arbeider maar 'n karige loon sou ontvang het.

Teneinde aan die akute behuisingsprobleem by die goudmyne oplossing te gee het die Volksraad besluit tot die oprigting van die sg. „standplaatsen”. Dit was klein stukkie grond 50 x 50 voet groot wat aan behoeftige en arm inwoners van Johannesburg vir 2/6 per maand verhuur is. <sup>(2)</sup> Met die uitgifte van die grond moes die grootste onregverdigheid aangegaan het want aan ryk mense en regeringsamptenare is voorkeur gegee by die verkoop daarvan terwyl die armes kennis gekry het om hulle standplaats vir spoorwegdoeleindes te ontruim. <sup>(3)</sup> Die mynkommisaris het ontken dat standplaats in Johannesburg ontnem word van arm mense maar tog is aan 'n veertig of vyftig persone toekenning van standplaats geweier omdat „zy slechts eene kleine gedeelte van de arme bevolking alhier uitmaken. Slechts veertig of vyftig personen zouden geholpen worden en wat word van die restde duizenden?” <sup>(4)</sup>

Uit Fordsburg kom 'n versoek dat die standplaats aan die mense teen 'n billike prys gegee sal word. Die mense kan onmoontlik nie nou hulle opgerigte huise gaan afbreek en die plek verlaat nie omdat hulle te veel onkoste daaraan gehad het en omdat hulle buitengewone armoede ook nie soiets toelaat nie. <sup>(5)</sup>

50 Persone uit Boksburg versoek die Volksraad dat aan hulle standplaats in die nabyheid van die dorp gegee moet word. Die Raad voel dat hulle nie kan help nie omdat die vorige jaar 'n besluit geneem is dat geen standplaats uitgegee sal word nie dan alleen per publieke veiling. Uit die bespreking blyk dit dat baie

---

(1) T.V.R. 630-98

(3) D.V.S. 9.11.92.

(2) S.S.1228 R.2162-96

(4) S.S.1228 R.8453-96.

(2) T.V.R. 914-96

(5) S.S.1228 R.7622-94.

arm mense in Boksburg woon en dat reeds die vorige jaar standplaatse aan arm mense in Johannesburg gegee is. Die mense het geen plek om te woon nie en daarom is dit niks meer as billik dat hulle ook sal gehelp word. Die bepaling dat standplaatse per publieke veiling verkoop moet word het baie moeilikheid veroorsaak. (1)

Op die 14<sup>e</sup> Oktober 1896 versoek 'n groep persone, lede van die „Maakzaamheidsvereniging“ dat aan 'n aantal arm persone waaronder heelparty hulpelose weduwees is regeringsgrond gegee sal word aangesien hierdie persone nie in aanmerking gekom het vir standplaatse te Vrededorp nie. Die mense is deur Jode gelas om die grond waar hulle nog altyd opgebly het te ontruim. (2) 97 Ander persone versoek die regering om aan hulle die oop standplaatse in Vrededorp te gee teen betaling van die gewone lisensiegelde omdat hulle

„zeer behoeftig zyn en voor onze dagelyksche brood hard moeten werken en dan noch bofen op aan Joden een duuren-huis huur moeten opbrengen.“ (3)

29 ander persone kla ook dat hulle opdrag gegee is om hulle standplaatse binne veertien dae te verlaat. Hulle kla dat dit weens hulle armoede onmoontlik is en

„niets meer bezitten dan de huisjes door ons by stukjes opgetrokken.“ (4)

Dat sake in verband met die standplaatse nie gegaan het soos dit moes gegaan het nie en dat daar ander invloede ook op die spel gestaan het soos ons so pas gesien het ly geen twyfel nie. Hierdie verskillende faktore vreemd aan die Afrikaner volksaard het verskyn sonder sy toedoen en eers sy ekonomiese lewe verswak en daarna ook sy maatskaplike lewe aangetas. 20 Persone smeek die regering om 'n kommissie van ondersoek aan te stel om ondersoek in te stel na die wyse waarop standplaatse aan die mense toegeken word. Die kommissie moet

---

(1) T.V.R.484-96

(3) R.3216-97

(2) S.S.1228 R.M.D.10707-96

(4) R.5740-99.

kom om te sien

"hoe ons arme Afrikaanders leiden op de Gouvernementsgronden, die wy hebben geokkupeert of bewoont omdat wy te arm zyn om huushuur te betalen in deze zwaar tyden ... "

Die mense uiter 'n klag, wat 'n verwyf is vir die regering, wat 'n gevoel van wanhoop maar ook 'n gevoel van opstand verraai:

"Hoe moet het met ons arm menschen gaan als onze God in den Hemel de oogen van onze H.ED. Gouvernement niet openen en hunne harten verteedere en hunne verstanden scherpe?"<sup>(1)</sup>

Tengevolge van al die klagtes het die regering 'n kommissie aangestel wat ondersoek sou instel na die standplaatse. Hierdie kommissie het baie heglike dinge openbaar gemaak. Te Burgersdorp 'n  $\frac{1}{2}$  myl van Krugersdorp het die regering standplaatse uitgegee ten behoewe van die „arme Blanken“. In 1897 is aan die Weste kant daarvan 'n Koelielokasie aangelê wat 96 morges groot was en waar 4500 Koelies op gewoon het. Vas aan die Koelielokasie was die steenmakerslisensies uitgegee sodat die lokasie heeltemaal omring was van blankes. 'n Nou straatjie is die enigste skeidslyn tussen die blankes en die lokasie en gevolglik kom blanke kinders voortdurend in aanraking met kleurlinge. In 1898 het pakke onder die Koelies uitgebreek en verskillende blanke families was ook aangetas. Die kommissie vind ook dat op een standplaas 'n groot aantal Koelies, Kaffers en Maleiers deurmekaar woon. Hulle betaal grondbelasting aan die Stadsraad waaruit blyk dat die Stadsraad geen beswaar daarteen het nie. In Braamfontein was dit dieselfde geval. Ook hier was grond aangekoop vir 'n Koelie- en Kleurlinglokasie tussen gebiede in waar Blankes woonagtig was. In Ferreiratown was die toestande nog veel erger. Op een enkele standplaas (L.W. 50 x 50 vt.) het 200 Sjinese gewoon terwyl in die onmiddellike omgewing Blanke

(1) R.8548-97.

en Gekleurde deurmekaar gewoon het. Die aanbeveling van die kommissie in al hierdie gevalle was dat dadelik alles in die werk gestel moet word om die saamwoning van Blankes en Gekleurdes permanent te voorkom. Die Koelies moet verwyder word uit die gebiede om gesondheid en maatskaplike redes. (1)

Was die toestande in Johannesburg sorgwekkend in die omliggende voorstede was dit eers benouend. Met die opmeting van Johannesburg was voorsiening gemaak vir 'n Maleierlokasie. Later het dit geblyk dat daar voorsiening gemaak moes word vir die arm mense en toe is 'n gedeelte van die lokasie vir die arm mense reserveer en die naam Vrededorp daaraan gegee. Die 499 standplaatses wat aanvanklik vir die doel afgesonder was, was heeltemaal ontoereikend waarop nog 320 standplaatses van die lokasie vir die mense opsy gesit is. Die hele lokasie het bestaan uit 1285 standplaatses. Eers word van Nos. 790-1285 aan Blankes afgestaan en daarna weer van Nos. 1-320. Die gevolg was dat die Maleders presies tussen die Blankes ingeskuif was. Die brief waarin aanbeveel word van die laaste 320 standplaatses was geskryf op die 4<sup>e</sup> Mei 1896 en op die 8<sup>e</sup> Augustus was alle beskikbare grond uitgegee, wat aantoon dat die behoefte baie groot was. Dat hierdie 'n baie wisselvallige groep bewoners was blyk daaruit dat op die 7<sup>e</sup> September 1896 weer 26 van die erwe verlaat was. (2)

Die mense aan wie in Vrededorp erwe gegee was, moes vir die meerderheid altans, so goed as niks besit het nie, want kort na die toekenning van die grond rig 119 van hulle 'n versoek tot die regering dat die standplaatses in eiendom aan hulle gegee moet word, sodat hulle hout en sink kan koop met die erf as sekuriteit. (3)

---

(1) R.14106-99  
(2) R.2162-96

(3) R.9869-96.

Die verskaffing van die erwe was in baie opsigte net 'n tydelike hulpmiddel. 'n Groot deel van die mense was nog altyd sonder werk. 'n Memorie van 102 persone uit Vrededorp word aan die Uitvoerende Raad gestuur waarin hulle die regering om werk vra. Hulle verkeer in uiters behoeftige omstandighede. Die regering se antwoord was dat

„het onmogelyk is een ieder die sonder werk is of die sonder werkt verkiest te zyn van goewernementswege te ondersteunen.” (1)

Die regering staan hier 'n taamlike onverskillige houding in wat die gedagte kan wek dat die mense hulle omstandighede aan hulle self te danke het. 'n Klein rukkie later het daar 'n nog dringender smeekbrief by die regering ingekom wat bewys dat die toestand wel uiters sorgwekkend was. 76 Persone uit Vrededorp dra hulle toestand aan die regering voor as volg:

„wy thans door den drukkende Hand des Heeren zwaar bezocht zyn geworden met plagen zooals aan u Hoog Edel Heeren bekendt, dat wy verarmd zyn, gebrek lyden aan noodige kleding, doch boven alles aan voedsel, dat de nood zoo hooggestegen is dat wy van honger en ellende moeten omkomen als wy geen werk krygen om iets te verdienen of andere tegemoetkomingen westhalve wy door den nood gedreven zyn tot u Hoog Edel Heeren met smeeken en bidden komen om ons van den hongersnood te redden ... Moge onze Barmhartige Hemelschen Vader uwe gangen bestieren en uwe harten bewegen tot ontferming over onze arme vrouwen, en naakte en hongerige kinderen.”

Die Hoof van Weë bevestig dat die getuienis van die 76 persone juis is en beveel aan dat die regering aan hulle werk sal verskaf. (2)

In verband met die algemene saak van armoede in Vrededorp, Burgersdorp, Fordsburg en Braamfontein huldig baie lede van die publiek die opinie dat toestande oordrewe voorgestel word en dat daar glad nie behoefte bestaan nie. Die mynkommisaris het ondersoek ingestel en kan nie sien waar die toestand sleg was nie. Hy raai

---

(1) R.10266-97

(2) R.17490-97.



die regering aan om absoluut geen hulp te verskaf nie. Dit is in beginsel af te keur, sê hy, dat die regering sorg vir werk terwyl die Kerk en liefdadigheidsgenoodskappe absoluut niks doen nie. Buitendien sê hy is die mense in die dorpe gesond en in staat om te kan werk.

Die „Rand Relief Committee" aan die ander kant het met die hulp van die speurdiens ondersoek na die saak ingestel en hulle bevindinge aan die Uitvoerende Raad gestuur.

(a) Omtrent Vrededorp was hulle bevinding as volg: „wy sluiten lyst in van de arme menschen te Vrededorp wy hebben nauwkeurig onderzoek gedaan re de armen menschen van Vrededorp, al de namen op de lyst neigen om onmiddelyke hulp, meeste van hun zyn uitgehongerd, zy leven op darmen en bloed, die by de slachtpalen weggeworpen worden, de weinig kleederen die zy hebben verruilen zy voor voedsel, kinderen gaan naakt, Doctors willen hun niet gratis besoeken, als een familie brood krygen loopen al de anderen naar hun om ook een stukje er van te krygen. Waarom ik myn rapport van Vrededorp inzenden is omdat indien zy niet onmiddelyk hulp krygen zy van honger zullen sterven."

Hierop volg die name van 78 families met 278 kinders wat van hulle afhanklik is. Die huisgesinne wissel baie af met van 0-8 kinders.

(b) Bevindinge omtrent Burgersdorp: 'n lys van name van 37 families met 129 kinders wat van hulle afhanklik is word aan die Uitvoerende Raad gestuur. Die mense is almal baie behoeftig.

„Zy leven meestal van bottles die sy by de „Sanitary Depot" optellen en verruilen voor kost ... Zy vragen allen om onmiddelyke hulp anders zullen sommige van honger sterven."

(c) In verband met Fordsburg en Braamfontein word 'n lys van 25 families met 100 afhanklike kinders aan die regering gestuur met die opmerking:

„Dat zy om de spoedigste hulp vragen daar zy in een zeer arme toestand zyn, sommige van hun hebben bykans geen meer kleederen aan hunne lichamen en dat zy hogenaamd niets hebben om van te leven. Daar zyn sommige families die zoo ellendig zyn dat het onmogelyk voor my is het te beschryfen daar de ellende te groot is." (1)

---

(1) R.12497-97.

As toestande werklik was soos dit in hierdie verslag voorgestel word dan het sake sorgwekkend gelyk. Wat ons veral tref is dat die huisgesinne van hierdie verarmde families nooit so fabelagtig groot was as wat somtyds aan ons voorgehou word nie.

Dat die toestande skrikaanjaend was ly geen twyfel nie. 'n Memorie van 21 persone, uitgaande van die predikant kom voor die Uitvoerende Raad, met 'n baie sonderlinge versoek.

"Aangezien hier te Fordsburg, Burgersdorp en Vrededorp vele ziekte en sterfgevallen onder de armen en behoeftigen zyn dat wy moeite hebben geld te kollekteeren om hen behoorlyk te begrafen, en de Heer J.G. Frieslich zoo goedkoop mogelyk hen ter aarde bestellen, en genegen is zo hy enige andere ondersteuning mocht krygen, zelfs de zeer armen kosteloos te begrafen, bidden uwe memorialisten dat het U.E.D. mocht behagen hun hierin te ondersteunen zooals U.H.E.D. geraden achten."

Die spottende ironie van die hele saak, wat gespotlag het met die toestand van die mense, is dat die regering besluit het om hulle 'n lykwa te gee. (1)

In 1890 is 'n sekere stuk grond „Jagersfontein" geleë in Braemfontein uitgegee aan „Arme Blanken" op voorwaarde dat solank as wat hulle die standplaatse bewoon hulle daartoe geregtig sal wees. Later is die termyn van 'n sekere deel daarvan vasgestel op 99 jaar. Die ander groep van persone rig hierop 'n versoek tot die regering waarin hulle vra dat hulle grond ook vir 99 jaar aan hulle toegeken sal word sodat hulle verbande daarop kan uitneem waarmee hulle vee kan koop om weer 'n begin te maak. (2)

Die leefwyse van die verarmde mense was ook nie altyd so suiwer nie. Op ontvangs van 'n berig dat in sommige agterbuurtes blankes en gekleurdes deurmekaar leef, het die regering 'n kommissie van ondersoek ingestel. Die bevindinge van die kommissie was dat op Burgersdorp Blankes en gekleurdes saamwoon. Die „Arme Blanken" word deur

---

(1) R.12497-97

(2) R.10001-96.

nooddruif gedwing om met die gekleurdes saam te woon en betaal in baie gevalle selfs aan Maleiers huur. Die kommissie beveel aan dat maatreëls getref sal word om die kleurlinge van die grond te verwyder. Ook vind hulle dat 'n Maleier en Kafferlokasie aan Fordsburg grens en aan twee kante aan Vrededorp, en slegs deur 'n baie nou straatjie van laesgenoemde geskei word, waardeur die Blankes van Vrededorp voortdurend in aanraking gebring word met die kleurlinge. Ook in die geval beveel die kommissie aan dat die kleurlinge uit die gebied verwyder word.<sup>(1)</sup>

Die steenmakers van die Baksteenvelde in Fordsburg rig ook 'n versoek tot die regering om toegelaat te word om nog 'n paar maande langer op die grond te werk, want „Wy behooren tot de armste van deze bevolking.”<sup>(2)</sup> Ook die Klipbrekers het versoek dat die lisensiegeld vir die breek van bouklippe verminder moet word van 5/- tot 2/6 per maand en dat die sg. ouklip sonder lisensiegeld gebreek kan word. Ofskoon een van die Volksraadslede aangetoon het dat die Klipbrekers op die dorpe meesal arm is is die versoek nie toegestaan nie.<sup>(3)</sup>

---

(1) R.14106-99  
(2) R.12726-96

(3) E.V.R.1055-92.

I N D E L I N G   V A N   H O O F S T U K   I I I .

---

DIE OORSAKE VAN DIE ARMOEDE

---

	<u>Bls.</u>
(a) Die Eerste Vryheidsoorlog . . . . .	59
(b) Die Jameson Inval . . . . .	60
(c) Die Runderpes . . . . .	61
(d) Die Dinamietontploffing . . . . .	63
(e) Ongewensde Immigrasie . . . . .	64
(f) Die Bou van Spoorweë . . . . .	65
(g) Buitelandse Lengeleenthede . . . . .	65
(h) Voortdurende Oorloë . . . . .	66
(i) Natuur-omstandighede . . . . .	67

### H O O F S T U K III.

#### DIE OORSAKE VAN DIE ARMOEDE.

Die karakter, aanleg en geaardheid van die Republikeinse .Boer, was nie van die aard dat as armoede in sy huisgesin voorkom, dit aan sy eie toedoen moet oegeskryf word nie. Maar ook al was dit die geval, dan nog sal dit moeilik wees, om die verskillende inwendige gebreke aan te toon. Buitendien sal dit ook heeltemaal te abstrak wees. Vir die rede dan is ons aangewys op uitwendige faktore, faktore waaroor die Burgers geen beheer gehad het nie en wat sonder hulle toedoen verskyn het.

In die nagaan van die verskillende faktore wat meegewerk het om die Boer en Burger ekonomies te verswak, wil ons nie met heilige erns beklemtoon dat die nege oorsake wat hierna aangehael word, die oorsaak was dat die mense verarm het nie, maar alleen dat dit moontlik was dat elkeen daarvan apart geneem, op die verskillende tye, mense of mensegroepe in moeiliker omstandighede kon gebring het.

Die Eerste Vryheidsoorlog: Waar die Eerste Vryheidsoorlog tot die uitgangspunt van ons besprekinge geneem word, sal dit nodig wees om na te gaan tot welke mate hierdie gebeurtenis bygedra het, tot die algemene staat van armoede. Dat hierdie oorlog soos elke oorlog tot 'n sekere mate vernielingswerk verrig het ly geen twyfel nie. Dit is vir ons egter om te bepaal of die omvang daarvan sodanig was, dat die gevolge as 'n belangrike faktor in die verarmingsproses beskou kan word. In verband met die vraag beskik ons nie oor baie gegewens nie en die moontlikheid bestaan, dat, die weinig wat ons het, verwerp kan word as nie gesaghebbend nie. Van enkele

gevalle waar kwaadwillige skade aangerig is weet ons, maar of hierdie soldate-furie algemeen was kan nie vasgestel word nie. 'n Sekere Vermeulen lê getuienis af, van die wyse waarop sy groente en vrugte tuine absoluut vernietig is gedurende die oorlog, en dit juis was sy enigste middel van bestaan. Verskillende ander persone, wat in Britse diens was, getuig, dat aan hulle direkte opdrag gegee was om die boord te verniel. Van 'n ander erf weet ons waar skade aangerig is tot die bedrag van £97.10.0.<sup>(1)</sup>

'n Mens kom tot die gedagte dat die Eerste Vryheids Oorlog assulks nie veel kan bygedra het tot die verhoging van armoede nie, omdat die Engelse vir alles wat hulle geneem en gebruik het goed betaal het, en omdat die handel deur die teenwoordigheid van die Britse garnisoen 'n groot stoot gekry het.<sup>(2)</sup> Dat daar egter nooddruf moes ontstaan het, leer ons daaruit dat in Nederlands Indië, 'n komitee saangestel was om fondse in te samel ter leniging van die rampe opgedoen deur die oorlog. 'n Bedrag van £10,000 was ingesamel en aan prof. Harting van Utrecht oorhandig.<sup>(3)</sup> As 'n noodroep so ver weerklink gevind het, moes die nood inderdaad groot gewees het. Die geld was egter nie vir die doel gebruik waarvoor dit ingesamel was nie, maar het oorgegaan as die kapitaal van die later opgerigte pensioenfonds.

Die Jameson-Inval: Ofskoon die Jameson inval uit 'n ekonomiese oogpunt beskou, heeltemaal onskadelik mag voorkom, omdat dit binne 'n paar dae afge-loop was het dit 'n nasleep gehad wat onberekenbare skade op ekonomiese gebied gehad het. Die herhaaldelike gevalle van politieke agitatie het stremmend gewerk op die rustige ontwikkeling van handel en industrië.<sup>(4)</sup>

---

(1) a.a. R.1875-81

(2) a.a. R.1875-81

(3) R.41-81

(4) A.J. Brouwer - Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika p.6.

Dit is van groot belang om te sien welke opinie 'n tydgenoot, en daarby iemand wat Engels van geboorte was, oor die verloop van die episode daarop na hou. Die ekonomiese uitwerking stel hy as volg:

"Business became stagnant. Capitalists declined to invest more money in the gold mines while the unsettled condition of the political affairs continued, and scores of mines were compelled to abandon operation. Stocks fell in value, and thousands of pounds were lost by innocent shareholders in Europe, who were ignorant of the political affairs of the country. For two years the depression continued, and so acute were its results that hundreds of respectable miners and business men, who had been accustomed to live in luxury became bankrupt, and were obliged to beg for their food. Those who were able to do so sold their interests in the city and left the country, while hundreds of others would have been happy to leave had they been able to secure passage to their native countries." (1)

Of hierdie beskrywing oordryf is weet ons nie maar indien sake werklik die wending geneem het, kan ons dit beskou as 'n belangrike oorsaak van stedelike verarming.

Die algemene vertroue in die toekoms van goud was geskok, en dit moes veral die ekonomiese lewe van die Rand heeltemaal ontsenu het. Hiertoe het ons die getuienis van mev. Barney Barnato, iemand wat op die oomblik nog leef, en die verloop en gevolge van die inval van naby gesien het. Haar opinie vat sy saam as volg:

"People then did not quite know what to think of the future of gold; the whole position was viewed with mixed feelings. Many were making money as fast as they could because they thought gold mining on the Rand would not last." (2)

Die Runderpes: Die Republikeinse Boer was in die eerste plek veeteler en dit is dan ook begryplik, dat, as hy op hierdie gebied geknak word, die hartaar van sy ekonomiese bestaan verbreek word. Met die loop van jare het die Boer gewoon geraak aan vee verliese wat, voortdurend voorgekom het tengevolge van droogtes en siekte. Hierdie verliese was as 'n reel egter net streeks-

---

(1) Howard C. Hillegas - Oom Paul's People p.84

(2) The Sunday Express 18th April, 1937.

gewyse en versprei oor 'n lang tydperk. 'n Verskynsel egter soos die Runderpes, het ineens sy verwoestende werk kom verrig, en die land as 'n geheel getref. Ontsettend moes die ekonomiese nood gewees het, as ons daaraan dink, dat, van die 1,435,292 beeste wat in die Republiek was aan die begin van '1896, 984,239 dood is tengevolge van die pes, <sup>(1)</sup> m.a.w. meer as  $\frac{2}{3}$  van die totale veestapel is ineens afgemaai. Was hierdie ramp maar eweredig verdeel oor die hele Republiek, dan kon daar nog 'n mate van hoop bestaan het, maar as ons daarop let dat in distrikte o.a. soos Barberton slegs 24.8% van die beeste dood is en in distrikte soos Klerksdorp niks minder as 84.8%, dan kan ons begryp dat die nood in daardie plekke hoog moes gewees het. En was die persentasie vir Klerksdorp ook maar eweredig oor die hele distrik, maar dit is begryplik dat al die veeienaars nie tot dieselfde mate sou skade gely het nie, waaruit ons dan kan afly dat sommige mense vrywel moes uitgeboer het.

Geen wonder dan dat ons talle van versoeke kry van persone en groepe van persone, waarin hulle vra dat die regering hulle moet help omdat die nood hoog is <sup>(2)</sup>. Drie versoekskrifte deur 154 persone onderteken uit die Distrik Lichtenburg, was deur die Volksraad behandel waarin hulle vra om van stoomploë voorsien te word, aangesien al hulle vee tengevolge van die pes dood is. <sup>(3)</sup> Baie mense het 'n bestaan gemaak uit transport ry, maar as 'n gevolg van die pes is hulle osse dood en is ook daardie bestaansmiddel hulle ontnem. <sup>(4)</sup>

Kritieke toestande was deur die pes geskep. Mense wat uit die Republiek getrek het voor die pes, veral

---

(1) Bylae IX p. 129. (3) E.V.R.120-97  
(2) (R.14834-97 (4) R.1033-97  
(E.V.R.120-97



na Matebeleland wou nadat die pes verby was en hulle abso-  
luut niks oorgehad het nie, weer na die Republiek terug  
keer om te sien of hulle daar nie 'n beter bestaan sou kan  
maak nie. Omdat hulle geen trekvee oorgehou het nie moes  
hulle terugstap. In hierdie verband ontvang die  
Kommisaris van Polisie die volgende sorgwekkende tele-  
gram:

"dat van onze menschen die door de pest alles verlooren  
heeft en tevoet terugkomende met vrouwen en kinderen  
van over de lyn van honger omkomende op de weg." (1)

Die Dinamietontploffing: Hierdie ramp wat  
in 1897 in Johannesburg plaasgevind het en waardeur 2214  
kissies dinamiet ontplof het, (2) het ontsettende smart en  
ellende met sig meegesleep. Duisende ponde skade is  
aangerig. Letterlik honderde aansoeke vir skadevergoe-  
ding is aan die regering gestuur, (3) en baie klagtes oor  
die onversorgde toestand waarin persone nagelaat is omdat  
absoluut hulle hele besitting ten prooi van die verwoes-  
ting geval het. Baie gevalle vind ons van weduwees wat  
tengevolge van die ontploffing onversorg nagelaat is,  
want ook baie mense-lewens is geeis. 'n Sieklike weduwee-  
moeder was vir haar hele bestaan afhanklik van haar seun-  
tjie, wat koerante verkoop het. Hy moes in die onmidde-  
like nabyheid van die ramp gewees het, sodat hy totaal  
vernietig is, want, na die ongeluk het sy nog nooit weer  
iets van hom gesien of gehoor nie. (4) 'n Ander persoon  
kla dat hy in 'n absolute behoeftige toestand verkeer en  
tot geen wyse instaat is om die dokterskoste te betaal  
van sy twee seuns, wat in die ongeluk seer gekry het.  
Die geval op sigself is nie van veel belang nie omdat  
daar honderde soortgelyke gevalle is, maar, van belang is

---

(1) R.4549-96

(4) R.4761-97.

(2) R.4356-97

(3) Die hele bundel S.S.1252.

die smeekstem wat ons hoor wat hy tot die regering rig en terselfdertyd sy klag verneem wat ook 'n verwyf is:

"waarom word de slamse myden voor ons getrokken te Johannesburg."

Dit is van belang omdat dit ons 'n kykie gee agter die opgewerpte skerms van regeringshulp en liefdadigheid.<sup>(1)</sup>

Onmiddelik na die ontploffing is 'n fonds in die lewe geroep vir die noodlydendes, en onder die beheer van die „Dynamiet Compensatié Comité" geplaas.

Hierheen kon mense hulle eis vir skadevergoeding stuur en om aan te toon hoe groot die omvang van die ongeluk was kan hier net gemeld word dat 2,132 aansoeke ingestuur was en wat die kapitale bedrag van £612,155.11.1 verteenwoordig het.<sup>(2)</sup>

Ongewensde Immigrasie: Ofskoon hierdie verskynsel nie juis as 'n corosaak van armoede beskou kan word nie, het dit wel sekerlik 'n bydrae gedoen tot die aantal armes wat in die Republiek was. In 1895 word 6 memories onderteken deur 180 persone, voor die Volksraad gelê waarin hulle versoek, dat die staat die immigrasie van hawelose persone sal teengaan. 'n Kort rukkie voordat die versoek by die Volksraad ingehandig was het 300 persone te Port Elizabeth aan wal gestap, wat absoluut niks van boerdery verstaan het nie en wat in die Republiek 'n fortuin wou kom maak. 'n Volksraadslid wys daarop, dat sekere maatskappye skeepsloadings van hierdie soort persone invoer. 'n Ander Raadslid meld dat hy verneem het van 'n skeepsloading van 350 immigrante, wat almal na die Republiek wil kom, nie een egter waarvan iets verstaan het van landbou nie en almal waarvan behoefteig was.<sup>(3)</sup> Uit die besprekinge blyk dit duidelik dat daar reeds baie van die mense in die Republiek was, en dat baie

---

(1) R.958-97  
(2) R.4356-97

(3) E.V.R.1067-94.

van hulle nog daagliks instroom. Weer word herhaal dat armoede nie noodwendig as 'n gevolg hiervan kan ontstaan het nie, al was die mense ook brandarm, want dieselfde verskynsel doen sig vandag nog voor dat kale rotte die land inkom en tog nooit tot die armlankdom gereken kan word nie. In een opsig sou hulle welseker die bestaande probleem vererger het en dit is, as hulle landburgers daardeur 'n kans, om werk te kry, ontnem het. Ofskoon die regering bewas was van die toestroming en vertrouwd was met die moontlike gevolge daarvan, het hulle tog niks gedoen om 'n einde daaraan te maak nie want dit sou 'n skande, onkristelik en nie menslik wees nie. (1)

Die Bou van Spoorweë: Ofskoon dit van ondergeskikte belang mag lyk word dit tog aangegee as 'n oorsaak wat verarming in die hand gewerk het. Die Republikeinse Boer was in die eerste plek veeboer en uit die aard van die saak sal ons vind dat baie hulle uitsluitelik op transportry toegelê het, en daarin hulle enigste middel van bestaan gevind het. Hierdie middel van bestaan is hulle ontnem deur die bou van spoorweë. (2)

Buitelandse aangeleenthede: Die Republiek was nie 'n geïsoleerde staat nie en omdat dit in deeglike kontak met die buiteland gestaan het, sou Buitelandse aangeleenthede hulle ook terdeë laat voel het in die Republiek. Dat die invloed nie altyd ten goede sou wees nie spreek vanself. Ons beskik egter oor die getuie van net een persoon, wat die nadelige inwerking van Buitelandse invloede as volg saam vat:

„Het jaar 1890 was voor de Zuid-Afrikaansche Republiek moeilik. Na een tyd van buitengewone finansiële bloei was hier en daar felle reactie merkbaar. Solied

---

(1) E.V.R.825-95

(2) R.1033-97.

geachte personen en ondernemingen bleken niet by machte hunne verpligtingen na te komen. Gevestigde Bankinstellingen van goede reputatié bezweken."

"The Cape of Good Hope Bank", die "Union Bank" en die "Paarl Bank" moes almal hulle betalinge staak. In 1893 weer ondergaan die Republiek die invloed van die depressie in Europa, Amerika en Australië. (1)

Voortdurende Oorloë: In die Suid-Afrikaanse Republiek was daar, en veral in die tagtiger jare baie onluste met opstandige kafferstamme. Elke oorlog hoe gering dit ook al mag wees, sal noodwendig skade veroorsaak, deurdat kafferopstande en invalle as 'n reel altyd gepaard gegaan het met roof en plunder. Ook was die Burgers somtyds vir 'n lang ruk besig gehou om die onluste te bestry. Die lang afwesigheid van hulle boerdery sou ook nie bevorderlik gewees het vir hulle ekonomiese krag nie.

Tengevolge van die Mapochoorlog het baie armoede en ellende ontstaan. Die regering het besluit om persone wat skade gely het as 'n gevolg van hulle deelname aan die ekspediesie, kompensasie te verleen, en vir die doel word 'n bedrag van £3000 op die begroting geplaas. (2) Selfs uit naburige provinsies is geld aan mense gestuur wat noodlydende was as 'n gevolg van die oorlog. Van die Afrikanerbond in die Vrystaat bv. is £50 ontvang. Ook is daar nog bygevoeg dat in Philipolis 'n basaar gehou word vir die behoeftige "Transvaalsche Broeders" (3) L.W.1883.

Afgesien van hierdie veldtog wat verreikende gevolge gehad het vind ons nog talryke ander oorloë wat armoede in die hand gewerk het. Uit Potchefstroom doen 30 persone aansoek vir vergoeding vir deelname

---

(1) A.J. Brouwer - De Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika p.p. 4-6.

(2) E.V.R.1139-86

(3) D.V.S. 8.8.83.

aan die Gatsebieekspediesie. Aan hulle versoek is geen gevolg gegee nie omdat dit op 'n misverstand berus het, deurdat 'n bedrag opsy gesit was vir die Ikalafyn ekspediesie en nie vir die Gatsebieekspediesie nie.<sup>(1)</sup> Ook is vergoeding uitbetaal aan mense wat aan die Mampoer-ekspediesie deelgeneem het.<sup>(2)</sup> Uit Soutpansberg vramense tegemoetkoming vir skades wat hulle gely het in verband met die geveg tussen die kafferkapteins Buffel, Macoe en Mamacoebie<sup>(3)</sup>. Op aanbeveling van die pensioenfondskomitee, besluit die Volksraad om 'n lys van toelaes op te maak vir weduwees en gewondes wat tengevolge van die Soutpansberg-komando hulp sal nodig hê.<sup>(4)</sup> In 1889 reeds het die regering 'n vaste oorlogsfonds in die lewe geroep wat £10,000 per jaar bedra het.<sup>(5)</sup> Selfs die bedrag was nie voldoende nie want net die volgende jaar kom 'n versoek uit Middelburg dat dit verhoog moet word.<sup>(6)</sup> In 1895 besluit die Volksraad om 'n bedrag van £60,000 op die begroting te sit, vir die 1894 kampanje en dat die geld dadelik aan die Burgers uitbetaal sou word.<sup>(7)</sup>

Natuuromstandighede: Die grootste vyand wat die Boer deur sy hele bestaan heen nog geken het, was die natuur en dat dit in hierdie verband geen ondergeskikte rol sou speel nie, is vanselfsprekend. Die eerste groot droogte wat ons in hierdie tydperk teenkom was in 1883. Baie vee het as 'n gevolg hiervan omgekom.<sup>(8)</sup> In 1897 kom 'n mosie voor die Volksraad waarin die regering ver-

(1) E.V.R.1375-86  
 (2) E.V.R.1139-86  
 (3) E.V.R.1049-90  
 (4) E.V.R.1452-94  
 (5) E.V.R. 492-89  
 (6) E.V.R.1098-90  
 (7) E.V.R. 146-95

(8) George Theal - A History  
 of South Africa - Deel II  
 p.140.

soek word om planne te beraam

"om de Burgers en inwoners der Zuid-Afrikaansche-Republiek die door omstandighede als sprinkanen, droogten, runderpest en koors verarmd zyn en dus in ellende verkeeren op die eene of andere wyse tegemoet te komen. (1)

'n Persoon wat 'n besondere intensiewe reis deur Suid-Afrika onderneem het kom tot die gevolgtrekking dat ontsettend baie hinderpale vir die Boere in die weg gelê word waaronder hy onderskei, runderpes, perdesiekte, hael, droogte en sprinkane. (2)

Veral reisigers in Suid-Afrika was getref deur die langdurige droogtes wat die land of 'n deel daarvan kan tyster. Slegs 'n paar persone se opinies kan as voorbeeld aangehaal word.

"De droogte kan den Transvaalsche Boer soms onberekenbare schade toebrengen." (3)

Oor die groot droogte van 1883 skryf M.J. Boon as volg:

"The grass throughout the State had not been so thoroughly parched, and in such a miserable condition, since the great drought of 1862; many farmers were worse off now than they were then. The consequences up to the present had been disastrous, in fact many men, who were considered to be comparatively rich farmers were being gradually reduced to poverty and distress through losses sustained by sheep and cattle dying by hundreds and even thousands. The commercial outlook was something awful to contemplate. It was estimated that over 250,000 cattle, worth £1,000,000 had died out in 1883-4." (4)

Afgesien van droogte wat skade aangedoen het vind ons net die teengestelde op ander plekke en tye. Tot voorbeeld kan aangehaal word van 'n geweldige haelstorm wat in die distrik Standerton gewoed het en baie skade veroorsaak het. In 'n baie klein strepie het 440 beeste, 780 skape, 760 lammers en 7 perde omgekom in die storm. (5) In 1893 het 'n ontsettende onweer in Middelburg distrik losgebars en ook daar baie skade

---

(1) E.V.R.110-97

(3) C. Brouwer - Onderde Boeren in Transvaal p.48.

(5) D.V.S. 6 November 1890.

(2) W.J. Knox Little - Sketches and Studies in South Africa p.p.43-44.

(4) M.J. Boon - The Immortal History of South Africa I p.227.

veroorzaak. Op die plaas waar die weer die ergste was het van 1100 skape 602 verongeluk in die storm.<sup>(1)</sup>

In 1893 kondig die Staatspresident in sy aanspraak tot die Volksraad aan, dat ontsettende skade veroorsaak is tengevolge van die Krokodilrivieroorstroming.<sup>(2)</sup> Die omvang van die oorstroming was geweldig en dit word as 'n ramp beskou vir die hele land. Baie mense moes die nag net in hulle nagklere wegvlug en wat dan ook al is wat hulle oorgehou het. Ongeveer 100 Boerehuise is verwoes, meubels is uit die huise uit weggespoel, die mense se oeste is vernietig en daarmee hulle hele middel van bestaan. Die skade word bereken om tussen £12 en £13,000 te bedra. Afgesien van die regeeringshulp wat die mense gebied is, is daar ook onmiddelik 'n bystandsrade gevorm en kollekte gehou, tot leeniging van die smart.<sup>(3)</sup>

'n Ander verskynsel wat baie algemeen was en wat baie skade veroorsaak het, sodat dit tereg as 'n plaag bestempel word, was die sprinkane. van der Loo beskryf hulle verskynsel as so ramspoedig dat

„Boeren menigmaal verplicht zyn hunne woonplaatsen tydelik te verlaten of de liefdadigheid hun te hulp moet komen, ter vermyding van hongersnood.“<sup>(4)</sup>

So ontsettend was die verwoesting, dat die Kaap Kolonie en die Vrystaat gevra het dat die verskillende geweste gesamentlik sal optree teen die plaag,<sup>(5)</sup> memories het by die Volksraad ingekom met die versoek dat die regering die uitroeiing van sprinkane verpligtend sal maak. Tensypte van dit alles was die Volksraad van opinie dat geen bepaling in die verband getref kan word nie.

„aangezien het een plaag is die van Hooger Hand op ons wordt gelegde.“<sup>(6)</sup>

- 
- (1) D.V.S.25.11.93.      (5) E.V.R.887-92  
(2) E.V.R.14-93      (6) E.V.R.335-93.  
(3) D.V.S.21.2.93  
(4) C.J. van der Loo -  
    De Geschiedenis der  
    Z.A.R. p.33

Veessiektes het ook baie skade aangerig.

In Christiana distrik alleen is in 1890 2143 perde dood.

Mense wat eers baie perde besit het het daarna nie een gehad nie.<sup>(1)</sup> Uit Middelburg word berig dat veral perdesiekte en sprinkane groot skade veroorsaak -

"Hoe de menschen noch alles recht krygen! Het is bepaald naar om te sien hoe de menschen moeten sukkelen."<sup>(2)</sup>

In Middelburg is gedurende een enkele maand tussen 5,000 en 6,000 skape dood aan galsiekte.<sup>(3)</sup>

As 'n gevolg van die verskillende plae wat oor die land heers, die verskriklike runderpes wat ontsettende skade onder die vee aangerig het, die langdurige droogte wat op verskillende plekke heers verklaar die Uitvoerende Raad Sondag die 3<sup>e</sup> Oktober 1897 as 'n algemene biddag die land oor.<sup>(4)</sup>

---

(1) D.V.S.26.6.90  
(2) D.V.S.18.6.91

(3) D.V.S.29.8.91  
(4) D.V.S.23.9.97.



## I N D E L I N G   V A N   H O O F S T U K   I V .

---

 DIE BESTRYDING VAN DIE ARMOEDE.
 

---

	<u>Bls.</u>
(a) Regeringshulp:	72
(i) Hulp aan ou Voortrekkers           ...	73
(ii) Hulp tydens en na die Runderpes ...	75
(iii) Met die Dinamietontploffing     ...	77
(iv) Tegemoetkomings op Onderwys- gebied                             ...	78
(v) Tegemoetkoming t.o.v. Belastings                       ...	83
(vi) Werkverskaffing                   ...	88
(vii) Verbande                         ...	91
(b) Liefdadigheid:	93
(i) Was en Strykinrigting           ...	97
(ii) Die Pretoria Liefdadigheids- vereniging                       ...	99
(iii) Die Heilsleer                    ...	102
(iv) Duitse en Nederlandse Lief- dadigheid                       ...	103
(v) Kerklike Hulp                     ...	105
(vi) Die „Present Help League"     ...	108
(vii) Die Grond Crediet Maatschappy ...	108

## H O O F S T U K   I V .

### DIE BESTRYDING VAN DIE ARMOEDE.

Tot sover was ons in die behandeling van die onderwerp hoofsaaklik aangewys op inwendige faktore. Alleen was ondersoek waar die verskynsel voorgekom het, tot welke mate dit aanwesig was en waaraan dit toegeskryf kan word. In hierdie hoofstuk word die metodes ondersoek waardeur probeer was om aan die behoeftes van die noodlydendes tegemoetkoming te bied. Nie alleen is dit waardevol om te weet wat in die verband gedoen is nie maar ook weet ons dat waar hulp verskaf is, 'n behoefte aan hulp moes bestaan het. Uit die standpunt beskou dan dien dit dieselfde doel as die voorgaande hoofstukke.

Die wyse van hulpverlening kan ons uit tweeërly standpunt benader. In die eerste plek het daar sporadiese gevalle van hulpverlening van staatsweë voorgekom. 'n Vaste beleid van armesorg was nog nie gevolg nie, trouens ons kan dit ook nie verwag nie want selfs vandag word dit nog nie gedoen nie. Alleen in gevalle van 'n enkele groot ramp wat die gemeenskap getref het, is doelbewus en daadwerklik opgetree in belang van die mense wat gely het as 'n gevolg daarvan. By die publiek, en teenstelling tot die regering, het daar reeds die gevoel bestaan dat 'n sekere deel van die gemeenskap onder minder gunstige toestande leef en daarom dan sal ons in die tweede plek moet ondersoek instel, na die werk van privaat persone of instellings.

#### (a) REGERINGSHULP.

Soos reeds aangetoon kom die beleid van

die regering nie uit in een deurlopende politiek van voortdurende maatskaplike sorg nie. Alleen in enkele gevalle en in sekere opsigte, is aan armes of behoeftiges bestaansmiddele verskaf. Elk van hierdie rigtings kan miskien weer apart behandel word.

(i) Hulp aan ou Voortrekkers: Aanfanklik het die Volksraad nie erkenning laat geskied aan ou afgeleefde Voortrekkers wat in 'n behoeftige toestand verkeer het nie, en dit wil voorkom asof die regering salig onbewus was van die toestand van die ou mense. Eers toe hulle met memories oorval was is wetgewing basseer. Die klip is aan die rol gesit deur 'n omskrywe van Kommandant H.P. N. Pretorius in al die verskillende koerante, waarin hy versoek dat persone wat van ou Voortrekkers weet hulle name aan hom moet stuur en meld in welke finansiële posisie die mense verkeer. Hy doen dit omdat

„Ik Voortrekkers ken die waarlyk in groote armoede verkeeren en de grootste ellende verduren.“<sup>(1)</sup>

Na aanleiding van die openbare brief volg daar verskillende uiteensettings in „De Volkstem“ van die toestand en behoeftes van baie Voortrekkerfamilies. Uit hierdie opgawes blyk dit duidelik dat baie van die ou mense dit uiters moeilik vind om aan die lewe te bly. Ten behoeve van die mense is daar dan telkens by die Volksraad om hulp aangeklop. Afgesien van die enkele aansoeke egter het daar met die loop van tyd versoekskrifte met dieselfde doel by die Volksraad begin instroom.<sup>(2)</sup>

Wat die Raad eindelijk tot ernstige besinning gebring het was 29 verskillende versoekskrifte deur 1,183 persone onderteken, uit alle dele van die land,

---

(1) D.V.S. 22.1.95

(2) (D.V.S.12.2.95  
(D.V.S.11.3.95.

waarin versoek word dat aan al die ou Voortrekkers hulp verleen word. Die Raad meen dat die saak te algemeen gestel was en dat liewers ondersoek moet word, wie van die ou Voortrekkers hulp nodig het. In die bespreking van die saak kom die behoeftige toestand van een ou vader weer voor die Raad. Die ou man woon vir 40 jaar lank reeds by sy kinders en hulle is almal so behoeftig, dat hulle baie dae nie eens 'n mondvul kos het om te eet nie. Een van die sprekers word opgewonde oor die saak en meld dat £20,000 gegee word vir die feestelike inwyding van die Delagoa Baai spoorweg en

„Is het niet eene schande dat oude menschen moest rondlopen als bedelaars en die oude Voortrekkers ondersteun moes worden door de Kerkeraad.“<sup>(1)</sup>

Na nog talle van ander aansoeke het die regering besluit om die saak te ondersoek en aan werklik behoeftige Voortrekkers 'n vergoeding van £75 te gee.<sup>(2)</sup> Hierna het die regering besonder mildelik hulp verleen. In 1896 het die begrotingskommissie £15,000 as 'n toelae aan behoeftige Burgers op die begroting geplaas. Die Volksraad het die pos goedgekeur met die verandering van die woord Burgers in Voortrekkers.<sup>(3)</sup> Toe daar dieselfde jaar by die Volksraad aansoek gedoen word vir die ondersteuning van 'n liefdadigheidsgenoodskap in Pretoria was die Heer Loveday tengunste daarvan omdat

„dit jaar minstens £15,000 aan onvermogene Voortrekkers van het platteland gegee word.“<sup>(4)</sup>

Met die loop van tyd is ook die ouderdomsgrens wat persone moes bereik om tot die £75 geregtig te wees, afgebring. Deur die wet van 1895 moes 'n persoon 70 jaar oud wees. Die bepaling is in 1897 as volg gewysig:

„dat personen tot de £75 gerechtigd waren, die voor 1852 het land zyn binnengetrokken en toen de leeftyd

---

(1) E.V.R.702-95

(3) E.V.R.1735-96

(2) L.W.1895 p.298.

(4) E.V.R.1012-96.

van 20 jaren hadden bereikt."<sup>(1)</sup>

(ii) Hulp tydens en na die Runderpes: Soos reeds aange-  
toon is tengevolge van die runderpes ongeveer  $\frac{2}{3}$  van die  
hele veestapel in die Republiek dood. Ontsettende smart  
en ellende is veroorsaak. By die Eerste Volksraadssitting  
van 1897 het talryke versoeke om hulp gekom en as 'n ge-  
volg hiervan het die regering besluit, om 'n kommissie aan  
te stel wat die saak sou ondersoek. Die kommissie beveel  
aan, dat die regering voorlopig 'n som van £200,000 be-  
skikbaar moet stel, wat uitsluitelik gebruik sal word om  
persone te help wat deur die runderpes verarm is. Onder  
andere beveel die kommissie ook aan dat persone wat werk  
soek, die naturelle wat op die paaie werk, moet vervang.<sup>(2)</sup>

Die Volksraad het na aanleiding van die aan-  
bevelings, op die 20 Augustus 1897 besluit, om 'n bedrag  
van £150,000 onder beheer van die Amartisasiefonds te  
stel en onder sekere voorwaardes aan geruïneerde Burgers  
uit te leen. Aan geen persoon sou meer as £150 geleen  
word nie en waarvoor voldoende sekuriteit in vaste eien-  
dom gegee moes word. Het die persoon geen vaste eien-  
dom gehad nie moes hy een of meer goedgekeurde borge kon  
vind. Ook sou die verbetering en handearbeid op  
okkupasiegrond as sekuriteit geneem word.<sup>(3)</sup> Die geld  
was geleen teen 'n jaarlikse rente van 3%. Die termyn  
van terugbetaling word gestel op 5 jaar en jaarliks moes  
daar 20% van die kapitaal afbetaal word.<sup>(4)</sup>

Die regeringshulp wat tot die helfte van  
1897 gebied was het ook nog 'n voorskot van £340,000 inge-  
sluit wat deur die regering gestem was vir die aankoop van  
mielies, graan, muile, esels en waens wat onder die Bur-  
gers verdeel is. 8955 Donkies en 2592 muile is deur die

(1) E.V.R.1038-97

(3) E.V.R.1664-97

(2) E.V.R.511-97

(4) E.V.R.1189-97.

regering gekoop wat op die volgende manier distriksgewys verdeel is:

	<u>Donkies</u>	<u>Muile</u>
Lichtenburg	664	
Klerksdorp	200	
Soutpansberg	1210	34
Marico	655	
Wolmaranstad	450	8
Rustenburg	1428	54
Waterberg	782	22
Potchefstroom	646	83
Pretoria	1114	178
Krugersdorp	100	
Zeerust		8
Lydenburg		6
Ventersdorp		25
Middelburg		16
Ander	<u>1700</u>	<u>2158</u>
Totaal ...	8955	2592.

Die donkies is so goedkoop as moontlik verkoop. Aan heeltemaal arm Burgers is donkies op uitstel verkoop sonder enige rente.<sup>(1)</sup>

Ofskoon op reusagtige skaal hulp verleen is met die runderpes, is die groot leemte in die metode van hulpverlening, dat aan persone wat in uiters behoeftige omstandighede verkeer het nie 'n helpende hand gereik is nie. Baie klagtes hieroor het die Volksraad bereik. Baie van die Raadslede was teen die toegepaste metode omdat alleen grondeienaars daardeur gehelp word terwyl die arm bywoners die hulp die meeste nodig het.<sup>(2)</sup> Uit die wyk Witwatersrand, distrik Pretoria versoek 122 persone dat aan arm mense wat nie grond besit nie en ook nie borge kan vind nie, klein bedrae van £10-£50 geleen word nadat hulle deur die landdros aanbeveel is.<sup>(3)</sup>

'n Soortgelyke versoek van 104 ander persone is eweneens deur die regering van die hand gewys. Dit kan terselfdertyd ook dien as bewysmiddel van die heersende armoede in sekere dele van die Republiek:

(1) E.V.R.103-97  
 (2) E.V.R.1197-97

(3) R.14834 en R.1514-97.

„Met versbhuldigde eerbiet komen wy de ondergeteken Burgers .... van het Wyk Kliprivier Distrikt Heidelberg in Boksburg goudvelden tot U Hoog ED. en vraagen eerbiediglyk om zulk Eene maatregelen te neemen om De arme Burgers die by het besluit der E.Achtbare Volksraad in haare Jongste Zitting genomen Aangaande de £150,000 dat beschickbaar gesteld is alleenlyk voor Burgers geruïneert door runder-Pest dus van hetzelfde is uitgesloten En daar wy toch de zelfde behoefte heben, als zy die gerouneert zyn want wy verkeereren met onze famieli in groote ellende wegens huiselyke behoefte door de druk der tyden."

Die mense vra dat die regering hulle moet help aan geld, trekvee, saad of enigiets anders want hulle besit absoluut niks nie. <sup>(1)</sup> X/897

(iii) Met die Dinamietontploffing: 'n Skok wat algemeen as 'n ramp beskryf word het die Johannesburgse gemeenskap getref met die dinamietontploffing. Dadelik is 'n komitee deur die regering aangestel met die naam van die „Dynamite Compensatie Comité" wat die name en eise van persone wat skade gely het ontvang en daarna vergoeding toegeken het. <sup>(2)</sup> 'n Fonds is in die lewe geroep, waaruit die persone kompenseer sou word en waartoe die regering 'n bydrae van £25,000 gedoen het. Die grootste ondersteuning het gekom van privaat persone, instellinge en maatskappye, wat die som van £126,399.3 bygedra het. <sup>(3)</sup> Dat die behoefte wat as 'n gevolg van die ramp ontstaan het groot was, blyk daaruit dat die komitee 2,132 eise vir skadevergoeding behandel het, wat op die volgende neerkom:

Bedrag geeis vir verlies aan lewens	£383,307.18. 0
Kompensasie geeis vir skade aan eiendomme ... ..	£228,847.13. 1
Bedrag toegestaan vir verlies aan lewens ... ..	£90,556.10. 0
Bedrag toegestaan vir skade aan eiendomme ... ..	£67,989. 7. 0 <sup>(4)</sup>

In die geheel dus is £158,545.17.0 skadevergoeding toegestaan waaruit dit kan blyk dat die hele saak geen ernstige gevolge kan gehad het nie, omdat die skade herstel was,

(1) R.16539-97  
 (2) R.4356-97

(3) R.10647-96.  
 (4) R.4356-97.

maar ons moet nie uit die oog verloor nie dat £613,155.11.1 aangevra was.

(iv) Tegemoetkomings op onderwysgebied: Ons het hier met 'n besondere belangrike aspek te doen want uit die besprekinge sien ons welke groot mate van aandag die regering aan onderwysaangeleenthede gegee het, en ook sien ons hieruit beter as uit enige iets anders dat daar reeds van die vroegste jare af behoefte bestaan het. So vroeg as 1882 doen Eerwaarde Bosman aansoek vir 'n subsidie aan 'n „Armeschool.”<sup>(1)</sup> In 1882 was daar 100 kinders wat gratis onderwys op middelbare skole ontvang het en 35 hoër onderwys, uit 'n totaal van 1,635 kinders wat op skool was. Die bedrag wat opsy gesit word om in hulle behoeftes te voorsien was £1,100.<sup>(2)</sup>

Die onderwyswet van 1885 maak as volg voorsiening vir gratis onderwys. Artikel 16 van die wet bepaal dat „voor elk waarlyk behoeftige leerling” wat in enige ondersteunde skool gratis onderwys geniet, betaal die regering aan die betrokke skoolkommissie 'n spesiale subsidie van £3-£5 per jaar al namate hoër of laer onderwys geniet word.<sup>(3)</sup> In 1885 het die staat ook £1,650 as 'n spesiale onderwyssubsidie aan behoeftige kinders uitbetaal. Die begrotingskommissie moes op die gedagte gekom het, dat sommige ouers aansoek doen vir die subsidie ofskoon hulle nie daartoe geregtig was nie. Daarom dan beveel die kommissie aan dat geen kind gratis onderwys sal ontvang nie, tensy die ouers 'n sertifikaat van hulle landdros kan vertoon waarin vermeld word dat hulle die skoolgeld nie kan betaal nie.<sup>(4)</sup> Om die moontlikheid van misbruik maak van toegestane konsessies weg te neem besluit die Volksraad nog in 1889 dat

---

(1) V.R.B.15-82

(3) S.K. 20 Mei 1885.

(2) Onderwysrapport 1883

(4) V.R.B.734-85.



"de subsidie vastgesteld voor kinderen die gratis onderwys ontvang zich zal beperken tot kinderen van gebrekkige of oude en tevens onvermogene ouders en aan weeskinders die behoeftig zyn." (1)

Uit die verslag van die Superintendent van Onderwys vir 1891 blyk dit dat daar toe 1269 leerlinge was wat gratis onderwys ontvang het, (2) Ons merk dus op die geweldige toename wat plaasgevind het van 1882 af toe daar slegs 135 was.

In artikel 18 van wet No.8 van 1892 was bepaal dat die regering nie meer toelaes vir gratis leerlinge sal betaal nie. Die bepaling word in 1893 weer verander as volg:

"De Superintendent kan aan werkelyke behoeftige kinderen een driemaandelyksche subsidie toekennen van 30/- by overlegging van eene schriftelyk verklaring dat zulk een kind of zulks kinderen te onvermogen zyn om iets by te dragen - ondertekend door den Veldkornet der wyk en minstens 3 kerkeradsleden van een of meer der drie Hollandsche Protestantsche Kerken." (3)

Die regering het dus sorg gedra dat net werklike behoeftige kinders die voorregte sou geniet.

Die hulp wat die regering verleen het, het voortdurend verander. In 1896 is bepaal dat aan die skoolbesture, die skole en onderwysers waarvan aan die eise van die wet voldoen, 'n driemaandelikse toelae vir kosgeld van £3-£6 uitgekeer kan word ten behoewe van behoeftige leerlinge in die skool. Die kinders moet minstens drie myl van 'n gesubsidieerde skool af woon en voorsiening moet bestaan dat hulle in die nabyheid van die skool kos en inwoning kan kry. (4)

Dat die mense onbillik in hulle eise kan word, merk ons daaruit op dat persone selfs met hierdie billike reeling nog nie tevrede was nie, want in 1898 word 'n memorie uit Bloemhof distrik deur 102 persone onderteken aan die Volksraad gestuur waarin hulle vra dat

---

(1) V.R.B.400-89

(3) L.W. Wet No.8 van 1893.

(2) E.V.R. 48-91.

(4) Wet No.14 van 1896.

die bestaande vasgestelde distansie van 3 myl wat kinders van 'n skool af moet woon, om in aanmerking te kan kom vir die onderwystoelae, nog verminder moet word. 'n Ander groep persone uit dieselfde distrik vra dat die afstand op  $1\frac{1}{2}$  of 2 myl gestel moet word.<sup>(1)</sup>

In 1898 versoek 76 persone weer dat die kosgeld vir onvermoënde kinders op £3 per maand gestel moet word, 'n versoek wat nie toegestaan is nie. In hierdie jaar was onderwys kosteloos vir die armes. 1000 Kinders het op die tydstip die £2 toelae ontvang terwyl 2750 kinders onderwys op staatskoste geniet het. 'n Paar van die Raadslede was tengunste daarvan dat die toelae tot £3 verhoog sal word waarop die voorsitter die saak baie duidelik gekenskets het. Hy sê o.a.:

„het gold hier alweer de oude gezegde ‚de arme menschen‘ Spreker woonde ook buiten, waar droogte, runderpest en sprinkhanen hunnen verwoestingen hadden aangebracht. Er bestaat langzamerhand een geest om den Staat geheel enal voor de kinderen te laten zorgen onder beschutting van het woord ‚arm‘. Indien men hieraan ging toegeven zoude het volk geheel enal gedemoraliseerd worden .... Er moest op gelet worden dat wanneer de regering ondersteuning verleende, dit eene tegemoetkoming was. Spreker geloofde niet, dat er een land ter wereld was waar soveel door den Staat voor de armen gedaan worden.“<sup>(2)</sup>

Hierdie uitlating van die voorsitter bevat baie om oor na te dink. Noodwendig laat dit ons dink dat toestande maar altyd so was soos dit vandag nog is. 'n Gemeenskap sal alleen dan onbillike eise stel wanneer hulle reeds geleer het dat hulle met 'n vrygewige regering te doen het.

'n Ander bestaande tegemoetkoming op onderwysgebied was die volgende. As aan die Superintendent van Onderwys bewys kan word dat in 'n omgewing te veel arm mense woon om aan die gewone onderwysregulasies te voldoen sal ondersteunde skole op die volgende voorwaardes

---

(1) Rapport van Onderwyskomissie '98  
(2) E.V.R.199,269-98.

opgerig word: Die departement sal die onderwyser 'n salaris van £15 per kwartaal betaal indien die omgewing aan hom gratis kos en inwoning verskaf. Is daar aan die skool reeds die maksimum aantal vrye skoliere, sal die staat die skoolgeld van al die ander kinders betaal mits hulle ouers werklik behoeftig is. (1)

Die vraag wanneer 'n ouer beskou sal word as behoeftig het dikwels moeilikheid opgelewer. Om helderheid te kry vra die Superintendent van Onderwys aan die Uitvoerende Raad, om 'n maatstaf te stel wanneer 'n ouer beskou sal word as „onvermogen”, „gedeeltelyk onvermogen” of „geheel onvermogen”, soos genoem in artikel 3 van Wet No:8 van 1893 en in artikel 11 van Wet No:14 van 1896. Die Uitvoerende Raad het die saak verwys na die Volksraad, wat dit op hulle beurt weer verwys na 'n gekose komitee van die Raad. Die Kommissie het die volgende rapport opgestel wat deur die Volksraad goedgekeur is:

- „(1) sertifikaten van onvermogen (mogen alleen) gegee word ten behoeve van kindere van:
- (a) Niets besittende ouders of voogde, die te oud zyn of te gebrekkig om door arbeid het skoolgeld en eventueel het logiesgeld te verdien, of wel door langdurige en ernstige ziekte of ander Godsbeskikking niet daertoe in staat zyn;
  - (b) Ouders of voogde die geen grond of wagen met een span trekdieren bezitten, met den besten wil niet in staat zyn £150 p.j. te verdien en meer dan drie kindere in den school hebben, zullende dan alleen voor de boven het getal 3 uit hetzelfde gezin gelyktydig schoolgaande kindere een verklaring van onvermogen uitgerekte worden mogen.
- (2) Voor eigenare van grond of een wagen met een span trekdieren, die door goeden wil daardoor in hun onderhoud en dat van hun gezin voorsien kunnen, zal geen sertifikaat van onvermogen afgegeven worden.
- (3) De sertifikate van onvermogen zullen geldig zyn voor een tydvak van hoogstens een jaar.” (2)

Deur hierdie en ander bepalings wat taamlik streng was sien ons dat nie maklik vrystelling vir skoolgeld verleen was nie. Waar ons dan so'n groot aantal kindere kry wat

---

(1) N.H. of G. Keralmanak 1895-1901.

(2) E.V.R.933-98.

heeltemaal gratis onderwys ontvang het moet ons noodwendig tot die gevolgtrekking kom dat behoefte onder 'n groot deel van die bevolking bestaan het.

Dat die staat belang gestel het in die opvoeding van die kinders merk ons ook uit die groot aantal beurse wat vir die doel afgesonder was. Die ver- naamste doelstelling met die toekenning van die beurse was om aan arm kinders, ook die geleentheid te gee om onderwys in al sy verskillende stadiums te kan geniet. Die eerste beurse is reeds in 1886 ingestel omdat „vele Afrikaansche” ouers nie die middele besit om hulle kin- ders vir 'n geruime tyd na een of ander dorpskool te stuur nie. Daarom word besluit om die rente op 'n bedrag van £4800 gereken teen 6% vir studiebeurse opsy te sit en waarvoor die seuns van vaders wat in die vry- heidsoorlog gesneuwel het of die seuns van vaders wat hulle vir die land verdienstelik gemaak het en wat nie in staat is om enige geld vir hulle opvoeding aan te wend nie, eerste in aanmerking sal kom. (1) Weer sien ons die duidelike prinsipe neergelê, dat die regering in gewone gevalle hulp verleen, in die eerste plek aan die persone wat reeds definitiewe verdienstelikheid getoon het.

In 1889 is weer 9 nuwe beurse in die lewe geroep, nl. 4 staatsbeurse van £60 elk en 5 privaat beurse. (2) Na hierdie tyd is daer voortdurend nog altyd nuwe beurse by die bestaande getal gevoeg. (3)

Om kinders van arm ouers verder nog in die geleentheid te stel om 'n behoorlik opgeleide hand- werk te leer, het die Volksraad in 1897 besluit om ambag- skole op te rig. Die skool kan oor die helfte van die goed wat die kind gemaak het beskik om daarmee sy onkoste

---

(1) E.V.R.423-86  
(E.V.R.1606a-94

(2) E.V.R.406-89

(3) (E.V.R.1512 -95  
(E.V.R. 712-96.

gedeeltelik of heeltemaal te betaal. Aan die kinders van baie arm ouers sou, behalwe dit, nog beurse toegeken word.<sup>(1)</sup> Sommige van die lede was teen die oprigting van die ambagskole omdat hulle gemeen het, dat meer goed gedoen sal word as die geld net so aan die armes gegee word. Ander lede weer was tengunste daarvan omdat waar ambagte deur uitlanders uitgeoefen word, dit later deur die land se eie kinders gedoen kan word en sal dit vrywaar dat

„onze kinderen in de toekomst als knechten gebruikt worden, doch was het thans reeds het geval.

(v) Tegemoetkomings t.o.v. Belasting: Die belasting wat op die Republikeinse Boer gelê was, was nooit hoog nie sodat wanneer gevalle voorkom van belastingvermindering opheffing of vrystelling van belasting, dit duidelike simptome is van moeilikheid wat die mense ondervind het. Waar ons herhaaldelik gevalle van agterstellige belasting sal teenkom, kan die beswaar miskien geopper word dat dit alles nie veelseggend is nie, omdat die Burger tengevolge van sy vrye natuur hom nie veel aan belasting gestour het nie en dit dikwels nie betaal het nie ofskoon hy tog daartoe in staat was - 'n aantyging wat nogal dikwels gemaak is. Of dit inderdaad ooit die geval was is sterk te betwyfel want gedurende die hele ondersoek is nie een so'n geval teengekom nie. Die gevalle waar belasting nie betaal is nie was almal tengevolge daarvan dat die mense nie die geld gehad het nie. Ook moet dit vermeld word dat dit 'n verskynsel was wat reeds vroeg te voorskyn tree, want in 1882 besluit die Volksraad dat agterstellige belasting baie streng gaan ingevorder word ooreenkomstig Wet No.1 van 1877.<sup>(2)</sup>

In 1884 kry ons die eerste duidelike bewys

---

(1) E.V.R.73-97

(2) L.V.1849-55 p.1107

dat belasting agterstallig is toe 33 persone uit Lichtenburg 'n brief aan die Volksraad rig en vra om vrystelling of vermindering van agterstallige belasting.<sup>(1)</sup> Tot sover het die regering 'n taamlike drastiese beleid gevolg teenoor belastingbetalers wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie, maar in 1885 vind ons 'n wysiging in die politiek. In hierdie jaar word daar vir die eerste maal uitstel van belasting verleen. Die wet wat hiervoor voorsiening maak bepaal dat persone uitstel van agterstallige belasting kan kry, maar alleen op  $\frac{2}{3}$  van die totale bedrag, mits  $\frac{1}{3}$  binne een jaar en die ander binne twee jaar betaal word.<sup>(2)</sup>

In die behandeling van die begroting van 1885 blyk dit dat 'n groot bedrag aan belasting agterstallig is. Die komitee wat die saak in behandeling gehad het se bevindinge was dat baie persone maar alte gewillig is om hulle lopende belasting te betaal, mits hulle uitstel kan kry van agterstallige belasting. Nogtans beveel die kommissie aan dat amptenare opdrag kry om belasting in te vorder voor die 1<sup>e</sup> Oktober van elke jaar, maar dat aan persone wat reeds groot bedrae agterstallig is geleentheid gebied sal word om dit in drie jaarlikse paaiemente teen 6% rente te betaal.<sup>(3)</sup>

Hiermee was dan ook afgesien van Wet No.10 van 1885 en is die tegemoetkoming wat die mense daaronder gebied was tot 'n grote mate weggeneem. Die vergunning is nie weggeneem omdat die behoefte opgehou het om te bestaan nie, want in die volgende jaar is 'n versoekskrif van 42 persone uit Potchefstroom voor die Volksraad gebring waarin hulle versoek dat wet No.10 verleng sal word.<sup>(4)</sup> Die versoek is nie toegestaan nie.

---

(1) V.R.B.146-84

(2) Wet No.10 van 1885.

(3) V.R.B.576-85.

(4) V.R.B.597-86.

Die belasting kwessie het besonder akuut begin word en daarom vind ons dat die Volksraad daar 'n groot mate van aandag aan begin wy het. 'n Spesiale amptenaar was aangestel om sorg te dra vir die insameling van agterstallige belasting. In die eerste jare egter het sy salaris die som wat hy ingesamel het ver oortref. (1) Ons ly hieruit af dat daar soveel belasting agterstallig was dat dit die aanstelling van so'n amptenaar sou regverdig, dat hierdie amptenaar bekleed met die waardigheid en gesag van die gereg agter hom die hoogs moontlike bedrag van hierdie skuld sou kan insamel - dat hy nogtans nie daarin geslaag het nie moet dus toegeskryf word daaraan dat die mense nie in staat was om te betaal nie. Dit word ook bevestig deur 'n skrywe in die „Volkstem“. Die mense is nie onwillig om te betaal nie maar te arm. Baie mense het selfs hulle osse wat in gebruik was uitgespan en verkoop om daarmee hulle belasting te betaal, maar selfs dit was ontoereikend. (2)

Na 'n periode van skynbare besluiteloosheid kom die Raad blykbaar skielik tot die besef dat daar armoede bestaan. In 1892 besef hulle dit en dadelik besluit hulle om aan behoeftiges vrystelling van belasting te verleen:

„Overwegende dat er vele onvermogene personen zyn ... de H.E.D. Regeering op te dragen nauwkeurig ondersoek in te stellen in de verschillende wyken door middel van veldcornetten, of die personen, die achterstallig zyn, te onvermogen zyn hunne schulden te betalen, om dan naar bevind van zaken te handelen teneinde die personen die achterstallig zyn, geheel of gedeeltelyk die schulden kwyt te schelden.“ (3)

'n Waardige besluit is hier geneem deur die landsvaders, maar dit blyk tog dat daar nie in elke opsig uitvoering aan gegee was nie, want in 1895 kom 'n memorie voor die Raad versoekende dat aan die regering opdrag gegee word om uitvoering te gee aan E.V.R.556-92.

---

(1) V.R.B.890-89  
(2) D.V.S. 6.3.90

(3) E.V.R.568-92.

Dit was geëis nadat die balju dagvaardigings uitgereik het aan persone wat absoluut niks besit het nie. Die lid van Rustenburg sê dat in sy kiesafdeling die besluit wel uitgevoer was en

„menig arme was de regering voor dat besluit dankbaar.”

Die Heer Jeppe wys daarop dat veral aan die inwoners van die goudvelde vrystelling verleen moet word,

„omreden daar veel arme personen uit de districten naar toe zyn getrokken om door handenarbeid eene kleine verdienst te zoeken.”<sup>(1)</sup>

Die belasting waarvan gepraat word was persoonlike belasting wat maar 18/6 per jaar was.

Die agterstallige belasting moes in baie gevalle oor so'n lang tydperk geloop het, dat dit so opgehoop het, dat, teneinde die geld te kry die regering die mense se grond verkoop het. Baie gevalle kom voor die Raad waarin die mense vra dat die regering hulle grond moet teruggee, mits hulle die agterstallige belasting betaal.<sup>(2)</sup> Die versoeke is sonder uitsondering almal van die hand gewys.

Afgesien van die vrystelling van agterstallige belasting het die regering ook vrystelling verleen aan sommige persone vir lopende belasting. In Wet No.3 van 1889 word die volgende bepaling neergelê:

„Nademaal het wenschelyk bevonden is in sommige gevallen aan gebrekkige of ouden en tevens onvermogen- de personen, geheel of gedeeltelyk kwytschelding te verleenen van belastingen zoo is het dat hierby vas- gesteld en bepaald wordt als volgt: 1. Aan ge- brekkige of oude en tevens onvermogen- de personen kan geheel of gedeeltelyke kwytschelden worden verleend van belastingen ... van achterstallige belasting en van belasting over het loopende jaar.”<sup>(3)</sup>

'n Latere bepaling dra ook nog sorg dat daar nie onge- reeldheid kan voortvloei uit die konsessie nie, want be- lasting sal nie vir elke arm persoon vrygestel word nie

---

(1) E.V.R.766-95 (E.V.R.581-87  
(3) E.V.R. 4-89. (2) o.a. (E.V.R.583-87  
(E.V.R.647-95  
(E.V.R.564-92



maar alleen aan hulle, wat deur 'n sertifikaat van hulle veldkornet bewys dat hulle so goed as niks besit nie, bv.

„slechts een paar stoelen en een tafel.”

Gedurende die bespreking merk een van die lede op dat hy hom persone woon wat aan grond, osse en absoluut alles gehelp moet word om

„aan den kost te komen.”

terwyl die Heer Loveday opmerk dat in die Kaapse Goudvelde persone kom wat geen 6d. besit nie. Die lid van Heidelberg was tengunste van belastingvrystelling, want waar moet mense geld vandaan kry wat van hand tet tand leef. Te meer nog is hy bly omdat in sy distrik baie armes woon. (1)

Talryke versoeke is ook tot die Raad gerig waarin versoek was dat sekere belasting verminder sou word. Ofskoon dit nie byvoorbaat reeds kan aangeneem word as tekens van armoede nie, wek dit tog die vermoede. In 1884 word vir die eerste maal gevra dat die spoorwegbelasting verminder moet word met 1/-. (2) Aan die versoek is eers in 1887 uitvoering gegee toe dit met 10/- verminder is, (3) sodat toe daar weer twee memories voor die Volksraad kom met dieselfde inhoud die belasting slegs 5/- was. Die Raad het gemeen dat die belasting nog kan verminder word, was dit nie dat daar nog 'n bedrag van £43,000 op die spoorweglening moes afbetaal word, want hierdie belasting het veral hard gedruk op „den armen man die geen duim grond had.” (4)

In 1890 is 6 versoekskrifte deur 4598 persone onderteken uit Barberton, Pretoria, Potchefstroom en Johannesburg aan die Raad gestuur waarin hulle versoek

---

(1) E.V.R.568-92

(V.R.B.524-84

(3) V.R.B.573-87

(2) (V.R.B.110-84

(4) E.V.R.801-95

(V.R.B.828-86.

dat

„zoo niet defenetief dan toch tydelyk de persoonlyke belasting worden afgeschaffen.”

Die Raad kon hierin nie toestem nie siende dat in dieselfde jaar die spoorwegbelasting reeds verminder was.<sup>(1)</sup>

In sy aanspraak tot die Volksraad in 1890 maak die Staatspresident melding van

„de dringende behoefte des lands”

wat genoodsaak het dat die invoerregte op sekere artikels tydelik opgehef moes word - 'n behoefte wat ontstaan het tengevelge van die voortdurende droogte, die groot gebrek aan transport, die verskriklike skaarste aan die vernaamste eetware en die nog steeds toenemende vermeerdering van bevolking. As 'n gevolg hiervan het die Volksraad die invoerregte opgehef op verskillende eetware. Die Volksraad gee hulle volle goedkeuring hieraan,

„en brengt de regering zyn warmen dank toe, voor de tydige maatregelen door haar genomen, tot leenigen van den nood die een groot gedeelte der bevolking bedreigde.”<sup>(2)</sup>

(vi) Werkverskaffing: Baie van die verarmde Burgers wat deur die verskillende moeilikhede heeltemaal geruïneerd was, het dorpe toe getrek met die hoop om daar werk te kry. Die meeste van die persone het egter tevergeefs gehoop.<sup>(3)</sup> Die gevolg was dat in baie dorpe en veral in stede 'n werkllose gemeenskap versamel het wat absoluut niks besit het nie. Om te verhoed dat die mense in 'n toestand van hongersnood sou verval, moes die staat ingryp en aan hulle werk verskaf. Waar ons egter op moet let is dat die verskynsel van werkverskaffing van staatsweë, sig eers gedurende die laaste jare van die 19<sup>e</sup> eeu voorgedoen het.

In 1897 het mnr. Wolmarans in die Volksraad

---

(1) (V.R.B.1089-90  
(V.R.B.1130-90

(2) V.R.B.33-90  
(3) D.V.S.10.4.98.

voorgestel dat aan persone wat verarm is werk gegee word

„waardoor vele der Burgers uit hunne ellende kunnen gered worden.“<sup>(1)</sup>

Die regering het hierop 'n komitee aangestel wat sou ingaan op die saak en aanbevelings doen. Hulle aanbeveling was dat die regering in gevalle van nood arm blankes moes werk gee op paaie liewers as aan naturelle.<sup>(2)</sup>

Dat die aanbeveling wat deur die regering goedgekeur was nie onmiddellik in die praktyk toegepas is nie, maar dat dit algemene byval gevind het en verwelkom was, blyk uit 'n versoekskrif van 230 persone uit Marico in 1898 waarin hulle vra dat aan arm Burgers werk gegee moet word volgens besluit reeds in 1897 goedgekeur,

„of andersins voor de armen gelegenheid te geven om brood te verdien.“<sup>(3)</sup>

Dit was nie die enigste manier wat arm mense aan werk gehelp was nie. Arm blankes is deur die regering in enige openbare regeringswerk in diens geneem soos bv. in die uithaal en skoonmaak van riviere, en die aanplanting van bome op regeringseiendom.<sup>(4)</sup>

Of die metode algemene tevredenheid gewek het val moeilik om te sê. Die opinies wat ons daaroor het is baie uiteenlopend maar groepeer hulle hoofsaaklik aan die twee uiterste kante. Kort na bogenoemde aanbeveling was op een pad in Waterberg distrik ongeveer 80 blankes imploeer. Afgesien van hulle was daar tog nog mense wat deur die staat van voedsel voorsien moes word. Die besoldiging vir blankes was 5/- per dag wat ongeveer 4-5 maal so hoog was as vir naturelle.<sup>(5)</sup> Dit blyk ook dat daar neg vier of vyf ander distrikte was waar aan blankes werk op paaie verskef kan word. Die Volksraad het besluit om die regering op te dra om ondersoek in te

---

(1) E.V.R.110-97  
(2) E.V.R.120-97  
(3) E.V.R.1577-98

(4) E.V.R.528-97  
(5) E.V.R.528-97

stel na die moontlikheid van werkverskaffing aan armes, die aard daarvan en die beraamde koste.<sup>(1)</sup>

Die Hoof van Publieke Werke was daarteen dat werk aan blankes op paaie gegee word, omdat, sê hy, dit gevind is dat die onkoste daardeur geweldig styg. Die koste verbonde aan bogenoemde pad, wat deur blankes gemaak was, het £6,500 bedra, terwyl dit slegs £1,500 sou gekos het as naturelle die werk gedoen het.<sup>(2)</sup> Die ingenieur vir staatswerke was 'n heeltemaal ander sienswyse toegedaan. In sy verslag oor 1897 beveel hy aan dat kleurlingarbeid sover as moontlik vervang word deur blankearbeid, in die aanlê van openbare werke. Hy meld ook uitdruklik dat van uit 'n suiwer ekonomiese standpunt beskou goed georganiseerde blankearbeid nie veel duurder as naturellearbeid is nie.<sup>(3)</sup>

Teneinde aan die werkloosheid wat in Pretoria heersende was, oplossing te gee het die stadsraad van Pretoria in 1898 'n voorstel aangeneem, om arm Burgers teen 5/- per dag in diens te neem en hulle dan apart van kaffers te laat werk. Wat die aard van hierdie werk was weet ons ongelukkig nie maar ons kan aanneem dat dit die maak van strate was soos in Potgietersrust die geval was.<sup>(4)</sup>

Die Hoof van Weë het orals werk gegee aan blankes op paaie. Werkloses van Boksburg, Johannesburg en Krugersdorp is almal op die manier gehelp. Die betaling van die mense was 9d. per uur vir 'n gebroke week en 35/- vir 'n volle week. Ook is meel aan die mense teen kcsprys verskaf. Deeglike sorg sou gedra word dat alleen werklike behoeftige persone werk kry, en sodra as iemand £10 aan loon ontvang het, sou hy moes terugstaan vir iemand anders wat nog nie werk gekry het nie.<sup>(5)</sup>

---

(1) E.V.R.537-98

(4) D.V.S.24.3.98

(2) R.10033-97

(5) D.V.S.19.3.98.

(3) D.V.S.29.6.98

Deur hierdie bepaling sien ons dat daar vir 'n groot aantal persone voorsiening gemaak word.

(vii) Verbande: Soos reeds aangetoon het die regering geen definitiewe sosiale beleid gevolg nie, maar tog darem voortdurend die geleentheid geskep waardeur mense gehelp kan word. 'n Ander rigting in hierdie wyse van hulpverskaffing was om geld uit te leen wat deur verbande op vaste eiendom verseker was. Vier verskillende fondse is aan ons bekend waaruit geld geleen kan word.

Die mees belangrike hiervan was seker die Amortisasiefonds. In sy aanspraak tot die Volksraad in 1893 kondig die Staatspresident aan dat,

"velen onzer Burgers heeft bykans onherstelbare schade en verliezen geleden ter oorzake van de ontzettende overstroming, die in den aanvang van den zomer hebben plaats gehad. Die regeering heeft het onder deze omstandigheden tot haar duren plicht geacht een som van een duizend Pond sterling beschikbaar te stellen tot leening van den nood."<sup>(1)</sup>

Dat hierdie £1,000 heeltemaal onvoldoende was leer ons daaruit ken dat die Heer Malan die Volksraad daarop wys dat in die Wyk Hexrivier slegs £50 bestee is en dat die toestande daar nog so haglik is dat:

"Sommige menschen zouden doodgaan, indien ze niet ondersteund worden. Er waren er die alles hadden verloren."<sup>(2)</sup>

Die Volksraad het die maatreëls wat reeds deur die regering getref was goedgekeur en ook toegestem dat 'n bedrag van £50,000 of £100,000 beskikbaar gestel sal word as 'n delgingsfonds wat onder voldoende sekuriteit uitgesit moet word, en waardeur aan die persone wat tengevolge van die Krokodilrivieroorstroming die meeste gely het voorkeur gegee sal word.

As 'n gevolg van die oorstroming het daar 'n gereelde jaarlikse fonds ontstaan bekend as die Amortisasiefonds. Hieruit sou aan behoeftige persone

---

(1) E.V.R.14-93

(2) E.V.R.394-93

geld op eerste verband, op vaste eiendomme wat in die Republiek lê, geleen word teen 6% rente vir 5 jaar lank. (1)

Dat die behoefte aan kontantgeld groot was merk ons uit die feit dat die bedrag van £100,000, wat vir hierdie doel deur die Raad afgesonder was, op £818 na alles binne 3½ jaar uitgeleë was, en dat £65,568 gedurende die eerste ses maande toegestaan was. In die geheel was 316 verbande toegestaan tot 'n totale waarde van £99,182. (2) Die 316 verband was weer as volg verdeel:

Vir Watersnoodlydendes	36 verbande	ter waarde van	£10,836.
Vir verbetering van landbou	268 " " " "		£83,700. (3)
Vir generaliteitsopmetinge	12 " " " "		£4,646.

Ons sien dus dat ofskoon die geld aanvanklik bedoel was vir watersnoodlydendes die grootste deel vir ander doeleindes gebruik was.

'n Tweede middel waarvan persone gebruik kan maak om aan kontantgeld te kom was om verbande op te neem by die Weeskamer. In 1894 is dit onder die aandag van die Volksraad gebring dat die Weeskamer 'n fonds van £100,000 het wat renteloos lê en waarop die staat 5% rente betaal. Hierop het die Volksraad besluit om aan die regering op te dra om sodanige gedeelte van die depositos wat nie binne 12 maande nodig is nie te belê, onder dieselfde bepalinge wat betref rente en sekuriteit as in die geval van die Amortisasiefonds. (4)

Die bedrag wat die kommissie tot hulle beskikking gehad het om op verbande uit te sit was £80,000. Op die 6<sup>e</sup> Maart 1895 het die kommissie hulle werksaamhede aanvaar en aan die end van 1897 was daar van die totale bedrag nog £29,365 oangevra. Na hierdie datum vind ons geen verslae van werksaamhede meer

- 
- |                    |     |                 |
|--------------------|-----|-----------------|
| (1) E.V.R.678-93   |     | (E.V.R.1381-94. |
| (2) Bylae I        |     | (U.R.B. 119-95  |
| (E.V.R. 664-94     | (4) | (T.V.R.1234-96  |
| (E.V.R. 191-95     |     | (T.V.R.1055-96  |
| (3) (E.V.R. 601-96 |     |                 |
| (E.V.R.1318-97     |     |                 |

nie. Van die £50,635 wat derhore toegestaan was, was 70 gedek deur plaasverbande ter waarde van £26,925 en 54 deur verbande op dorpseiendom tot 'n waarde van £23,510. (1)

Die Posspaarbank wat opgerig was deur Wet No.9 van 1892 het die weggelegde geld weer op verbande uitgeleen en het daardeur 'n derde bron geword vanwaar uit Burgers gehelp kan word. (2) Gedurende die periode van werksaamhede van die komitee - 1 Januarie 1893 tot 31<sup>e</sup> Mei 1898- het hulle 525 verbande tot 'n gesamentlike waarde van £393,390 toegestaan. (3)

Die geld wat gedurende 1881 in Nederlands-Indië gekollekteer was vir die slagoffers van die Eerste Vryheidsoorlog is nie vir die doel gebruik nie. Saam met 'n vaste bydrae van 1/- per jaar vir elke meerderjarige blanke en 'n geringe skaal van die amptenare se salarisse. Die geld wat gedurende die jaar nie aan gepensioeneerdes uitbetaal is nie is ook op verband uitgesit. Hoeveel geld op verband uitgesit is val moeilik om te sê maar gedurende die tydperk van 1889-1897 is £3,759.19.0 aan rente ontvang. Aangesien die rente teen 6% halfjaarliks vooruitbetaal moes word en verbande vir nie langer as een jaar toegestaan is nie kan ons hieruit aflei dat die totale bedrag waarvoor verband gegee was £62,666 bedra het. (4)

(b) LIEFDADIGHEID.

In teenstelling tot die regering het daar

---

(1) Sien Bylae III	(T.V.R. 450-93
	(2) (T.V.R. 517-94
(3) Sien Bylae II.	(T.V.R. 475-94.
(E.V.R.1035-90	E.V.R.1005-93 E.V.R.1807-96
(4) (E.V.R.1226-91	E.V.R.1443-94 E.V.R.1221-97
(E.V.R.1119-92	E.V.R.1490-95 E.V.R.1154-98

'n gevoel by 'n groot deel van die publiek bestaan dat armoede onder 'n sekere deel van die bevolking heers. Hierdie mense dan, het of in hulle private hoedanigheid of as lede van een of ander liefdadigheidsvereniging, doelbewus hulle bearbei om die lot van mense weer aangenamer te maak. Die liefdadigheid wat hulle beoefen het was dan ook nie van 'n eensydige aard nie, maar was opbouend, in soverre as wat voortdurend gepoog was om blywende middele tot die beskikking van die armes te stel, wat nie alleen net tydelike redding sou bring nie, maar tot permanente verbetering sou ly.

Voortdurend kom ons wenke teen van privaat persone waardeur op die een of ander manier gehelp kan word. Die regering het van hierdie wenke vrywel nooit gebruik gemaak nie, maar tog wys dit aan ons dat persone in die rigting nagedink het en dat daar dus behoefte moes bestaan het. Dat die hele vraagstuk ook nie so danig jonk was nie, merk ons daaruit op, dat voor 1871 reeds, president Burgers in die rigting begin dink het. Op 'n landsreis het die president by Potochefstroom uitgekom en in sy herinneringe skryf hy van die pragtige dorp, met sy ryke strome water en waarvoor dit nie alles aangewend kon word nie:

„Wat al schoone kansen zyn hier niet om flinke wolwasscheryen en wolfabrieken op te richten! En hoevele duizenden van menschen konden hier niet bestaan alleen van fabriekswerk.“<sup>(1)</sup>

In 1890 word by die Volksraad aanbeveel dat goewernementsgeld onder sekuriteit uitgeleen sal word, ten behoeve van die opbouing van die landbou.<sup>(2)</sup>

Van 1897 af het die kwessie van armoede en werkloosheid besonder akuut geword. Telkens kom die saak voor die Volksraad vir bespreking en dan word daarvan

---

(1) Schetsen uit de Transvaal van Thos. F. Burgers uitgegee deur Dr. S.P. Engelbrecht.

(2) E.V.R.220-90.



gepraat as van 'n probleem. Die mense is arm, sommige uiters behoeftig, hulle moet gehelp word maar telkens maar weer stuit hulle op die vraag - hoe? Baie van die lede is geneig om aan die mense regeringswerk op paaie te gee maar, die moeilikheid waarteen hulle stuit is die eergevoel en mentaliteit van die persone met wie te doen is. Een persoon sien die saak in sy regte perspektief. Om die mense aan hierdie soort werk te help, is net genoeg om hulle te degenerereer en om die probleem te verskuif. Die blywende oplossing sou, in sy opinie, wees om die mense weer in die geleentheid te stel om met hulle boerdery bedryf voort te gaan.<sup>(1)</sup> Die trek van die mense van die platteland na die stede is nou reeds besef as 'n gevaar waarteen gewaak moes word, en duidelik is ook besef dat die Boere soveel as moontlik op hulle grond gehou moes word.

Die besonder belangrike beswaar het ingekom, naamlik dat die fonds wat beskikbaar gestel was vir die runderpes, nie die arm man wat absoluut niks gehad het, gehelp het nie. Om hierdie persone tegemoet te kom beveel die veldkornet van Wolmaransstad aan dat, die regering in daardie distrik plase opkoop, daarop laat damme maak waarvoor die armes imploeer kan word, en dan daarna klein stukkie grond onder die damme aan die mense verhuur.<sup>(2)</sup> Tot 'n groot mate dus dieselfde gedagte as wat vandag bestaan in die velerlei irrigasieskemas wat deur die regering uitgevoer word. Hierdie wenk was egter nooit deur die regering in die praktyk toegepas nie.

Die hele neiging en gees in verband met die armbanke vraagstuk van die dae was toegespits daarop om die mense te help - help deur die verskaffing

---

(1) E.V.R.328-97

(2) R.15578-97

van werk of andersins, maar met die hoofdoel om daardeur sorg te dra dat die mense nie van die platteland af sal moet weggaan nie. 'n Volkstemkorrespondent gee aan die hand, dat aan mense wat deur die runderpes geruïneerd is, klein stukkie regeringsgrond van 10-15 morge gegee word dat hulle ook aan implemente en vee gehelp word sodat hulle weer 'n redelike begin kan maak.<sup>(1)</sup> Het die regering van die begin af aan hierdie politiek gevolg, wat baie maklik gedoen kon word, omdat hulle oor baie oop goewernementsgrond beskik het, sou meer daardeur bereik kon word as die voortdurende uitgifte van lenings en plaasverbande.

In hierdie selfde verband kan verder nog melding gemaak word van twee memories wat voor die Volksraad gelê is en waarin gevra word, dat aan arm Burgers van regeringsweë vee gegee word teen 3% rente. Die komitee wat oor die memories rapport moes doen beveel aan dat met die oog op die baie skade, wat deur beide publiek en regering gely is, in verband met die aankoop van donkies die vorige jaar, hierdie versoek nie toegestaan word nie.<sup>(2)</sup> Op welke manier die skade gely is word nie aangetoon nie. In dieselfde jaar word nog ander memories met 'n soortgelyke strekking voor die Volksraad gelê. 53 Persone versoek naamlik, dat liewers grond aan arm mense gegee sal word as wat geld aan hulle geleen word. Met die geld wat aan die Burgers geleen word moes dan grond gekoop word en die mense moes op die regeringsgrond gevestig word. Die versoek was afkomstig uit Waterberg distrik en die lid van Waterberg wil dan ook dat arm mense nie met geld gehelp word nie, maar liever dat die res van die oop goewernementsgronde verder vir okkupasiedoeleindes uitge-

---

(1) D.V.S.2.2.98

(2) E.V.R.1266-98.

gee sal word. Sonder opgawe van enige rede is die versoek geweier. (1)

Voortdurend dus sien ons hierdie versigtig-huiwerige politiek van die regering. 'n Meer bewuste en deurtastende optrede kry ons by die privaat instellings vir hulp. Ons onderskei ook hierin verskillende rigtings:

(i) Was en Strykinrigting:<sup>v</sup> Die doel met die oprigting van hierdie inrigting was om in die

„onmiddelyke en zeer dringende behoefte van noodlyndes en buiten schuld, zonder werk zynde personen te Burgersdorp, Vrededorp en in de Witwatersrand goudvelden te voorzien.”

Wat die onmiddelijke aanleiding hiertoe gegee het was dat:

„de nood der verschillende door Runderpest en andere rampen verarmde burgerfamilies, thans hier ter stede vertoevende steeds hooger stygt en dadelyk voorziening vereischt.”

Met hierdie doelstelling het die „Rant Hulp Comité” 'n permanente Maatskappy gestig met die naam „De Maatschappy tot nut in het algemeen” in 1897.<sup>v</sup> Hierdie maatskappy wat optree ten behoeve van die „arme blanken bevolking” wil op tweërlý wyse tegemoet kom aan die behoeftes van die arm mense:

(a) „Door de verschaffen der meest noodige levensbehoefte, dekking en kleeding.”

Teneinde in die rigting werksaam te mag wees, is 'n komitee in Johannesburg aangestel, wat op uitgebreide skaal te werk gaan om kos en klere vir die armes te versamel by wyse van 'n kollekte en

(b) „Door het verschaffen van arbeid, aan die noodlydende personen, die buiten hun schuld sonder werk zyn en werkelyk wenschen te werken.”

Om in hierdie laaste rigting werksaam te kan wees versoek gemelde maatskappy om van die Volksraad, onder sekere voorwaardes, grond in Braamfontein te huur, met die doel om in die eerste plek daar 'n was en stryk

---

(1) E.V.R.1316-98

inrigting op te rig, asook 'n ambagskool en „andere gestichten van liefdadigheid in nationale zin“. Arm behoeftige vroue, wat nie 'n bestaan kon maak nie, sou dan in die geleentheid gestel word, om in hierdie goed ingerigte washuise wasgoed te kom doen, of vir eie rekening teen die betaling van 'n baie geringe fooi, of vir die maatskappy teen 'n vasgestelde loon. Die ambagskole wat net daar naasaan opgerig sal word is in die eerste plek bedoel om, aan die kinders van hierdie arm mense, die een of ander nuttige ambag te leer sodat hulle naderhand selfvoorsienend kan word. 'n Grootse idee wat die komitee dus wou aanpak, maar om in hulle planne suksesvol te wees moes hulle 'n groot som geld gehad het, wat hulle nie gehad het nie en wat naderhand die oorsaak van die verval geword het.

Die hele saak moes egter eers deur die eerste Volksraad goedgekeur word en het dientengevolge baie gesloer. Hierop stuur die komitee die volgende dringende telegram aan die Volksraad:

„Toestand der werkelyke armen voornamelyk weduwen en wezen van dag tot dag erger. Het komitee is er nu in geslaagd meeste van onze menschen werk te geven maar voor vrouwen is geen uitkomst.“

Hierom dan vra hulle dat spoed gebruik sal word. Die Volksraad het die saak hierop dadelik in bespreking geneem en besluit om die regering op te dra om gemelde stuk grond vir 21 jaar lank aan die Maatskappy te verhuur, en tot dien effekte 'n kontrak met hulle aan te gaan. Die kontrak is op die 14<sup>e</sup> Desember 1897 gesluit.

In die kontrak tussen die regering en die maatskappy kom die bepaling voor dat binne een jaar, 'n begin gemaek moes word met die oprigting van die geboue. Die eerste jaar het egter verby gegaan sonder dat enigiets gedoen was, wat daaraan toe te skryf was dat die komitee

geen geld te leen kan kry nie, en dit sê hulle: „is te wyte aan de groote depressie.” Hulle hoop egter om die volgende jaar die geld te kry en daarom vra hulle uitstel en verlenging van die kontrak. Die geld kon hulle die volgende jaar ook nie te leen kry nie. Dit blyk dat hulle £6,850 nodig gehad het om 'n begin te maak met die bouplanne. Die geld wou hulle van die regering leen en ook toestemming hê om 'n deel van die grond te verhuur. Hierdie wending van sake kon die regering nie bevredig nie, waarop hulle dan besluit het om die kontrak te kansleer. Wat die finale deurslag hieraan gegee het was dat intussen ander was en strykinrigtings van privaat persone opgerig is en die regering bevrees was dat die nuwe maatskappy nie in staat sou wees om daarmee te kompeteer nie. (1)

(ii) Die Pretoria Liefdadigheidsvereniging: Ofskoon die regering anfanklik teen regeringshulp aan armes was, omdat dit die taak van liefdadigheidsinrigtings was, het hulle ook hierdie liefdadigheidsinrigtings tot 'n groot mate aan hulle eie lot oorgelaat. Van 1891 af het die „Pretoria Weldadigheidsvereniging”, die destyds enigste inrigting van sy soort (2) tevergeefs by die regering aangeklop om hulp en ondersteuning by wyse van 'n gereelde jaarliks toelae. (3)

Die vereniging was opgerig met die doel om armes wat in uiterste omstandighede leef te help. In 1891<sup>A</sup> is aan 147 persone deur hulle hulp verleen waarvan 17 kinders was. In hulle jaarrapport meld die komitee dat die algemene opinie skyn te wees dat in Pretoria geen armoede is nie, maar hulle ondersoek het net die teendeel bewys. (4) Baie arm mense behoort nie tot 'n bepaalde

---

(1) (S.S.1476 R.11181-97 (2) E.V.R.1067-94  
 (L.W.1897 - p.177-8. (3) E.V.R. 371-91  
 (E.V.R.1087-97. (4) D.V.S.8.10.92.

Kerk nie en hulle kan deur die vereniging gehelp word. Die werk word ook nie beperk tot 'n bepaalde nasionaliteit nie en ook word nie alleen net inwoners van Pretoria gehelp nie. Gevalle waar bedelaars rondloop en bedel word ondersoek om uit te vind of hulle toestand werklik sodanig is dat hulle gehelp moet word. Die bespreking van die saak in die 1894 volksraadsitting is vir ons van belang, nie soseer om die informasie wat dit ons verskaf omtrent liefdadigheid nie, maar omrede die informasie wat dit ons verskaf oor die verskynsel van armoede as sodanig. Een van die raadslede meen dat dit nie die plig van die staat is om

"gesticht voor arme menschen te ondersteunen ... Het land was groot en er waren veelen arme menschen."

In Pretoria loop baie mense rond maar nie almal van hulle is arm nie. 'n Groot deel is luiards wat as hulle eers eenmaal weet waar om gehelp te raak, misbruik van die hulp sal maak. (1)

Die vereniging het egter volhard en telkens maar weer aangeklop vir ondersteuning. Eindelik maes die regering tot die gevolgtrekking gekom het, dat hulle ook op die manier goeie werk kan doen en het hulle besluit om 'n jaarlikse bedrag van £100 op die begroting af te staan vir die doeleinde. Die Volksraad het 'n ondersoek laat instel na die doel en aard van die vereniging en het onder andere tot die volgende gevolgtrekkings gekom: Genoomde vereniging bestaan reeds vir 'n geruime tyd en het ten doel om fondse in te samel vir die armes. Die slotsom waartoe hulle egter kom is as volg geformuleer:

"Daar egter de armen in dezen staat door de Kerk worden onderhouden zou de mogelykheid bestaan dat indien de regering er toe over gaan om weldadigheidsinstellingen van welken aard ook te ondersteunen, de armen, in plaats van te werken en zelf in hun onderhoud te voorzien, zich steeds zouden richten tot genoemde instellingen om ondersteuning." (2)

---

(1) E.V.R.1067-94

(2) E.V.R.927-95.

In hierdie paar sinsnedes kan ons miskien die verklaring vind van die regering se vroegste optrede in verband met liefdadigheid, want hierdie verklaring word deur hulle gedoen aan die begin van 1895. In kort dus kom die beleid daarop neer, dat die Kerk vir die armes sorg en as die Staat dan gaan ingryp sal 'n gevaarlike prosedure geskep word wat op moontlike misbruike kan uitloop.

Die verdere bespreking van die saak bring nog meer interessante gegewens aan die lig. Die Heer Wolmarans was tengunste daarvan dat 'n finansiële bydrae gedoen word

"dewyl er zooveel armen waren die by het kleinste ongeval geen broed hadden."

Die Kommandant Generaal sê dat hy goed bekend was met die genootskap en dat hy aan enige persoon, wat in gebrekkige toestand verkeer, hulp verskaf, maar terselfdertyd doen die genootskap ook nog hulle bes om vir so iemand, as hy nog kan werk, werk te kry. Dit is wel waar, sê hy, dat die Kerk vir die armes sorg, maar daar is baie armes wat tot geen Kerk behoort nie en hulle sou dan eenvoudig van honger moes omkom. 'n Ander persoon was teen die ondersteuning omdat Pretoria daardeur alleen in aanmerking kom, terwyl daar in elke dorp in die Republiek soortgelyke behoeftes bestaan. (1)

In 1896 is die bedrag van £100 nogmaals aan die vereniging toegeken. 'n Paar van die lede het nou hierteen gestem omdat Pretoria reeds bevoorreg was

"door alle soorten van gestichten ter te hulp koming van armen."

Die Heer Jeppe was egter ten gunste hiervan omdat dit die plig is van elke beskaafde staat,

"om werkelike onverdiende armoede tegemoet te komen en de Raad dus volkomen gerechtigd is de inwoners van Pretoria te ondersteunen om honger en behoefte onder haar inwoners en inkomelingen te voorkomen."

---

(1) E.V.R.927-95.

Ook die Heer Loveday was ten gunste van die maatreël,  
omdat

"Hy het als de heilige plicht van eene wetgevende macht  
beskouwe om te zorgen voor de armen in het land en  
omdat dit jaar minstens £15000 aan onvermogene  
voortrekkers van het platteland gegee word. (1)

Dat die vereniging voortreflike werk ge-  
doen het ly geen twyfel nie. Uit die verslag van 1897  
weet ons dat die getal persone wat ondersteun is, hon-  
derde bedra, afgesien van die aan wie kaartjies vir  
nagverblyf gegee is en hulle getal was 686. Die verenig-  
ging wil daartoe oorgaan om 'n arme tehuis op te rig,  
maar het nog nie die nodige fondse daarvoor nie. (2)

Jaarliks was daar dus baie persone gehelp wat bewys dat  
die arbeidsveld groot was en die behoefte sterk gevoel  
was.

(iii) Die Heilsleër. Die Heilsleër doen vandag nog  
baie om hulp te verskaf aan persone wat in armoedige  
omstandighede verkeer. Reeds in die Republiek se dae  
het hulle baie gedoen vir die bevordering van die saak.  
Ongelukkig is dit egter nie moontlik om offisiële gegewens  
te kry, aangaande die aard en omvang van hulle werk nie.  
In hierdie verband moes ek my verlaat op die persoonlike  
herinneringe van die huidige kommissaris van die beweging  
en wat ook 'n amptenaar van die beweging in die  
Republiek se dae was. Aan sy gegewens word daar in  
geen enkele opsig enige twyfel geheg nie. Die volgende  
dan is 'n letterlike weergawe van 'n brief wat ek van  
hom gekry het:

"The Salvation Army, only commenced its operations in  
South Africa in 1883. We had no work in the Transvaal  
until 1887 and so it is quite impossible to write of  
the Army in the Transvaal during those earlier years.  
I was myself an officer in Johannesburg quite a few  
years before the Boer War began, and I recall quite  
readily the charitable work and Institutions of the  
Salvation Army at that period. Our Officers from

---

(1) E.V.R.1012-96.

(2) D.V.S.9.3.98.



Johannesburg, Jeppestown, Fordsburg, Vrededorp, Krugersdorp, Klerksdorp, Potchefstroom etc., were visiting the poor, helping them in every way and particularly preaching the Gospel to them. Even in these earlier days we ran Soup Kitchens during the winter months and helped large numbers every day with soup and bread. It seemed that notwithstanding the fact of our living on the Gold Fields we have had what Christ said we would 'the poor always with us.'

Long before the Boer War we had opened a Shelter for men in Johannesburg and the place was crowded night after night, with all sorts and conditions of men. We had a Rescue Home at Fordsburg into which women of every nationality were taken and helped over their troubles and in many instances led to a better life, but in all cases provided for with board, lodging and clothing etc., purely out of charity and Funds we raised for that purpose.

We had a social farm for men at Driefontein some nine miles from Johannesburg to which we took destitute, poor and sick men off the streets of Johannesburg. This farm was called "Driefontein" and was a gift to the Army by Mr. Baker a Johannesburg Lawyer, and one of the most charitable Christian men that the Golden City has ever known."

Uit hierdie brief kan ons 'n taamlike goeie indruk kry van wat die behoefte was en in watter rigtings almal gehelp kon word. Die Heilsleër se aktiwiteite was toe, net soos nou, hoofsaaklik beperk tot die dorpe en stede en uit die brief sien ons dan, dat toestande in Krugersdorp, Klerksdorp en Potchefstroom sodanig was dat<sup>dit</sup> die aktiwiteite van die leër daar regverdig het.

(iv) Duitse en Nederlandse Liefdadigheid: Ons kan nouliks van soiets praat as Duitse en Nederlandse Liefdadigheid. In die eerste plek was dit alleen net beperk tot landgenote en in die tweede plek was dit op so'n klein skaal beoefen dat dit nouliks die naam regverdig. In hierdie geval sal dit miskien beter wees om te praat van hulpverlening, omdat die „liefdadigheid" meer gedoen was in die vorm van hulp aan persone wat in tydelike moeilikheid verkeer, veroorsaak deur onvoorsiene omstandighede.

So weet ons byvoorbeeld van 'n „Deutsche Kranken Hilfs-Verein" wat in 1892 gestig is, wat 'n

vereniging was van Duitsers. Die lede van die vereniging, sou in gevalle van siekte, kon reken op die hulp van die vereniging mits, hulle nie oor voldoende middele beskik om die onkoste van die siekte self te dra nie.<sup>(1)</sup> In 1893 was 'n „Duitsche Bystandsvereeniging" gestig wat genoem was die „Kaiser Wilhelm Stiftung." Ook hierdie vereniging het net landgenote gehelp en het deur sy hele bestaan heen maar betreklik min geld spandeer. Geld wat uitgegee was, was verkry deur vrywillige bydraes van die lede self. Klein bedraggies was renteloos uitgeleen maar persone was nie gebonde om die geld weer terug te betaal nie.<sup>(2)</sup>

Ook was 'n „Nederlandsche Vereeniging in Zuid-Afrika" opgerig, met dieselfde oogmerke as bogenoemde Duitse Vereniging. Hierdie vereniging het op drieërly wyse hulp verleen aan behoeftige landgenote. (a) Met 'n „Ondersteuningsfonds" waardeur hulle rentelose voorskotte uitgegee het of in uiterste gevalle gifte verleen het. (b) Deur 'n „Kamer van Navraag en Inligting." Hierdie kamer het opgetree as tussenpersoon insake werkverskaffing. en (c) Deur 'n „Ziekenfonds", waardeur mediese hulp verskaf is aan Nederlanders. Die mate van hulp wat in hierdie geval gebied is, het ook afgehang van die besondere behoefte van die geval.<sup>(3)</sup>

Ongelukkig het ons deur 'n gebrek aan gegewens nie 'n volledige verslag van die werksaamhede van die vereniging nie. Alleen een verslag is tot ons beskikking en dié toon aan dat op die 30<sup>e</sup> Junie 1898 'n bate van £414.10.10 in die kas was. Hiervan egter is 'n bedrag van £262.3.2 wat bestee is aan gratis voedsel en naglosies vir „arme landgenoten", 'n bedrag dus wat nie op gereken kan word wat terug betaal sal word nie.<sup>(4)</sup>

---

(1) Der Deutsch-Afrikaner Jaargang XIII No. 21 p.20

(2) D.V.S. 24.5.93

(3) D.V.S. 21.8.96.

(4) D.V.S.13.10.98.

Die lede van die „Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche-Spoorweg Maatschappy" het in 1896 'n vereniging opgerig met die naam van die „Voorzorg". Die vereniging doen baie goeie werk en het in een maand 'n bedrag van £500 bymekaar versamel vir liefdadigheidsdoeleindes. In teenstelling met die vorige twee verenigings was die bates van hierdie vereniging aangewend vir liefdadigheid in die algemeen en nie net vir Nederlanders nie. (1)

(v) Kerklike Hulp: Dat die oorwig van arme ondersteuning op die Kerk afgekom het, het baie duidelik geblyk uit die bespreking van die Volksraad oor die vraag of daar geldelike hulp aan die Pretoria Liefdadigheidsvereniging verleen sal word. Dit was as aksioma aanvaar dat die Kerk vir die armes sorg. Vir die lede van die Volksraad was daar op hierdie oomblik geen twyfel omtrent die saak nie. Vir die beste aanduidings sal ons dan ook in die rigting moet gaan soek. (2)

Vanaf 1894 het die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk 'n jaarlikse sinodale kollekte in elke gemeente gehou vir die armes. In die verband is dit van belang om daarop te wys dat oor die tydperk van 1894-1898 £3,146.15.6 vir die doel deur die Kerk byengesamel is. Hierdie betreklik geringe bedrag is op sigself geneem nie van groot belang nie, maar dit is interessant om op die jaarlikse toename te let:

1894	-	£257.13. 9
1895	-	£349. 4. 3
1896	-	£462. 0. 3
1897	-	£913. 8. 3
1898	-	£1164. 9. 0

---

(1) D.V.S. 13.8.96

(2) Baie waardevolle informasie moet op die gebied verskuil lê maar dit is ongelukkig onmoontlik om deeglik op die saak in te gaan deurdat die Argief van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk baie onvolledig is. Baie belangrike stukke ontbreek. Ook het elke gemeente nog sy eie argief gehad wat by die plaaslike gemeentes bewaar word.

Dit groot behoefte in baie gemeentes moes bestaan het kan ons ook duidelik sien daaruit, dat ses verskillende gemeentes oor die vyf jaar minder as £10 bygedra het vir die saak.<sup>(1)</sup>

Die gegewens waaroor ons beskik is meestal sinodale--en ringsbesluite en aktiwiteite. Dit wil voorkom of hierdie liggame, hulle meer bearbei het, vir die opvoeding van arm kinders en die opleiding van behoeftige jong manne vir die Kerkediens. Die Kerk het 'n opvoedingsfonds onder haar beheer gehad wat deur middel van kollektes, uit die verskillende gemeentes, opgebou was. In 1898 het die Kerk aan tien onderwysstudente finansiële steun beloof.<sup>(2)</sup> Uit die boedel van wyle Gert Naude is 'n som geld nagelaat, wat jaarliks beskikbaar gestel kon word en wat gebruik kon word om behoeftige teologiese studente aan te help.<sup>(3)</sup> Na aanleiding van die beskrywingspunt van die predikant van Potchefstroom re: „onderwys van arme Blanken“, word op die ringsvergadering besluit dat:

„de Ring drukte de zaak van de opvoeding van armen op 't hart van ouders en Kerkeradsleden en beveelt aan de stichting van dag en avondschole in dorpen en wyken, waar mogelyk, en 't houden van collecten in de gemeenten ter bevordering dezer zaak.“<sup>(4)</sup>

Die Kerk het haar baie interesseer in die opleiding van toekomstige predikante. Uit die Potchefstroomse Ring van 1895 word drie predikante benoem op 'n kommissie om in te gaan, op die moontlikheid van ondersteuning van „minvermogene jongelinge“ om opgelei te word vir evangelie bediening.<sup>(5)</sup> Geld is kollekteer vir die doel en vier jaar later blyk dit dat reeds sowat £400 ingesamel is en dat 6 jongmanne uit die fondse ondersteuning geniet.<sup>(6)</sup> 'n Soortgelyke fonds as wat

---

(1) Sien Bylae V.

(6) N.H. of G.K.A.1899.

(2) De Kerkbode 7 April 1898

(3) De Kerkbode 8 Augustus 1895.

(4) N.H. of G.K.A.1895

(5) N.H. of G.K.A.1895.

reeds in die ring van Potchefstroom bestaan, is ook in die ring van Hartbeesfontein opgerig in 1895. In 1898 het slegs een persoon hier ondersteuning ontvang.<sup>(1)</sup>

Maar ook die Arm Blanke verskynsel as probleem was in die dae, en veral in die laaste jare van die 19<sup>e</sup> eeu, met erns en sorg beskou. Op 'n ringsvergadering van 1899 het die Ring van Potchefstroom die volgende besluit passeer:

"Er wordt eene Commissie benoemd om tydens deze zitting eene duidelyke voorstel voor te leggen hoe met de zaak der arme blanken en de weze-kwestie gehandeld zal worden."

Die kommissie is aangestel en rapporteer as volg:

"... overwegende de zaak der arme Blanken in ons land en vooral in de goudvelden waar hun getal gedurig toeneemt en hun toestand in weerwil al de hulp hun van regeeringswege zoowel als door Christelyke weldadigheid verstrekt, steeds hulpeloos en noodlottiger wordt, acht het den duren plicht van Staat en Kerk, zonder langer uitstel, maatregelen te nemen, waardoor onze verarmden en VEELAL ONTAARDE medemenschen van een wissel ZEDELYKE en stoflyke ondergang mogen gered worden."

As metode waarop te werk gegaan moet word, in die oplossing van hierdie saak, stel die kommissie sig ten doel:

"de oprichting van arbeidskolonien en Industriële scholen en Ambachtscholen."<sup>(2)</sup>

Uit hierdie rapport merk ons die maatskaplike stand waartoe die mense reeds verval het en die gevare wat in die onmiddelijke toekoms skuil as die saak toegelaat was om so aan te gaan.

Die predikante van die Verenigde gemeentes, in en om Johannesburg, het aangebied dat indien hulle grond en 'n klein bietjie hulp van die regering ontvang, hulle 'n industriële skool sal oprig waar die kinders van armes allerhande soorte van handwerk geleer sal word. Ook het hulle aangebied om 'n end buite die stad 'n soortgelyke skool vir armes op te rig.<sup>(3)</sup> Of aan die aanbod

---

(1) N.H. of G.K.A. De Ringen 1899 - Ring van Potchefstroom  
(2) N.H. of G.K.A. 1899 (3) D.V.S. 29.10.98.

ooit enige uitvoering gegee is kan nie vasgestel word nie.

(vi) Die „Present Help League“: Op die 29<sup>e</sup> Januarie 1892 het Eerwaarde Kelly namens die „Present Help League“ by die regering aansoek gedoen vir een of twee standplaatse teneinde daar 'n werkhuis vir armes op te rig. Die eerwaarde het egter nie in elke opsig volgens ooreenkoms te werk gegaan nie en ofschoon ons weet dat hy geboue opgerig het, weet ons nie wat die verdere aktiwiteite van die vereniging was nie. Omdat Kelly dan nie die ooreenkoms gehou het nie, het die kommissie van ondersoek na standplaatse by die regering aanbeveel dat die ooreenkoms verbreek moet word en dat aan die persoon vergoeding toegestaan moet word vir verbeteringe deur hom aangebring. Buitendien was die kommissie van oordeel dat, as sulke liefdadigheid gedoen word dit direk onder staatsbesig moes staan. <sup>(1)</sup> Die ooreenkoms is hierop gekanseleer.

(vii) „Grand Crediet Maatschappy“: Deur 'n sekere Heer Oppenheim is 'n ooreenkoms met die regering aangegaan vir die oprigting van 'n „Grandcrediet Maatschappy voor de Zuid-Afrikaansche Republiek“. Die doel met die maatskappy sal wees om die handel, nywerheid en landbou te bevorder. Hierdie maatskappy sou die reg hê om aan persone, groepe van persone of publieke instellings geld te leen en as sekuriteit kon hulle verbande op vaste eiendom neem. Ofschoon dit nie gesê kan word dat die maatskappy se oogmerk in die eerste plek hulp was nie, maar meer spekulasie, bewys die sprake van die oprigting van soiets tog dat behoefte hiervoor moes bestaan het, of tenminste dat die maatskappy met die oog op die publieke behoefte, aangemoedig was, om aan so'n instelling te dink. Die maatskappy het nooit in werking getree nie. <sup>(2)</sup>

---

(1) R.14106-99

(2) (U.V.R.495 - 8 Aug.1890  
(E.V.R.1232-90.

I N D E L I N G   V A N   H O O F S T U K   V .

---

S A M E V A T T I N G .

---

Bls.<sup>t</sup>

(a) Die toestande in 1899 ... 110

(b) Konklusies ... 116.

## H O O F S T U K V.

### SAMEVATTING

#### (a) DIE TOESTANDE IN 1899.

Deur daarop te let wat die behoefte van die volk as 'n geheel was met die begin van die driejarige oorlog, kan ons 'n algemene idee kry van hoever dat die verarmingsproses reeds gevorder was. Onmiddelik nadat die Burgers opgekommandeer was na die oorlogsfront, het die Landdros van Fordsburg die regering gevra om tog aan die agtergeblewe vrouens van opgekommandeerde Burgers melk te gee:

„de vrouwen komen hier in menigten en schreien op myn kantoor en ik weet niet wat te doen.”<sup>(1)</sup>

In dieselfde tyd rig die Landdros van Waterberg 'n versoek tot die regering, waarin hy vra dat die agtergeblewe vroue van koffie, tee, suiker en rys voorsien moet word. Hierop is 'n komitee in elke dorp en distrik gevorm om na te gaan hoeveel arm families daar is wat deur die regering van voedsel voorsien moet word. Ongelukkig het al die dorpe nie hierop reageer en 'n antwoord gestuur nie, maar nogtans kan ons uit die beskikbare gegewens 'n taamlike indruk kry van die algemeen heersende moeilikhede. Natuurlik kan ons nie gaan aanneem dat dieselfde hoeveelheid persone in normale tye ook van voedsel voorsien sou moes word nie, maar dit toon maar net aan ons wat die families se ekonomiese krag was, - dat sodra as wat die broodwinner weggeneem was, was die hele familie onversorg nagelaat.

Die antwoord van die opgerigte komitee uit Heidelberg was dat in Wyk Hoogeveld 32 behoeftige families met 135 kinders is, in Wyk Roodekoppen is 39 gesinne met 116 kinders, en in Wyk Zuikerbosrand 64 families met 226

---

(1) R.82-99.



kinders. Van Nigel goudvelde kom die volgende rapport:

Bult- fontein	22								
22 behoeftige families bestaande uit 122 persone									
Vlakfon- tein ...	6	"	"	"	"	"	"	35	"
Grootfon- tein ...	4	"	"	"	"	"	"	24	"
Uitkyk ..	4	"	"	"	"	"	"	21	"
Rietvlei.	4	"	"	"	"	"	"	11	"
Rietpoort	3	"	"	"	"	"	"	10	"
Poortje	1	"	"	"	"	"	"	3	"
Blink- poort ..	7	"	"	"	"	"	"	34	"
Bothas- kraal ..	1	"	"	"	"	"	"	8	"
Steyns- kraal ..	1	"	"	"	"	"	"	5	"
Kuilfon- tein ...	9	"	"	"	"	"	"	62	"
Vrischge- waagd ..	7	"	"	"	"	"	"	27	"
Zandfon- tein ...	3	"	"	"	"	"	"	16	"
Ha. tbees- fontein.	1	"	"	"	"	"	"	3	"
Rietfon- tein ...	15	"	"	"	"	"	"	89	"
Rietkuil.	1	"	"	"	"	"	"	5	"
Kuilfon- tein...	9	"	"	"	"	"	"	46	"
In Nigel.	9	"	"	"	"	"	"	51	"
Noyvedale	5	"	"	"	"	"	"	25	"
Holgaats- fontein.	13	"	"	"	"	"	"	68	"

Uit die rapporte van ander komitees het ons nog die volgende gegewens:

In Christiana distrik is 105 behoeftige families, in Carolina is ongeveer 70 families wat gehelp moet word, in Wolmaranstad is by die 200 families wat nie self in hulle behoeftes kan voorsien nie, in Schweizer Reneke is 80 families wat uit 400 persone bestaan terwyl in Seerust ruim 500 „geheel behoeftige" families van gemiddeld 4 lede elk, is. Vir Standerton was die opgawes as volg:

Dorp en distrik	-	59	families	bestaande	uit	279	persone.	
Wyk Waterval	-	55	"	"	"	171	"	
Wyk Kliprivier	-	39	"	"	"	165	"	(1)
Wyk Blesbokspruit		47	"	"	"	197	"	

Piet Retief antwoord dat

„de families die uit Zwasiland in dit distrik getrokken

---

(1) R.1336-99.

zyn, zyn zoo te zeggen allen behoefdig zoodat hier goed tweehonderd vrouwen en vierhonderd kinderen zyn," wat deur die regering met voedsel voorsien moet word. Bethal antwoord dat die meeste families daar arm is en dat hulle ook geen benodighede het nie.<sup>(1)</sup>

Van baie dele van die land kan geen opgawes gekry word nie. Dit wil nie voorgee dat daar geen behoefte was nie, alleen maar hulle het of versuim om te antwoord, of hulle het geantwoord en die antwoord het verlore gegaan of kon nie gevind word nie. Van belang is dit om te weet dat die plekke van wie wel 'n antwoord gevind is, absoluut almal ook behoefdig mense gehad het.

Aan al die persone wat as behoefdig beskryf was deur die komitees, is deur die regering rantsoene gegee. Die volgende is die rantsoeneskaal:

1 lbs.	meel	per	dag	per	persoon		
$\frac{1}{8}$ lbs.	"	"	"	"	kind		
1 lbs.	koffie	per	week	vir	drie	persone	
1 lbs.	rys	"	"	"	een	persoon	
1 sakkie	steenkool	per	huisgesin	per	week.		
1 pakkie	kerse	"	"	"	"	"	
1 steen	seep	"	"	"	"	"	
1 blik	kondensmelk	"	"	"	"	"	
3 pakkies	vuurhoudjies	per	"	"	"	"	(2)

Afgesien van hierdie rantsoene het 37 families uit Bertramsdorp gevra om 'n paar maal per week vleis te kry. 'n Versoek wat geweier is.<sup>(3)</sup> In die algemeen vind ons dat die regering die beleid vasgelê het dat aan arm families, van wie die vaders op kommando was, goed voor gesorg moes word, want hoe kon die mans in die veld veg as hulle weet dat dit met hulle arm families tuis sleg gaan.<sup>(4)</sup>

In verband met die gratis uitdeling van voedsel kom die vraag van Lydenburg wie as behoefdig beskou moet word. Uit die antwoord wat die regering hierop gee, sien ons dat nie aan absoluut alle persone gratis voedsel gegee is nie, maar alleen aan persone wat werklik

(1) R.65-99

(3) R.682-99

(2) R.243-99

(4) R.1264-99.

niks besit het nie en dus reeds voor die oorlog behoefdig sou gewees het. Die antwoord van die regering is dat persone wat eiendom en vee besit nie as behoefdig beskou kan word nie en dat aan hulle dus ook nie voedsel gegee sal word nie.<sup>(1)</sup> Deur hierdie verklaring van die regering is dit klaarblyklik dat die persone wat onmiddelik na die vertrek van die mans in so'n behoeftige staat nagelaat was dat vir hulle kos gegee moes word, voor hulle vertrek niks beter daaraan toe sou gewees het nie.

Afgesien van hierdie uitgebreide hulp wat aan behoeftige huisgesinne gegee was, moes daar nog baie gewees het wat nie in aanmerking gekom het nie. In Marico was daar onder andere nog baie onversorgde armes gewees. As 'n gevolg hiervan het die Krygsraad aan die regering telegrafeer en geeis dat onmiddelik hulp verleen sal word aan die baie behoeftige families in Marico.<sup>(2)</sup> Ook het die Uitvoerende Raad besluit om aan die Landdros van Standerton 'n bedrag van £100 te gee, om kos mee te koop vir die huisgesinne van arm Burgers wat op kommando is<sup>(3)</sup>, en vir dieselfde doeleinde is ook aan die Landdroste van Krugersdorp en Lydenburg elk £100 gegee.<sup>(4)</sup> Dit was nog voordat oorlog verklaar was.

Afgesien van hulp het die behoefte in sommige streke nog swaar gedruk en moes daar ook op ander maniere gehelp word. Die Landdros van Pretoria vra dat aan 33 persone uit die Wyk Krokodilrivier Noord skoene gegee moet word. Die mense verkeer in uiterste omstandighede. Hierdie families het so min besit dat hulle dadelik na die vertrek van hulle mans in die grootste ellende beland het.<sup>(5)</sup>

Tot hiertoe was ons gelei deur ons bronne-

---

(1) R.1713-99

(4) D.V.S.12.11.98

(2) R.1783-99

(5) R.1917-99.

(3) D.V.S.28.10.98

vir enkele oomblikke sal ons ons fantasie nou moet gebruik. Langsaam inwerkende invloede was voortdurend werksaam, het onafgebroke nou op die een plek dan weer op 'n ander geknaag en gevreet aan die Afrikaner Boer se ekonomiese krag. Teen dit alles het hy hom so goed as moontlik gehandhaaf. Algeheel ondermyn was hy nog nie, maar nogtans was die Volk se krag sodanig verswak, dat een ramp van buitengewone omvang dodelik in sy uitwerking sou wees. Hierdie ramp het gekom in die gedaante van die driejarige oorlog. Reeds gekortwiek in sekere opsigte, was die hele land nou in eens lam geslaan.

Soos 'n swart onweer het die oorlog sy gruwele oor die Republiek versprei en alles moontlik binne sy bereik verwoes. Nie alleen mans, vrouens en kinders moes hulle lewe offer vir die vryheid van hulle land nie, maar ook moes die diere, - skape, perde, beeste, in kort al die huisdiere van die Boereplaas - geroep word om deel te vorm aan die offerande. Nie alleen was vroue en kindergrafte die getuie van deurgestane leed nie, maar ook die daklose mure van vrywel elke eertydse Boerewoning, het saam getuig.

'n Onberekenbare ekonomiese slag was die gevolg van die oorlog, skade is veroorsaak wat nie in terme van ponde, sielings en pennies uitgedruk kon word nie, en hierdie skade is dubbel swaar gevoel na die oorlog, omdat dit reeds 'n inleiding gehad het wat jare voor die oorlog begin het. Honderde mense was voor die oorlog reeds verarm, het nie die middele gehad om 'n kontant bate of reserwe op te bou nie, en kon na die oorlog met die verhoogde veepryse nie 'n begin maak nie. Baie van hulle het geen grond gehad nie en was van die begin af aan gedoem tot 'n swerwersbestaan.

Wat die toestande na die oorlog was en

welke skade aangerig is deur die oorlog, kan ons geredelik aflei uit die vertellings van ons ou Boeremense. Geen offisiële dokumente het ons daarvoor nie. Alleen van een persoon het ons 'n geskrewe woord - 'n persoon wat die toestande onmiddelik na die oorlog gesien het, 'n persoon wat later 'n groot Britse staatsman geword het, 'n persoon wie se getuienis dus eerder onderskat as oordryf sal wees. Oor die algemene verwoesting wat aangerig was laat hy hom as volg uit:

"In his letter to General Botha (Nov. 6th 1902) Mr. Chamberlain gives the following towns as having been practically untouched: Bloemfontein, Kroonstad, Winburg, Heilbron, Harrysmith, Bethlehem, Ficksburg, Ladybrand, Thabanschoe, Bethulie, Fauresmith, Jagersfontein, Koffyfontein and Boshof in the Orange River Colony and Johannesburg, Pretoria, Potchefstroom, Klerksdorp, Heidelberg, Standerton, Middelburg, Lydenburg, Pietersburg, Nylstroom, Lichtenburg, Zeerust and Rustenburg in the Transvaal. That is absurd. I was in ten of those places, and whilst those which had been made the headquarters of the army, like Bloemfontein, were not so badly damaged to the eye, even there, furniture was destroyed, books burnt, and movables of any value taken away. He might have said that some of them were comparatively untouched - comparatively, that is, with places like Ermelo and Lindley which were totally destroyed." (1)

Ofskoon 'n onmoontlike taak, gee dieselfde persoon ons ook 'n beraming van die skade wat deur die oorlog verrig is. Die beraming stel hy as volg:

"Mr. Bleloch estimates - and he certainly does not err in overstating the amount of destruction - that before the war there were in the Transvaal 1,000,000 cattle, 200,000 horses, and 1,500,000 sheep and goats; and after the war, 200,000 cattle, 50,000 horses, and 400,000 sheep and goats. In the Orange River Colony he estimates that before the war there were 250,000 horses, nearly 1,000,000 cattle, 7,000 sheep, and 1,000,000 goats. He offers no estimate of how many there are now. I should say that the destruction of stock has been greater in the Orange River Colony than in the Transvaal. But even if Mr. Bleloch's figures are right - and I do not accept his post-war estimates for a moment, they are greatly exaggerated - we must remember that perhaps 70 or 80 per cent of the surviving cattle and horses are full of disease and in miserably poor condition. Monge, glanders, and sickness of all kinds are prevalent, and the figures of stock give no adequate idea of what the country has

---

(1) "What I saw in South Africa - September and October, 1902 - J. Ramsay MacDonald. p.49.

suffered. A general estimate of all the destruction is impossible, but if one puts it down as something like £80,000,000 one is not far wrong. That at any rate, is the estimate of the Transvaal Leader."<sup>(1)</sup>

Dat die verwoesting aangerig deur die oorlog so groot was dat dit verarming ontsettend in die hand gewerk het, en dat die uitwerking daarvan daarna deur elkeen duidelik waarneembaar was, is klaarblyklik.

(b) KONKLUSIES:

Uit die voorgaande kan elke persoon tot 'n ander gevolgtrekking kom. Die standpunt wat ingeneem word sal in elke geval subjektief en individueel wees. Deur al die materiaal saam te vat kom ek tot die volgende gevolgtrekkings.

Sporadiese gevalle van verarming het oor die hele Republiek voorgekom van die vroegste jare reeds. Hierdie verarming het gedurig in hewigheid toegeneem en later elke deel van die volkslewe aangeraak, beide landelik en stedelik. Die vroegste simptome van armoede onder die landelike bevolking kry ons in 1882 toe die regering besluit het dat agterstallige belasting voortaan baie streng ingevorder sal word. Die agterstallige belasting was nie die gevolg van onverskilligheid nie, maar die mense was uit 'n gebrek aan die nodige geldmiddele nie daartoe in staat om hulle verpligtinge na te kom nie.

Stadigaan het die moeilikhede uitgebrei, en naderhand 'n greep gehad op 'n groot deel van die volk. Die oorsake van armoede was in feitlik al die gevalle dieselfde en het verskyn sonder die toedoen van die mense self en sonder dat aan hulle uitwerking ook enigiets gedoen kon word.

Die armoede wat ons in die dorpe en stede 2

---

(1) What I saw in South Africa - J. Ramsay MacDonald p.55

aantref was die gevolg van die reedsbestaande armoede op die platteland. Mense wat dit nie meer op die plase kon bybring nie, het met hulle geringe besittingkies na die naaste dorp of, by voorkeur Johannesburg, verhuis met die hoop op beter vooruitsigte. In baie gevalle was die mense teleurgestel en is hulle lot nog baie vererger. 'n Bewuste trek van die platteland na die stede of dorpe was reeds aan die gang. Hiervan was die regering ten volle bewus. Ook was hulle bewus van die gevare wat hierin skuil en daarom het die regering dit doelbewus teengewerk en wetgewing daarteen passeer. Alles was in die werk gestel om die mense op die plase te hou, maar nogtans het groot getalle hulpeloses in die dorpe aangeland.

Waar die arm mense in die dorpe nie die verlangde werk kon kry nie, het hulle vinnig verval en gedegenerer. In agterbuurtes het hulle saam gedrom en onder die aller swakste toestande geleef, en daardeur 'n maatskaplike probleem geword. Baie gevalle het voorgekom waar blankes en gekleurdes saam en deurmekaar leef. Die mense het nie voorkeur aan die soort van lewe gegee nie, maar was eenvoudig deur 'n ekonomiese nood daartoe verplig. Weer is dit van belang om te weet dat die regering tenvolle bewus was van die stand van sake, dat hulle die maatskaplike gevolge en moontlike uitwerking daarvan besef het, opgetree het daarteen en probeer het om toestande te verbeter.

In die behandeling van die onderwerp, is jammer genoeg, baie min getuienis oor die goudmyne gekry. Dat die toestande by die goudmyne nie was soos dit behoort te gewees het nie kan ons ons voorstel, maar te oordele na die materiaal wat in die verband gekry is, word die roekelose ondermyningsgees wat gewoonlik aan die goudmyne

toegeskryf word, oordryf.

Die verskynsel was aan die mense van die tyd self nie vreemd nie. In 1890 word vir die eerste maal gepraat van „Arme Blankes" toe aan 'n groep van die mense grond gegee was om op te woon in Jagersfontein.<sup>(1)</sup> Tydgenote wat skryf oor die onderwerp het die term „Arm Blanken" reeds heeltemaal burgerreg gegee en dit voortdurend gebruik. Baie persone sien die saak reeds as 'n maatskaplike probleem en stel die omvang daarvan gelyk met die in Europese lande.

Tussen die jare 1893 tot 1898 was daar drie bronne waaruit die mense kon geld leen. Hierdie lenings was verseker deur 'n eerste verband op hulle grond. In die geheel is daar 963 verbande toegeken, tot 'n gesamentlike waarde van £542,607, wat 'n gemiddelde waarde van £563.9.0 per verband gee.<sup>(2)</sup> As hierdie opgawe ons regverdig om enige gevolgtrekkings te maak dan kan ons hieruit aflei dat die westelike dele van Transvaal ongetwyfeld die swaarste getref was. In Bloemhoef, Lichtenburg, Potchefstroom en Marico word almal baie verbande gekry. Ook die meer sentrale deel, Pretoria en Rustenburg het groot verbandlaste moes dra. Ander distrikte waarin 'n groot aantal verbande aangetref word is Lydenburg en Middelburg. Distrikte wat blykens die samestelling minder swaar getref was, was onder andere, Ermelo, Heidelberg, Piet Retief, Utrecht, Barberton, Carolina, Standerton, Belfast, Nylstroom en Pietersburg - dus meer die oostelike en noordelike dele. Ook in die streke egter het wyke voorgekom met swaar verbandlaste soos Waterberg en Vryheid. Deur die verbande na te gaan kom ons baie na aan die uitspraak van 'n Volkstemkorrespondent van 1898 wat die opinie huldig dat in Vryheid, Utrecht, Wakkerstroom, Ermelo,

---


(1) Dr. E.G. Malherbe het die term vir die eerste maal gebruik gevind in 1892 - Vgl. „Onderwys en die Armbanke". p.46

(2) Bylae IV.



Standerton, Middelburg, Lydenburg en Carolina vrywel geen armes aangetref word nie.

Soos reeds in 'n vorige verband aangetoon, het daar voortdurend by die regering individuele aansoeke vir hulp gekom. Ofskoon nie onfeilbaar nie kan hierdie aansoeke tog tot 'n sekere mate gebruik word as 'n barometer om die algemene behoefte van die hele publiek daaruit aan te toon. In die geheel is 560 sulke gevalle teengekom versprei oor 'n tydperk van 20 jaar. Deur die jaarlikse aantal aansoeke te neem word ons in staat gestel om die volgende grafiese voorstelling te maak:



In 1869 was daar een jaar van besondere moeilikhede. Waaraan dit toe te skryf was val moeilik om te sê. Afgesien van hierdie abnormaal hoë getal aansoeke vind ons 'n min of meer konstante hoeveelheid. In die tien jaar tot 1890 het 66 persone persoonlik by die regering hulp gaan vra, in die vyf jaar van 1891-1895 het 40 persone, terwyl die getal daarna skielik skrikwekkend toegeneem het. Volgens hierdie grafiek is dit baie duidelik dat 1896 'n keerpunt was in die ekonomiese lewe van die Suid-Afrikaanse Republiek.

As 'n datum gestel moet word vir die begin van die armbanke verskynsel, iets wat vrywel onmoontlik is, dan sal ek dit op 1896 stel, ofskoon daar voor hierdie datum ook gevalle - en baie keer besonder ernstige gevalle - van armoede voorgekom het. Hierdie bewering word versterk daardeur dat al die belangrikste opinies uitgespreek deur tydgenote oor die saak, die belangrikste hulp wat verleen was deur die regering en privaet liefdadigheidsinrigtings, alles gedoen was in ongeveer dieselfde tyd - of kort voor of kort daarna. Die onrusbarende toename van die armoede, moet, meer as aan enigiets anders, aan die Runderpes toegeskryf word.

I N D E L I N G   V A N   B Y L A E S .
 

---

	<u>Els.</u>
I.    Verbande deur die Amortisasiefonds toegestaan	... 122
II.    Verbande deur die Posspaarbank toegestaan	... 123
III.    Verbande deur die Weeskamer toege- staan	... 124
IV.    Die som van Bylaes I, II en III	... 125
V.    Kerklike hulp aan armes	... 126
VI.    Die bevolkinssyfer van die Republiek in 1890 en 1898	... 127
VII.    Pretoriase Markpryse	... 128
IX.    Opgawe van skade tydens die Runderpes	... 129
X.    Verwysingsplekke vir individuele Armoede	... 130

BYLAE I. (1)

	OPGAWE VAN HOE GELD DISTRIKSGEWYS										TOEGESTAAN WAS (AMORTISASIEFONDS).									
	Getal Verbande Toege- staan.				Bedrag Aangevra						Gewaardeerde Waarde van Grond				Bedrag Toegestaan.					
	1893	'94	'95	'96	1893	'94	'95	'96	1893	'94	'95	'96	1893	'94	'95	'96				
Bloemhof	22	6	5	2	35	6580	2300	1635	775	11290	33350	6902	5322	3100	48674	6310	1775	1610	775	10470
Pretoria	29	9	2	3	43	13670	2930	616	2050	19266	59540	14000	2000	7800	83250	12685	2930	616	2050	18281
Rustenburg	35	3	2	4	44	8641	330	180	1100	10251	30400	1600	850	4800	37650	8186	330	180	1100	9796
Marico	14	2	-	1	17	9880	460	-	400	10740	30500	2450	-	1200	34150	7010	460	-	400	7870
Heidelberg	4	1	-	-	5	3000	350	-	-	3350	12650	1000	-	-	13650	2550	300	-	-	2850
Waterberg	9	5	2	8	24	4630	1700	600	2450	9380	18100	5500	2900	8429	34929	4630	900	600	2068	8198
Potchefstroom	16	3	-	-	19	7280	590	-	-	7870	25100	2700	-	-	27800	6730	440	-	-	7170
Ermelo	2	2	-	-	4	1200	1250	-	-	2450	4100	4700	-	-	8800	1150	1200	-	-	2350
Lichtenburg	16	15	4	-	35	3030	3700	1250	-	7980	13075	13950	5200	-	32225	2620	3200	1250	-	7070
Middelburg	22	5	1	-	28	5252	2750	350	-	8352	23433	9854	3000	-	36287	5037	2750	350	-	8137
Soutpansberg	12	1	-	-	13	5090	700	-	-	5790	17150	3000	-	-	20150	3630	250	-	-	3880
Utrecht	3	1	-	-	4	912	400	-	-	1312	3136	1600	-	-	4736	900	400	-	-	1300
Piet Retief	2	7	-	-	9	600	1675	-	-	2275	1800	5215	-	-	7015	600	930	-	-	1530
Lydenburg	2	2	2	2	8	1950	850	650	700	4150	5600	3689	2300	2300	13889	1830	800	650	700	3980
Standerton	1	2	8	-	11	200	350	1700	-	2250	1000	1600	6325	-	8925	200	350	1700	-	2250
Vryheid	1	2	-	4	7	1500	750	-	1800	4050	6000	2700	-	5500	14200	1500	750	-	1800	4050
Totaal	200	66	26	24	316	73415	21085	6981	9275	110756	284844	80460	27897	33129	426330	65568	17765	6956	8893	99182

(1) (E.V.R. 664-94  
(E.V.R. 191-95  
(E.V.R. 601-96  
(E.V.R. 1318-97

BYLAE II. (1)

OPGAWE VAN HOE GELD DISTRIKSGEWYS DEUR DIE POSSPAARBANK UITGELEEN WAS.

	Getai Verbande Toegeken						Gewaardeerde Waarde			van Grond						Bedrag Toegeken					
	1893	'94	'95	'96	'97	'98	1893	1894	1895	1896	1897	1898	1893	1894	1895	1896	1897	1898			
Barberton		1					1	520				520		100					100		
Bloemhof	3	10	5	3	6	2	29	5600	24748	5889	9500	10500	7000	59237	1550	8050	1600	2250	2875	1050	17375
Ermelo		3	5	2	1		11		4450	31685	3300	16900		56335		1500	7700	700	7000		16900
Heidelberg	1	4	1		4	1	11	1750	4570	4600		44900	1200	57020	730	1400	1600		13800	500	18030
Lichtenburg	4	13	9		3	1	30	4450	13100	6786		2600	1350	28286	1170	3245	1680		910	500	7505
Lydenburg	2	8	11	4	11	7	43	13000	8253	16200	2100	38775	7090	85418	4500	2250	5150	600	13720	2025	28245
Middelburg		3	6	3	5	5	22		7349	15474	3300	21716	12500	60339		2070	4900	750	8550	3200	19475
Piet Retief		9	1	1		2	13		9110	620	1200		1650	12580		2300	250	400		425	3375
Potchefstroom	6	19	8	5	4	6	48	25000	30563	5871	6900	4700	6950	79984	6750	7300	1360	2025	1450	1450	20335
Pretoria	11	21	17	16	40	17	122	23475	49850	28933	20300	174637	359045	359045	12210	19775	11705	7635	65245	20960	137530
Rustenburg	1	7	4	2	2	2	18	1000	7150	5300	6900	2225	2300	24875	100	1950	1640	2250	560	250	7250
Utrecht		1	1	1			3		1500	2500	1250			5250		500	1200	300			2000
Vryheid	2	2	23	9	6	2	44	400	5135	36017	10965	8200	5650	65967	100	1550	9050	2825	2950	2500	18975
Waterberg	6	1	5	2	2	1	17	6700	600	7300	3200	1275	1000	21475	1900	100	1600	1150	3400	300	5450
Zeerust		16		4			20		23705		5000			28705		6590		1565			8165
Zoutpans- berg		4	4		6	3	17		3450	6300		5300	2450	17500		1400	2125		1500	600	5625
Carolina			2	1		1	4			9326	1800		3000	14126			3200	175		700	4075
Johannesburg			4	4	8	1	17			33000	19750	75410	1200	126360			7500	7900	24400	550	40350
Marico	7		12		9		28	1850		10000		14900		43400	6350		2330		3580		12260
Standerton			2			1	3			2875			7000	9875			525			2000	2525
Christiana				1			1				2000			2000				350			350
Pietersburg				1			1				850			850				250			250
Krugersdorp				1	7	9	17				1000	25100	35700	61800			300	6950	10350	17600	
Wolmaranstad					3	2	5					4100	1700	5800					1100	550	1650
	43	122	120	60	117	63	525	99875	194053	228376	99315	451238	159590	1232447	35360	60080	65115	31435	154990	48410	395390

(1) (T.V.R. 442-93 T.V.R. 31-97 T.V.R. 45-95  
(T.V.R. 39-98 T.V.R. 16-96 T.V.R. 21-94.

Die 125<sup>e</sup> verband was toegeken op 'n plaas en dorpselendom  
gesamentlik vir £200 en met 'n getakseerde waarde van  
£550.

	Aantal Verbande gegee			Getakseerde Waarde			Bedraes Toegeken		
	Plaas	Dorp	Totaal	Plaas	Dorp	Totaal	Plaas	Dorp	Totaal
Bloemhof	5	-	5	6900		6900	2800	-	2800
Pretoria	8	24	32	10700	42570	53270	3610	14815	18425
Rustenburg	17	4	21	14150	3300	17450	5160	1465	6625
Marico	3	-	3	3800		3800	1100		1100
Waterberg	3		3	3300		3300	1115		1115
Potchefstroom	5	2	7	6225	1750	7975	1590	300	1890
Ermelo	2	1	3	6000	2100	8100	2000	650	2650
Lichtenburg	9	7	16	8400	3825	12225	2485	730	3215
Middelburg	1	3	4	300	1800	2100	120	525	625
Utrecht	1		1	900		900	300		300
Triet Retief	1		1	400		400	120		120
Lydenburg	1		1	2000		2000	600		600
Standerton	1		1	4000		4000	600		600
Vryheid	3	2	5	3375	1650	5025	550	550	1100
Krugersdorp	7	2	9	9943	4450	14393	3225	1500	4725
Martinus Wessel Stroom	1	1	2	60	650	710	20	150	170
Carolina	1		1	3000		3000	150		150
Lydenburg & Middelburg	1		1	4200		4200	1400		1400
Klerksdorp		4	4		2950	2950		1025	1025
Zeerust		1	1		1200	1200		400	400
Belfast		1	1		600	600		250	250
Nylstroom		1	1		360	360		150	150
Ermelo & Pretoria		1	1		2000	2000		1000	1000
Totaal.....	70	54	124	57653	69205	156858	26925	23510	50435

Verbande toegeken deur die Weskamer

BYLAE III

BYLAE IV.
SOM VAN BYLAE I, II EN III.

DISTRİK	AANTAL VER- BANDE				WAARDE VAN VERBAN- DE			
	AMORTISASIEFONDS	POSSPAARBANK	WEESKAMERFONDS	TOTAAL	AMORTISASIEFONDS	POSSPAARBANK	WEESKAMERFONDS	TOTAAL
Barberton		1		1		100		100
Bloemhof	35	29	5	69	10470	17375	2800	30645
Ermelo	4	11	3	18	2350	16900	2650	21900
Heidelberg	5	11		16	2850	18030		20880
Lichtenburg	35	30	16	81	7070	7505	3215	17790
Lydenburg	8	43	1	52	3980	28245	600	32825
Middelburg	28	22	44	54	8137	19470	625	28232
Piet Retief	9	13	1	23	1530	3375	120	5025
Potchefstroom	19	48	7	74	7170	20335	1890	29395
Pretoria	43	122	32	102	18281	137530	18425	174236
Rustenburg	44	18	21	83	9796	7250	6625	23671
Utrecht	4	3	1	8	1300	2000	300	3600
Vryheid	7	44	5	56	4050	18975	1100	24125
Waterberg	24	17	3	44	8198	5450	1115	14763
Zeerust		20	1	21		8165	400	8565
Zoutpansberg	13	17		30	3880	5625		9505
Carolina		4	1	5		4075	150	4225
Johannesburg		17		17		40350		40350
Marico	17	28	3		48	7870	12260	
Standerton	11	3	1	15	2250	2525	600	6375
Christiana		1		1		350		350
Pietersburg		1		1		250		250
Krugersdorp		17	9			17600	4725	22325
Wolmaranstad		5		5		1650		1650
Martinus								
Wessels			2	2			170	170
Klerksdorp			4	4			1025	1025
Belfast			1	1			250	250
Nylstroom			1	1			150	150
<b>TOTAAL</b>	<b>316</b>	<b>525</b>	<b>122</b>	<b>963</b>	<b>99182</b>	<b>395390</b>	<b>48035</b>	<b>542607</b>

BYLAE V.

KLERKLIKE HULP AAN ARMES.

Gemeente	1894	1895	1896	1897	1898	TOTAAL.
Potchefstroom	31.10. 0	40.15. 0	75. 0. 0	76. 5. 0	107.17. 6	331. 7. 6
Lydenburg	1. 0. 0	10.10. 0	147.11. 0	5.17. 6	8. 5. 0	173. 3. 6
Soutpansberg					1. 0. 0	1. 0. 0
Pretoria	37. 6. 0	39. 0. 6		353.11. 6	469.17. 9	899.15. 9
Utrecht	10. 2. 3	2. 0	5.11. 0	13. 7. 9	1. 6. 6	25. 9. 6
Nylstroom	12. 0. 0	14.13. 0		6. 0. 0	8. 0. 0	40.13. 0
Wakkerstroom	2. 0. 0				5. 0. 0	7. 0. 0
Klerksdorp			4.10. 0	23.10. 0	37. 0. 0	64. 0. 0
Johannesburg	4. 0. 0	20. 8. 6		21. 8. 6	13. 0. 0	58.17. 0
Heidelberg	2. 0. 0	15. 0. 0	7.10. 0	7.10. 0	15.10. 0	48.10. 0
Middelburg	38.10. 6	47.17. 6		50.16. 0	56.14. 0	193.18. 0
Ermelo	1. 0. 0	1. 0. 0		23.10. 0	29. 0. 0	54.10. 0
Lichtenburg	30.10. 0	44. 0. 0	47.15. 0	40.15. 0	56. 0. 0	219. 0. 0
Standerton	12. 0. 0	22. 0. 0		21. 0. 0	19. 0. 0	74. 0. 0
Eloemhof	6.10. 0	6. 0. 0	4. 0. 0	15.10. 0	14. 0. 0	46. 0. 0
Roos Senekal		5.10. 0		2.16. 9	3.15. 0	12. 1. 9
Vryheid	5. 5. 0	4.12. 9	5.10. 0	20. 0. 0	12. 0. 0	47. 7. 9
Piet Retief		2. 0. 0			3. 0. 0	5. 0. 0
Amersfoort	10. 0. 0	2. 0. 0	6. 5. 0	9.10. 0	15.13. 0	43. 8. 0
Bethal	17. 0. 0	4. 0. 0			10. 0. 0	31. 0. 0
Rustenburg		7. 0. 0	8.10. 0	35. 5. 0	67. 0. 0	117.15. 0
Krugersdorp	4. 0. 0	8. 0. 0	51. 5. 3	49.14. 9	75. 3. 0	188. 3. 0
Carolina	3.10. 0	8. 0. 0		10.15. 0	20. 0. 0	42. 5. 0
Langlaagte					4.16. 0	4.16. 0
Boksburg			20.10. 0	15.10. 0	9. 3. 3	45. 3. 3
Fordsburg				55. 7. 6		55. 7. 6
Johannesburg Oos				5. 0. 0	13. 3. 0	18. 3. 0
Jeppestown					3.15. 6	3.15. 6
Christiana					10. 0	10. 0
Ventersdorp	9. 0. 0	11. 5. 0	12. 0. 0	12. 0. 0	15. 0. 0	59. 5. 0
Zeerust	3.10. 0	9.10. 0	9. 3. 0	11.18. 0	14.16. 0	48.17. 0
Hartbeesfontein	2. 0. 0	1. 0. 0	24. 0. 0	10.10. 0	18.13. 6	56. 3. 6
Makwasi	6. 0. 0	13. 0. 0	19. 0. 0	27.10. 0	16. 0. 0	81.10. 0
Schweiser Reyneke	9. 0. 0	12. 0. 0	14. 0. 0	8.10. 0	20.10. 0	64. 0. 0
Totaal	257.13. 9	349. 4. 3	462. 0. 3	913. 8. 3	1164. 9. 0	3146.15. 6



(1) Staatsalmanak 1898 p.36.

Distrik	Mans		Vrouens		Totaal		Stemgeregtige Mans in 1890.	Dienspligtige Mans in 1890	Verhouding van Landbou en vee teel teenoor die Ander.
	1890	1898	1890	1898	1890	1898			
Barberton		3500		2900		6400			
Bloemhof	1939	2000	1679	1600	3618	3600	219	994	637-13
Boksburg		3200		2100		5300			
Carolina		2500		1200		3700			
Ermelo	2083	2700	1783	1850	3866	4550	378	1073	788-24
Heidelberg	4137	5770	3337	2050	7474	7820			
Johannesburg	8446	32387	4668	18520	13114	50907			
Johannesburg omgewing		4000		2500		6500	920	9255	144-492
Krugersdorp	1037	10500	525	9950	1562	20450			
Lichtenburg	2335	3500	2082	3000	4417	6500	593	1137	830-18
Lydenburg	4542	1500	3184	1250	7726	2750	705	2753	997-118
Marico	2633	3500	2302	3000	4935	6500	561	1297	822-9
Middelburg	3917	5500	3398	4000	7315	9500	1027	1868	1277-5
Piet Retief	481	600	412	560	893	1160	129	231	150-1
Potchefstroom	9915	12600	8298	12300	18213	24900	1854	5465	2372-92
Pretoria	8130	15700	6484	14600	14614	30300	1466	4750	1975-324
Rustenburg	5062	5600	4540	5000	9602	10600	1591	2389	2117-15
Standerton	2876	3800	2523	3750	5399	7550	843	1427	990-4
Utrecht	1076	1750	991	1100	2067	2850	238	563	411-5
Vryheid	1793	2640	1555	2520	3348	5160	688	869	621-25
Wakkerstroom	2251	6000	2010	5700	4261	11700	434	1149	817-5
Waterberg	1113	2600	923	2300	2036	4900	305	568	409-16
Wolmaranstad		1600		1500		3100			
Soutpansberg	2732	4500	1936	4200	4668	8700	488	1590	620-54
Totaal	66498	137947	52630	107450	119128	245397	12439	37378	17340-1476

BEVOLKINGSSYFER VAN DIE REPUBLIEK IN 1898.

BYLAE VI (1)

BYLAE VII
PRETORIASE MARKPRYSE.

 (a) Die Produktemark. (1)

Produk	1889	1890	1893	1898
Aardappels	39/6	10/-	18/-	
Botter per lb.	2/6	3/6	2/4	
Eiers per dosyn	2/6	3/6	3/-	1/9- 2/1.
Hoenders per stuk	2/-		2/-	3/4- 4/7.
Mielies per sak	21/-	33/-	15/6	21/9-23/6.
Varke per stuk	60/-	£4.0.0	£5.5.0	68/-
Boermeel per sak			30/-	20/-
Osse per stuk		210/-		
Ganse		5/-	3/-	
Eende				4/1- 4/10.

(1) (D.V.S. 4.7.89  
 (D.V.S.17.2.90  
 (D.V.S.29.4.93  
 (D.V.S.12.10.98.

 (b) Kruideniersware in 1897. (2)

Suiker  $3\frac{1}{2}$ d. per lbs.  
 Kerse 6d. per 16 ons pakkie  
 Koffie 10d. per lbs.  
 Tee 1/- per lbs.  
 Golden Syrup 2/6 per 3 lbs. blik  
 Sardines 3 blikkies vir 1/-  
 Ham 1/3 per lbs.  
 Ingevoerde spek 1/- per lbs.

(2) D.V.S.10.5.97.

BYLAE IX<sup>(1)</sup>
DIE RUNDERPES.

Distrik	Aantal Bee- ste dood.	Aantal Bee- ste doodge- maak.	Aantal Bee- ste Gesond.	Aantal Bee- ste onaan- getas.
Pretoria	68076	1544	28587	10940
Klerksdorp	23309		4035	130
Potchefstroom	34537	717	17218	7751
Lichtenburg	24000	1783	8340	2057
Rustenburg	101020	3425	20000	32000
Utrecht	10000		2000	
Middelburg	34277		6103	22209
Martinus Wessel Stroom	60236	9000	9493	40128
Wolmaranstad	28025	1467	4000	9839
Vryheid	35000	10000	25000	45000
Barberton	1466	154	3868	1043
Krugersdorp	1720	16	163	1000
Boksburg	4700	120	3500	300
Zeerust	20000	6000	5000	5500
Christiana	50300	630	12000	1000
Pietersburg	225000	1000	35000	Geen Opgawe
Johannesburg	1862	134	324	2724
Piet Retief	12000		1500	18000
Nylstroom	35000	5000	5000	5000
Lydenburg	6480	1006	5216	11000
Carolina	5000		1500	5000
Standerton	20000	1000	10000	Geen Opgawe.
Swasiland	25000	29	3000	Geen Opgawe.
Ottoshoop	20	1	20	
Volkswust	325		65	Geen Opgawe
Bloemhof	13000	200	300	Geen Opgawe
Ermelo	24000		6000	Geen Opgawe.
Heidelberg	26660		6600	6600
Totaal	941013	43226	223832	227221.

(1) S.S.1174 R.2433-96.

BYLAE X.

VERWYSINGSPLEKKE VIR INDIWIDUELE ARMOEDE.

- R.-262, 381, 405 - 81: R.196-82 : R.153-84 R.843, 3919,  
 4153, 4923, 6265-88.
- R.1796, 2263, 3137, 4423, 5351, 6753, 7358, 7406, 8205,  
 8715, 11168, 11981, 12737-89.
- R.3377, 9085, 7323, 7900, 7983, 7984, 8001, 9275, 9428,  
 10402, 1285, 14460-90. R. 4732-93.
- R.233, 511, 6347, 6721, 7130, 7131, 7211, 7663, 8556,  
 9513, 9543-94.
- R.1727, 1957, 3469, 4997, 5052, 5115, 5413, 7801, 10990,  
 11331-95.
- R.196, 8781, 8965, 9232, 9670, 9737, 9746, 10099, 10513,  
 11027, 571, 4172, 4203, 4549, 8406, 8453, 9232-96.
- R.114, 470, 541, 619, 1428, 1457, 2599, 5719, 5779,  
 5883, 6052, 6139, 6988, 7002, 7274, 7846, 7960, 8103  
 8127, 8152, 8209, 9515, 9595, 10031, 10033, 10266,  
 10565, 10596, 10718, 11125, 11181, 11258, 11303, 11540  
 11540, 11697, 12024, 12054, 12098, 12497, 12674, 13294,  
 13310, 13356, 14147, 14167, 14834, 14836, 14940, 15176,  
 15182, 15231, 15271, 15333, 15382, 15430, 15468, 15560,  
 15578, 15674, 15724, 15926, 15937, 15939, 16158, 16258,  
 16364, 16436, 16656, 16672, 16755, 16771, 16921, 16958,  
 17216, 17338, 17342, 17490, 658, 660, 6225, 6378,  
 6565, 10106, 11217, 13016, 15228-97.
- R. 265, 288, 1388, 1462, 1815, 1905, 1994, 2163,  
 2447, 2909, 2965, 3226, 3374, 3478, 4483, 4503,  
 4814, 4838, 6807, 6817, 7441, 7557, 7610, 7963,  
 8051, 8568, 8888, 8926, 8944, 9239, 9313, 9513,  
 9549, 9771, 9886, 10037, 10215, 10648, 12118, 12237,  
 12413, 12524, 12929, 13228, 13250, 13300, 14058, 14131,  
 14171, 14184, 14378, 14399, 14435, 14436, 14494, 14532,  
 14601, 14625, 14984, 15045, 15105, 15528, 15786, 15956,  
 16066, 16144, 163258, 16620, 16894, 17125, 1595, 1597,  
 2867, 2931, 9275, 12205, 17021 - 98.
- R.A. 5984, 6001 - 98.
- R. 65, 82, 136, 140, 273, 243, 551, 555,  
 560, 615, 682, 865, 908, 958, 963, 898,  
 991, 1044, 1150, 1185, 1186, 1202, 1237, 1264,  
 1328, 1329, 1336, 1358, 1427, 1430, 1456, 1556,  
 1564, 1572, 1583, 1584, 1588, 1602, 1603, 1607,  
 1619, 1713, 1733, 1741, 1762, 1768, 1781, 1783,  
 1797, 1799, 1800, 1856, 1873, 1882, 1893, 1917,  
 1938, 1976, 2036, 2099, 2152, 2175, 2182, 2184,  
 2196, 2204, 2218, 2239, 2252, 2254, 2267, 2273,  
 2283, 2329, 2356, 2392, 2433, 2549, 2557, 2566,  
 2632, 2646, 2725, 2817, 2829, 2845, 2893, 2958,  
 2965, 2997, 3081, 3085, 3102, 3149, 3194, 3197,  
 3277, 3278, 3303, 3305, 3490, 3518, 3666, 3776,  
 3954, 4153, 4848, 4890, 5062, 5224, 5594, 5622,  
 5804, 5818, 5828, 6199, 6201, 6285, 6610, 6682,  
 6705, 6754, 6806, 6903, 6905, 7001, 7096, 7146,  
 7166, 7443, 7532, 7652, 7671, 7778, 7799, 8402,  
 9216, 9897, 10573, 11411, 11664, 12357, 12523, 12686,  
 12752, 12775, 12779, 12814, 12959, 13012, 13058, 13110,  
 13129, 13163, 13168, 13292, 13457, 13484, 13487, 13589,  
 13603, 13623, 13645, 13649, 13723, 13733, 13741, 13767,  
 13805, 13918, 13952, 13993, 14034, 14036, 14082, 14115,  
 14210, 14272, 14275 - 99.
- R. 3334, 3349, 3378, 890, 2095, 3445, 3450, 3543,  
 3554, 3604, 3683, 3721, 3735, 3763, 3774, 3919,  
 3963, 4011, 4061, 4063, 4070, 4119, 4122, 4136,  
 4194, 4219, 4222, 4227, 4238, 4258, 4257, 4262,  
 4270, 4289, 4300, 4305, 4311, 4330, 4380, 4382,

4413, 4483, 4538, 4541; 4563, 4566, 4579, 4583,  
4590, 4613, 4636, 4661, 4663, 4674, 4680-00.

En die volgende Eerste Volksraadsbesluit:

1882: Art.14, 227.  
1884: - 182  
1885: - 1128, 1206.  
1887: - 490, 543, 1147, 1229, 523.  
1888: - 191, 392, 401.  
1889: - 29, 564, 948, 461, 501, 514.  
1890: - 457.  
1891: - 618, 622.  
1892: - 496, 796, 800, 801, 1027.  
1894: - 1107, 1131, 1132.  
1895: - 51209, 304, 425, 706, 709, 711, 754, 1405.  
1896: - 158, 1266, 1850.  
1897: - 930, 1078.  
1898: - 793.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERK.

1. A.J. BOUWER: De Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika. Overgedrukt uit Neerlands Welvaart 1918.
2. DR. H. BLINK: Transvaal en de omliggende Landen, Uitgegeven met medewerking van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereniging-Amsterdam, J.H. de Bussy 1889.
3. J.J. TEN HAVE: Transvaal, Eene schets van Zuid-Afrika, in 't byzonder van de Zuid-Afrikaansche Republiek en de Oranje Vrystaat - 's Gravenhage Thema 1899.
4. W.J. KNOX LITTLE: Sketches and Studies in South Africa. London 1899.
5. A. SEIDELL: Transvaal, die Süd-Afrikanisches Republik-Historisch, Geographisch, politisch, wirtschaftlich dargestellt - Berlin 1898.
6. THOS. BURGERS: „Schetsen uit de Transvaal" - opnuut uitgegee en van aantekeninge voorsien deur Dr. S.P. Engelbrecht - Pretoria, J.H. de Bussy 1934.
7. ROWLAND ATCHERLEY: A Trip to Boerland, or a Year's travel, Sport and Gold-digging in the Transvaal and Natel. - London 1879.
8. S.W. SILVER AND CO'S: Handbook to the Transvaal, British South Africa; its natural features, industries, population and Gold Fields - London 1877.
9. JOHN DE VILLIERS: The Transvaal - London 1896.
10. J.P. FITZPATRICK: The Transvaal from within. A private record of public affairs - London, William Heinemann 1889.
11. HOWARD C. HILLEGAS: Oom Paul's People, a Narrative of the British-Boer troubles in South Africa, with a History of the Boers, the Country and its institution - New York, Appleton 1899.
12. E.H.D. ARNDT: Banking and currency development in South Africa (1652-1927) with an appendix on the rise of savings banking in South Africa - Cape Town, Johannesburg - Juta 1928.
13. MARTIN J. BOON: The immortal History of South Africa, the only truthful political, colonial, local, domestic, agricultural, theological, national, legal, financial and intelligent history of

men, women, manners and facts of the Cape Colony, Natal, the Orange Free State, Transvaal and South Africa - London Reeves 1885.

14. C.J. VAN DER LOO: De Geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) aan het volk vertelt, bevattende tevens eene beknopte beschrijving van het land zyne voortbrengselen en bewoonders; mededeelingen over het onderwys, den Godsdienst en regeringsvorm in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Zwolle, Van der Vegt en Mekler. 1896.
15. J. RAMSAY MACDONALD: What I saw in South Africa - September and October 1902 - London "The Echo" St. Birds Street E.C.
16. PHILIP R. BOTHA: Die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, Keizersgracht 471, 1926.
17. DR. W.J. LEYDS: De Eerste Annexatie van de Transvaal - Amsterdam, Allert de Lange 1906.
18. GEORGE M. THEAL: History of South Africa. Vol VII-XI. London: George Allen & Unwin Ltd. Ruskin House, 40 Museum Street, W.C.1.
19. J.D. KESTELL: Die Voortrekkers - 'n Kort Geskiedverhaal. J.H. de Bussy, Pretoria - 1926.
20. D.W. KRUGER: Die weg na die see - Met besondere verwysing tot die verhouding tussen die Boere en Portugese aan die Oos-kus van Afrika 1837-77 - Ongepubliseerde proefskrif.
21. Die Armbanke-vraagstuk in Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie-kommissie.  
Deel I Ekonomiese Verslag:  
Plattelandse Verarming en plaasverlating.  
J.F.W. Grosskopf.  
Deel III Onderwys Verslag:  
Onderwys en die Armbanke.  
E.G. Malherbe.  
Deel V Sociologiese Verslag:  
(a) Die Armbanke en die Maatskappy.  
J.R. Albertyn  
Stellenbosch: Pro ecclesia-drukkery, Die Laan, 1932.